# God van die Verbond

**Gerrie C Coetzee**

As u sekere dele van hierdie boek as lering wil gebruik of vir mense gee,
is u welkom om onveranderde kopieë te maak van dié dele,
met die verstaan dat geen deel hiervan verkoop mag word nie.
Dit is beskikbaar vir gebruik in die
Koninkryk van God.

Wees asseblief so gaaf en laat weet ons daarvan.
Die E-Pos adres en Kopiereg kennisgewing moet dit vergesel.

gerrie@padwlewe.ch
www.padwlewe.ch

© Kopiereg deur Gerrie C Coetzee
**Die 3de druk**

Lees ook die volgende boek:

Feeste van die Verbond

Also available in English as:
God of the Covenant
Feasts of the Covenant

ISBN No. 978-0-620-51298-5

Gedruk deur:

As u ’n probleem het met die gebruik van die woord “God”,
nooi ek u om eers Bl 42 punt 5.1 te lees.

## Name van die Bybelboeke en afkortings vir teksverwysings

**Die Wet:**

| | |
|---|---|
| Genesis | - Gen |
| Eksodus | - Eks |
| Levitikus | - Lev |
| Numeri | - Num |
| Deuteronomium | - Deut |

**Die Profete:**

| | |
|---|---|
| Y'hoshua (Josua) | - Y'ho |
| Rigters | - Rig |
| Sh'mu'el (Samuel) | - 1 Sh'm |
| | - 2 Sh'm |
| Konings | - 1 Kon |
| | - 2 Kon |
| Yesha'yahu (Jesaja) | - Yes |
| Yirmeyahu (Jeremia) | - Yir |
| Yegezk'el (Esegiël) | - Yeg |
| Hoshea (Hosea) | - Hos |
| Yo'el (Joël) | - Yo' |
| `Amos (Amos) | - `Am |
| `Ovadyah (Obadja) | - `Ov |
| Yonah (Jona) | - Yon |
| Mikhah (Miga) | - Mik |
| Nagum (Nahum) | - Nag |
| Havakuk (Habakuk) | - Hav |
| Tz'fanyah (Sefanja) | - Tz'f |
| Hagai (Haggai) | - Hag |
| Z'kharyah (Sagaria) | - Z'kh |
| Mal'akhi (Maleagi) | - Mal |

**Die Geskrifte:**

| | |
|---|---|
| Psalms | - Ps |
| Spreuke | - Spr |
| Iyov (Job) | - Iyo |
| Lied van Liedere (Hooglied) | - LvL |
| Rut | - Rut |
| Klaagliedere | - Kla |
| Prediker | - Pre |
| Ester | - Est |
| Dani'el (Daniël) | - Dan |
| `Ezra (Esra) | - `Ez |
| Negemyah (Nehemia) | - Neg |
| Kronieke | - 1 Kro |
| | - 2 Kro |

**Die Nuwe Verbond Geskrifte:**

| | |
|---|---|
| Mattityahu (Mattheus) | - Mat |
| Markos (Markus) | - Mar |
| Luka (Lukas) | - Luk |
| Yoganan (Johannes) | - Yog |
| Handelinge | - Hand |

**Die Briewe:**

| | |
|---|---|
| Romeine | - Rom |
| Korinthiërs | - 1 Kor |
| | - 2 Kor |
| Galasiërs | - Gal |
| Efesiërs | - Efe |
| Filippense | - Fil |
| Kolossense | - Kol |
| Thessalonisense | - 1 Thes |
| | - 2 Thes |
| Timotheos (Timotheus) | - 1 Tim |
| | - 2 Tim |
| Titos (Titus) | - Tit |
| Filemon | - File |

**Algemene briewe:**

| | |
|---|---|
| Hebreërs | - Heb |
| Ya'akov (Jakobus) | - Ya'a |
| Kefa (Petrus) | - 1 Kef |
| | - 2 Kef |
| Yoganan (Johannes) | - 1 Yog |
| | - 2 Yog |
| | - 3 Yog |
| Y'hudah (Judas) | - Y'hu |
| Openbaring | - Open |





## Inhoudsopgawe vir God van die Verbond


| | Onderwerp | Bladsy |
|---|---|---|
| 1 | Inleiding | 2 |
| 2 | Die Naam van God - יהוה- Yahuah | 4 |
| 3 | Die Sh'ma | |
| 3.1 | Sh'ma | 5 |
| 3.2 | Yisra'el | 8 |
| 3.3 | Yahuah | 10 |
| 3.4 | Eloheinu - Yahuah ons God | 12 |
| 3.5 | יהוה-Egad - Yahuah is Een | 14 |
| 4.1 | Die Enigste Skepper-God | 16 |
| 4.2 | יהוה-Elyon - Yahuah die Allerhoogste | 18 |
| 4.3 | יהוה-Megaddeshkem - Yahuah wat my afsonder | 19 |
| 4.4 | יהוה-Nèsi - Yahuah my Banier | 22 |
| 4.5 | יהוה-Rafah - Yahuah wat jou gesond maak | 23 |
| 4.6 | יהוה-Ra'ah - Yahuah my Herder | 29 |
| 4.7 | יהוה-Shalom - Yahuah van Vrede | 32 |
| 4.8 | יהוה-Shamah - Yahuah is hier | 35 |
| 4.9 | יהוה-Tzva'ot - Yahuah van die hemelse leërmag | 36 |
| 4.10 | יהוה-Tzidkenu - Yahuah ons Onpartydige en Opregte | 38 |
| 4.11 | יהוה-Yireh - Yahuah my Voorsiener | 40 |
| 4.12 | יהוה-Tzuri - Yahuah die Rots | 41 |
| 5 | Eloha / Elohim - God | 42 |
| 6 | El-met kombinasies | 43 |
| 7 | Koning | 45 |
| 8 | Adonai - my Meester | 49 |
| 9 | God-die-Vader | 51 |
| 10 | Die Onveranderlike | 55 |
| 11 | Alleswetende, Alomteenwoordige | 57 |
| 12 | Liefde | 60 |
| 13 | Gees van God | 61 |
| 14 | Nog Karaktertrekke | 62 |
| 15 | God van my Redding | 63 |
| 16 | Naam van Yeshua | 64 |
| 17 | **Deel 2** - Die Verbond | 73 |
| 17.1 | Adam | 78 |
| 17.2 | Noag | 81 |
| 17.3 | Avraham | 83 |
| 17.4 | Yitz'gak (Isak) | 86 |
| 17.5 | Ya'akov (Jakob) | 87 |
| 17.6 | Yisra'el | 89 |
| 17.7 | Dawid | 96 |
| 17.8 | Die Nuwe, herstelde verbond | 97 |
| 18 | Tekens van die verbond | 105 |
| 19 | In Woord en praktyk | 108 |
| 20 | Samevattend | 123 |
| 21 | Erkenning | 232 |
| 22 | Feeste van die Verbond | 123 |

# 1. Inleiding

**Lees asb. P 42 oor die woord "God".**

In die begin van hierdie skeppingstydperk waarin ons leef, het die enigste Lewende God, יהוה, die hemele, die aarde en alles wat daarop is geskep; insluitend die mens, waarmee Hy 'n verbond gesluit het en dit vir ons in Sy Woord opgeteken het. **Wie is hierdie God wat met die mens 'n verbond kom sluit het?** Is daar ander soos Hy? **Wat is hierdie verbond?** Wat is die gevolge as ek Hom nie ken en Sy Verbond met my nie eerbiedig nie? Met wie is my verbond as ek hierdie God se Karakter dan nie ken nie?

Ons gaan die Boodskap van יהוה bestudeer en by Hom leer. As 'n vers nie inpas of saamstem met ons teologie of lering nie, moet ons teologie verander. Die Geskrewe Boodskap en sy betekenis is al so baie verdraai omdat ons dit op een of ander manier by die teologie moet laat inpas. NEE. Die Skrif is waar en ons teologie, gebruike en lewe moet daarby aanpas. Niemand kan יהוה ten volle verstaan nie, tog openbaar Hy Homself aan ons. Ek moet jou vra: Is jy bereid om Sy Geskrewe Boodskap as die absolute en enigste waarheid te glo en te aanvaar? Dan alleen kan ons van Hom leer en die waarheid uitvind! Aanbid en dien ons Hom volgens Sy Karakter, wil en Outoriteit? Anders gesê: Aanbid ons die Enigste, Ware, Skepper-God met die Naam Yahuah (יהוה)? Wil ons? Dan kan Hy ons leer!

יהוה ís die Magtige met Outoriteit oor ons (God); daarom moet ons Hom hoog ag en gelukkig wees en moet ons verheug wees in al Sy eienskappe en in Sy Karakter en in Sy verhouding met ons. Ons ganse begeerte moet na Hom wees, ons vreugde moet in Hom wees, ons afhanklikheid moet van Hom wees en aan Hóm moet ons ten volle oorgegee wees. Dit moet vir ons 'n volgehoue plesier wees om aan Hom te dink, van Hom af te hoor, met Hom te praat en Hom te dien en te gehoorsaam. Slegs hulle wat deel het aan Sy Verbond kan op redding hoop.

Ons moet Hom liefhê:

1. as Meester, Outoriteit en Heerser oor alles.
2. as die Een wat deur ons aanbid word. 'n God in verbondsverhouding met ons.
3. as ons Vader en Sy Seun as ons beste Vriend en Broer **- Mat 12:50**.
4. met ons hele verstand, wil en emosie; met ons gees; met ons aksies en dade deur ons liggaam en lewenswyse.





5. met 'n opregte liefde **-** in waarheid deur gehoorsaamheid.
6. met 'n sterk en volhardende liefde.
7. met 'n allesinsluitende, volkome, liefde **-** niks mag uitgesluit of teruggehou word nie.
8. met 'n groter liefde as vir enige iets anders en niks liefhê anders as deur Sy liefde nie.
9. met intelligente liefde **-** nie blind nie, maar in vertroue en 'n vaste wete wie Hy is; daarom moet ek Hom KEN ('n verbondsverhouding hê).

Deur hierdie studie, gee ons vir u die geleentheid om 'n stappie nader te kom aan Sy volmaaktheid, om Hom só te ken en lief te hê. Bestudeer elke vers en toets alles aan Sy Geskrewe Woord - steeds ons enigste standaard.

Moenie dat die Name wat ons gebruik vir jou vreemd wees nie. Die beste voorbeeld is die naam van Yeshua (Y'shua) **-** hier gebruik ek glad nie die Griekse transliterasie nie aangesien dit betekenisloos is en aanleiding gegee het tot die betekenislose Latynse transliterasie, wat die bron van die Engelse en ander verkeerdelike en eweneens betekenislose transliterasies is. Hierdie transliterasies (soos Jesus) **sal ons nooit slegpraat nie**, aangesien die persone wat dit gebruik 'n verwysing in hulle gees het na die regte persoon, nl. Yeshua, van Natzeret, die Seun van God. Dit is jou besluit wat jy gebruik, sonder om ander, wat anders besluit, te oordeel. In die Aramese oorspronklike Nuwe Verbond is dit ישוע **-** Yeshua. **Sien Bl. 65**.

Die enigste lewende God se persoonlike Naam is יהוה (YHWH) **-** YAHUAH. Jy kan dit lees soos dit vir jou gemaklik is of as Yahuah (volgens ons die mees korrekte uitspraak), maar dit is die enigste manier waarop ons Sy persoonlike Naam, soos aan Mosheh verklaar, weergee **- Eks 3:14.**
**Dit is Sy persoonlike Naam en kan nie met enige iets vervang word nie.**

Mag die Shekinag Teenwoordigheid van יהוה by jou wees en mag ons Hom ken = met Hom 'n verbondsverhouding hê.

Alle Skrifverwysings kom uit "Die Pad van Waarheid tot die Lewe."
'n Afrikaanse vertaling vanuit die Aramese en Hebreeuse oorspronklike, behalwe as anders aangeteken is.

Let op dat alle Hebreeuse en Aramese woorde van regs na links gelees word.

Gerrie C Coetzee gerrie@padwlewe.ch

# 2. Die Naam van die Enigste Lewende God

**Of - die Karakter en Outoriteit van God**

Om die God van die Verbond te leer ken, kan ons kyk hoe Hy Homself openbaar deur Sy Naam, wat Sy Karakter en Outoriteit verklaar.

Sy Naam is: יהוה- (**YAHUAH) in Hebreeus** en word meer as 7000 keer in die Bybel gebruik. 6800+ keer in die Tanakh en 250+ keer in die NV. **MARYAH** ܡܪܝܐ of מר־יא word in die Aramese Tanakh en Nuwe Verbond gebruik vir Sy Naam **(Meester Yah)** en is identies aan יהוה (**YAHUAH),** net 'n respekvolle vorm om nie die Naam vol uit te skryf nie.

Baie beweer dat niemand meer die regte uitspraak van die Naam van die Vader, **Yahuah**, ken nie en dat dit verlore gegaan het. Dit is nie waar nie. Elkeen wat Hebreeus kan lees ken dit, maar sal dit nooit uitspreek nie en **vervang die Naam** met ander woorde soos Elohim (God), Adonai (Meester), Ha Shem (Die Naam) of G_D. Sy persoonlike Naam kan egter nooit vervang word met vae verwysings nie. Hy is die enigste Magtige wat oor ons heers - met die Naam, יהוה.

**(Ons gaan nie hier bewyse vir die Naam gee nie - ek beveel aan: "Die geheime name van God" deur Dr. Jan de Beer.)**

**Ken, verstaan en vertrou jy dié Naam?**

**Spr 30:4b** "Wie het al die grense van die aarde vasgestel? Wat is Sy Naam en wat is die Naam van Sy Seun, as jy weet?"

Ons gaan probeer om hierdie baie belangrike vrae vir jou te beantwoord.

Farao het gesê hy ken Hom nie (**Eks 5:2**) en sal daarom ook nie gehoor gee aan wat Hy sê nie. Dit is my vermoede dat die meeste mense Hom nie ken nie en dus nie sal, of wil, luister na wat Hy sê nie. Selfs "Christene" se ongehoorsaamheid spruit uit hulle onkunde van die enigste Ware, Lewende God, יהוה en Sy Karakter en is Hy nie die Magtige wat heers oor hulle nie. Hy belowe dat ons Hom persoonlik kan KEN **(Mat 11:27; Yog 14:7; 1 Yog 5:20)** - daardie woord beteken eintlik dat ons met Hom 'n **verbondsverhouding** kan hê!! Dit is belangrik, want Hy wys hulle wat Hy nie geKEN het nie, weg van die deur van die Koninkryk, **Mat 25:12; Luk 13:25**. Die wêreld sal die kinders van God vervolg omdat hulle Hom nie KEN nie – **Yog 16:3.**
Dit is van **ewige lewensbelang** om Hom te KEN - 'n verbondsverhouding met Hom te hê. Dit is wat ware redding beteken!!





# 3. Die Sh'ma - Deut 6:4

Op die vorige bladsy het ons **Deut 6:4** aangehaal met die akkurate Afrikaanse weergawe van die betekenis. Ek wil hê jy moet saam met my die diepte van die betekenis van hierdie teks en sy implikasies bestudeer:

שְׁמַע יִשְׂרָאֵל יהוה אֱלֹהֵינוּ יהוה אחד

"Sh'ma Yisra'el Yahuah Eloheinu Yahuah egad."

"Hoor, luister en doen oor wie Hy heers as Magtige God (Yisra'el), Yahuah is ons God, Yahuah is Een."

Ek moet begin by die feit dat hierdie nie 'n tydgebonde verklaring deur יהוה is nie - **dit is 'n ewige feit**. Dit is ook nie aan net 'n groepie gemaak nie - dan het dit geen waarde nie - **dit is vir almal.** Ja, dit is vir jou bedoel, met al Sy beloftes! Dit is ook nie 'n keuse of stelling nie, maar deel van die **verbond, wette en opdragte van God**. Toe een van die leraars van die wet aan Yeshua vra: "Watter een is die eerste opdrag van almal?" **(Mar 12:28-31)**, het Hy geantwoord "Die eerste van al die opdragte is: 'Hoor, luister en doen Yisra'el, יהוה is ons God, יהוה is Een' en: 'jy moet יהוה, jou God, liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie; vanuit jou hele gees; vanuit al jou begrip en verbeelding en vanuit al jou krag.' Dit is die eerste opdrag **Deut 6:4-5** en die tweede, wat net soos hy is, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is geen ander opdrag groter as hierdie nie'."**Lev 19:18**

## 3.1 **Sh'ma** Yisra'el Yahuah Eloheinu Yahuah egad.

**Sh'ma**

- 'Brown-Driver-Briggs Hebrew Definitions' -
  to hear, listen to, obey (verb)
- 'Ancient Hebrew Lexicon of the Bible' -
  𐤔𐤌𐤏(𐤔𐤌𐤏ShMAh) ac: **Hear** co: **Report** ab: **Obedience:** A careful hearing of someone or something as well as responding appropriately in obedience or action. [from: 𐤔𐤌 - listening with the breath]
- 'Strong's Exhaustive Concordance'
  A primitive root; to **hear** intelligently (often with implication of **attention**, **obedience**, etc.; causatively to *tell*, etc.)

**-** Dit is nie net om te hoor nie, maar om te luister en daarop in gehoorsaamheid te reageer. 'n Aktiewe werkwoord wat in ander Bybels passief vertaal is.

Die stelling eis gehoorsaamheid, wat uitgespel word in die volgende vers, **Deut 6:5**. Dit is die **intree-opdrag tot enige ander opdrag wat God kan gee**. As Hy nie erken word vir wie Hy is nie, sal mense Hom nie gehoorsaam nie.

Ek het baie gewonder hoekom godsdienstige, "goeie" mense, nie aan יהוה se opdragte gehoorsaam is nie. Yeshua sê self: "My skape hoor My stem, Ek ken hulle en hulle loop saam met My." **- Yog 10:27.** Die vers bevestig alles wat ons hierbo gesê het. Hy het 'n verbondsverhouding met Syne en hulle hoor Sy stem. Is dit dalk die rede dat mense, maak nie saak na hoeveel preke en boodskappe nie, steeds ongehoorsaam bly? Dit maak nie saak hoe glashelder 'n opdrag uit יהוה se boodskap is nie, mense kan nie gehoorsaam nie. Tradisie en die kerk se gebruike en leringe is vaster as die Boodskap self!! Hoekom? Ons het hulle vertrou om vir ons die waarheid te bring, wat dan ook reg is, maar wat nou as ek sien dat daar iets is wat יהוה se Woord anders leer? Baie mense kan nie verander nie! Hulle het nie 'n verbondsverhouding met Hom nie! Hulle KEN Hom nie! Die godsdiensgees, wat 'n werklikheid is, blokkeer die boodskap; hulle kan Sy stem nie hoor nie en volg Hom nie.

Let op dat daar 'n onmiddellike aksie na die 'hoor' is: 'hulle loop saam met My.'**- Yog 10:27.** Dit regverdig mos die definisie: Hoor - Luister - doen (gehoorsaam). Hulle wat met Hom 'n verbondsverhouding het, sal hoor, want hulle sit in afwagting en luister na Sy stem – hulle is gekonsentreerd op Hom en wil geen Woord mis nie! Hulle sal nie net hoor nie, maar luister – aandag gee – oplet wat gesê word – verstaan en daarom begeer om te reageer en om Hom, waarmee hulle 'n verbondsverhouding het, tevrede te stel.

Dit is ons deel van God se ewige verbond: GEHOORSAAMHEID. Dit help egter nie om te hoor en te luister en die begeerte te hê om dit te doen nie. JY moet dit DOEN. Dit is wat vertroue werklik beteken: aktief = geloof in aksie. Jy kan glo die stoel kan jou gewig dra, maar totdat jy nie op die stoel gaan sit het nie, het jy hom nie vertrou om jou gewig te dra nie. Totdat ons nie doen nie, is ons geloof onvolledig en word dit nooit 'vertroue' nie.

**1 Tim 4:16** "Gee aandag aan jouself en jou leer en volhard daarin, want **deur dit te doen**, sal jy en dié wat jou hoor, lewe."





Dit klink amper of Sha'ul wil sê: "Jy kan praat soveel jy wil, maar as jy dit nie doen nie, vertrou jy nie en sal mense nie vertrou nie en is jy nie gered nie." Mense sê altyd: "Practise what you preach." Ek glo nie daarin nie!! Sha'ul (Paulus) stem hier saam met my; hy sê "Preach what you practise!!" Hoe kan jy ander leer wat jy nie self doen nie? Deur te doen en te leer is Waarheid, dan is daar Lewe!

**Mat 12:50** "want elkeen wat die wil doen van My Vader wat in die hemel is, dié is My broer en suster en moeder."

Yeshua sê dat Hy 'n verbondsverhouding het (selfs as broers en susters) met hulle wat hoor, luister en DOEN.

**Ken jy Hom? Met ander woorde: Doen jy wat Hy sê?!!**

Kom ons kyk wat sê Sy boodskap: (Dit ís mos ons standaard!)

**1 Yog 2:3-6** "Hieraan weet ons dat ons Hom ken, as ons Sy opdragte uitvoer. [4] Hy wat sê: 'Ek ken Hom' en Sy opdragte nie uitvoer nie, is 'n leuenaar en die waarheid is nie in hom nie, [5] maar wie ook al Sy woorde voortdurend uitvoer, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword, want hieraan weet ons dat ons in Hom is: [6] hy wat sê dat hy voortdurend in Hom bly, vir hom is dit nodig om so te leef soos wat Hy geleef het."

**Asseblief! Spandeer genoeg tyd aan elkeen van die verse.**

Dit lyk asof die Ware Skepper-God geken word deur na Sy stem te luister en te doen wat Hy sê. Dít is liefde en dít is om deel te hê aan Sy verbond. Deur na Hom te luister, is om te leef soos Hy geleef het en Hy kan tog net Sy Karakter leef. Jy leef en doen wat jy is. Ons moet dus Sy Karakter leef en doen. Baie mense aanbid 'God', maar wie is die God wat hulle aanbid? As hy nie lyk soos die God wat Homself in Sy Woord openbaar nie, dan is dit mos nie dieselfde God nie? God kan mos nie verklaar Hy is altyd dieselfde en mense sê Sy standaarde en opdragte het verander nie?

Mag ek jou vra? Ken jy Sy opdragte? Ken jy Hom sodat jy Sy opdragte kan verstaan? Is die Karakter van die God wat jy aanbid die Karakter van יהוה, die God van die Bybel?

**Wie kan hierdie God, יהוה, ken?**
**Aan wie gee HY die opdrag om te luister?**

**3.2** Sh'ma **Yisra'el** Yahuah Eloheinu Yahuah egad.

**Yisra'el –** 'Strong's Exhaustive Concordance' - **He will rule as God**; Jisrael, a symbolical name of Jacob; also (typically) of his posterity: - Israel.

**- Hulle oor wie Hy heers. - yisra' - hy sal heers**
**el - Magtige (God)**

Die mens word deur díe Magtige God, יהוה, opgeroep om te hoor, luister en te doen waardeur hy deur Hom beheer word - die een waaroor Hy heers.

As jy dink dat jy deel is van die enigste ras of volk wat יהוה gaan red, of alleen die "verbondsvolk" van יהוה is, moet jy asseblief versigtig die volgende Skrifgedeeltes saam lees. Jy beweeg op die rand daarvan om die ware Verbonds-God en Sy verbond te verwerp en dus self verwerp te word. Selfverheffing kom tot 'n val! Daar is slegs een Verbond en dit is die een wat deur יהוה self met ons, Sy skepsele, opgestel is en jy is óf deel daarvan saam met hulle van ander nasies, volke en tale, of jy is nie! **Wie is Yisra'el??**

**3.2.1 Die persoon Ya'akov as draer van die verbond**

**Gen 32:28 -** Ya'akov kry 'n nuwe naam (karakter en outoriteit), Yisra'el: "die Magtige God heers oor."

Let op dat die Naam, 'el', wat dikwels gebruik word saam met ander woorde om sekere Karaktertrekke van die Lewende God uit te beeld, nie 'God' (as objek van aanbidding) beteken nie, maar 'magtige' wat vertaal word as 'God' omdat dit verwysend is na die enigste Lewende Skepper- God. Die woord wat met 'God' vertaal word is Eloha (met die meervoud elohim wanneer na gode of mense verwys word.) In die derde geslag van יהוה se verbond met Avraham, stel יהוה die naam vas, waarvolgens Sy verbondsverhouding bekend sal staan. Ja, Hy is steeds die God van Avraham, Yitz'gak en Ya'akov vir altyd, maar nou word dit verkort en genoem 'Die God van Yisra'el.' Dit is die onveranderlike oorsprong.

**3.2.2 Yisra'el se nageslag**

Die kinders van die verbond, is nou die kinders van Yisra'el, of net Yisra'el. Die nageslag van sy 12 seuns word die stamme van Yisra'el, die ewige draers **(nie alleeneienaars nie)** van die verbond. Hy is 'n God wat nie kan verander of lieg nie! **Hy het so gesê!**





**Yir 32:40:** "Ek sal 'n ewige verbond met hulle sluit: dat Ek nie sal wegdraai daarvan om aan hulle goed te doen nie en Ek sal My respekvolle vrees in hulle verstand, wil en emosie gee sodat hulle nie van My af sal wegdraai nie." יהוה se verbond is ewig en Hy het besluit om 'n volk te kies om deur hulle Sy verbondsvoorwaardes en reëls deur te gee. Die volk Yisra'el sal dus ook ewiglik húlle wees waaroor Hy heers. Sy verkose volk **waardeur Hy tot die nasies werk**. **Hy het nie slegs vir Yisra'el die wette gegee nie, maar déúr Yisra'el, as voorbeeld, aan al die nasies!** Hulle was die fakkeldraers van al יהוה se opdragte en bloudrukplanne totdat Yeshua die fakkel oorgeneem en 'n nuwe dimensie daaraan kom gee het en dit volledige betekenis gegee het.

**3.2.3 Hulle oor wie Hy heers - draers van die verbond**

Die woorde "waaroor Hy heers" het nou 'n breër betekenis, want die belofte, van die verbond aan Avraham, beloof: "deur jou sal **al die nasies** geseën word"- **Gen 18:18; 22:18.** As die God van Yisra'el oor jou heers en jou God is, dan is jy deel van die Yisra'el waaroor Hy heers en is jy ingesluit in hierdie oproep tot 'luister en gehoorsaam.' **Jy word nie skielik 'n ander Yisra'el met sy eie wette en reëls nie, maar word deel van Yahuah se Yisra'el**: hulle waaroor Hy heers. Ek lees nêrens in die Skrif van 'n nuwe Yisra'el nie! Daar sal ook nooit een wees nie, maar deur inenting het ons deel geword van die oorspronklike wortelstelsel. **Rom 11:16-18:**"As die eerste vrugte afgesonderd is, [Num 15:18-21] dan ook die geheel en as die wortel afgesonderd is, dan die takke ook. [17] As sommige van die takke afgesny is en jy wat 'n wilde olyfboom is, in hulle plek ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom, [18] moet jou dan nie teen die takke verhoog nie en as jy jou verhoog; dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel vir jou!"

Hierdie word verder bevestig deur **Gal 3:7-9,29** Weet daarom dat dié wat uit die vertroue is, húlle is kinders van Avraham. [8] God het van voor dít af geweet dat die ander nasies deur vertroue onskuldig verklaar sou word voordat aan Avraham die goeie boodskap verkondig is, soos die afgesonderde Skrifte sê: "In jou sal al die nasies geseën word." [9] So word die wat vertrou, geseën saam met die vertrouende Avraham, [29] As julle aan Die Gesalfde Een behoort, is julle die saad van Avraham en volgens die belofte, erfgename."

**Dit is belangrik:** hierdie wortelstelsel **is die Verbond** van יהוה wat ewiglik gesluit is met: Adam (**Gen 2**), Noag (**Gen 9:9**), Avraham (**Gen 17:6-10**), Yitz'gak (**Gen 26:3**), Ya'akov (**Gen 28:13-15**), Yisra'el (**Eks 24:7**), Dawid (**Ps 89:34-36**) en sy nageslag (**1 Kron 16:15-32**) en deur Yeshua ten volle volledig gemaak is in wese en in betekenis.

**Belangrik:** Die verbond met Yisra'el deur Mosheh het nie die verbond met Avraham gekanseleer nie, maar dit het meer van die omvang van die **ewige** verbond bekend gemaak. Net so met al die verbonde tot en met die "nuwe verbond," wat volgens die Bybel, **Yir 31:31,32,** steeds met Yisra'el en Y'hudah gesluit word! Baie dinge in die Skrif is soveel makliker om te verstaan as ons hierdie begrip verstaan. יהוה se verbond is ewig en die wese daarvan kan nie verander nie!! In die tweede deel van die boek, wat handel oor die verbond, sal ons dieper hierop ingaan.

Is Hy heerser oor jou lewe? Dan praat Hy met jou! Dan roep Hy jou op om te hoor, te luister en gehoorsaam te wees!

**Ken jy Sy Naam?**

**Yes 52:6 -** "My volk sal My Naam ken." Net Sy volk (hulle waaroor Hy heers) ken Sy Naam. In die Skrif is die woord 'naam' vertaal vanaf die Hebreeuse "shem" wat eerder beteken die 'karakter en outoriteit' wat die naam verteenwoordig. Ons moet dit altyd so lees.
Kom ons kyk na Sy **Naam**! – **enkelvoud - Hy het net een Naam**.

### **3.3** Sh'ma Yisra'el **Yahuah** Eloheinu Yahuah egad.

יהוה YAHUAH.
Dit is die persoonlike Naam van God soos Hy Homself aan Mosheh openbaar het (**Eks 3:14**) en staan bekend as die "Tetragram."
Woorde kan nie die volheid van die betekenis van die Naam weergee nie – alles wat gesê word, kom te kort! Geen taal is ryk genoeg om dit weer te gee nie. Dit is 'n "EK IS" in 'n absolute en tydlose vorm – enige iets wat ek daarby kan sit, verklein of verlaag die betekenis. As ek sê Hy is wonderbaarlik, groot, afgesonderd, ens., dan beperk ek Sy Naam en die uitbeelding van Sy Karakter en Outoriteit. Nee – HY IS. Al die ander name en karaktertrekke wat ons daarby voeg is net vir ons om dit te kan verstaan, maar ek wil hê u moet begryp, niks kan die volheid van hierdie Naam omvou nie. Nou sal u verstaan dat Hy kan verwag om as afgesonderd beskou te word en die reg het om te sê dat ons ons moet afsonder van alles wat nie van Hom af is nie.





Ons gaan, deur Sy karaktertrekke wat in die Bybel deur Name en dade vir ons geleer word, probeer om hierdie God aan u voor te stel. Hierdie is die God van die verbond wat ek en my huis aanbid: יהוה - YAHUAH.

Vir volledigheid, kom ons kyk na die geskiedenis van die Naam, יהוה, wat ons volgens sy antieke uitspraak as YAHUAH uitspreek (met die eerste 'a' as 'n sagte, amper " 'n" klank. Tot en met die vernietiging van die eerste tempel in 586 v.C. is hierdie Naam nog uitgespreek met sy regte klinkers – dit is duidelik uit die Lagish-briewe wat net voor daardie datum geskryf is. Sedert, ten minste, die derde eeu voor Die Gesalfde Een se koms, is die uitspraak van die Naam vermy en is dit vervang met Adonai (Meester) – soos onder andere bewys word deur die vervanging van die Naam met Kurios in die Griekse Septuagint (180 voor Yeshua). Toe die klinkers later bygevoeg is, **is die klank weergegee**, om Y$^{e}$Hu$^{W}$aH te vorm. (NB. Teen hierdie tyd was die J, W en V klanke in gebruik en is dit so weergegee. Oorspronklik was daar egter 'n Y en 'n U in die klanke gebruik.)

Gelowige studente in Europa het nie geweet wat dit beteken nie en die veranderde vorm 'Jehovah' begin gebruik. Ek wil egter uitwys dat dit nie die oorspronklike uitspraak is nie, wat vir my bevestig is deur Joodse geleerdes. Die Christengeleerdes van die Griekse tydperk het beweer die korrekte uitspraak is 'Yahweh', maar dieselfde argument geld. Die uitspraak, Yahweh, is vir 'n lang tyd gebruik vanaf die 1500s en word tot vandag toe deur baie gebruik. Ons gebruik die Tetragram uit respek en korrektheid. In die Griekse Septuagint, sowel as die Griekse Nuwe Verbond, kom die persoonlike Naam van God, יהוה, nie een keer voor nie! Dit word as "Kurios" (Meester of Here), deurgegee. Aangesien die letterlike woord 'Meester' ook voorkom skep dit 'n verwarring oor die Naam van God op baie plekke en is dit een van die redes hoekom die Karakter van Yeshua wan verstaan word.

Om steeds nie die persoonlike Naam van God uit te spreek nie, uit vrees dat hulle die derde gebod sou oortree, het Jode egter begin om יהוה as Elohim, Ha-Shem of Shema (Aramees) = Die Naam, uit te spreek. Hierdie gebruik het gekom as gevolg van die verkeerde uitleg van die derde gebod om nie יהוה se Naam ligtelik te gebruik nie. Die werklike gebod lui egter: **Eks 20:7** "Jy mag die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה, jou God, nie valslik gebruik nie, want יהוה sal die een wat Sy Karakter en Outoriteit (Naam) valslik gebruik, nie ongestraf laat bly nie." Dit gaan oor die **valse** gebruik en nie die **gebruik** van Sy Karakter en Outoriteit (Naam) nie; daarom dink

ek nie dit is verkeerd nie, maar gebruik dit steeds net in lering en met die Skrif self. Dit is nie 'n Naam om sommer net te gebruik nie. Dit is verhewe, afgesonderd en moet ten alle tye met respek gebruik word.

Die verklaring van die betekenis van die Naam word in **Eks 3:14**, gegee: אהיה אשר אהיה '*Eheyeh-Asher-Eheyeh*,' "Ek-Is-Wie-Ek-Is" en is eerder 'n Godsverklaring as 'n taalkundige uitleg van die betekenis van die Tetragram ( יהוה). In die Bybel word die Aramees, "MarYah," deurgaans gebruik en alhoewel ons die Aramees gebruik in ons vertaling van die Nuwe Verbond het ons verkies om die Hebreeuse oorsprong van Sy Naam, in die Tanakh, oor te dra en dit ook in die Nuwe Verbond te gebruik, יהוה.

Hier moet ons net die Aramees woord, '**MarYah**' ܡܪܝܐ, verduidelik. Dit bestaan uit 2 dele: Mar = Meester en Yah = יהוה in die verkorte en poëtiese vorm, God se Eienaam. Met ander woorde: Meester יהוה, wat slegs na die enigste ware God kan verwys - na יהוה. In die Aramese Tanakh (Ou Testament) is '**MarYah**' ܡܪܝܐ die weergawe van die Hebreeuse יהוה.

Onthou net: Sy Naam is nie net 'God' of enige selfstandige naamwoord nie, maar Sy eie persoonlike Naam is Yahuah, יהוה, om slegs met eerbied en respek gebruik te word.

Ek hanteer nie die uitleg van die redes vir die uitspraak van die Naam Yahuah nie, aangesien dit volledig gedoen word in 'n boek deur:
Dr. Jan de Beer - "Die geheime Name van God en Sy Seun" - uitgegee deur Davidstar Uitgewers.

---

### **3.4** Sh'ma Yisra'el Yahuah **Eloheinu** Yahuah egad.

**<u>יהוה-Eloheinu = YAHUAH is ons God - Mar 12:29</u>**

Dit is ook die volgende woord in ons teks, **Deut 6:4.** Hierdie is 'n erkenning van Wie ek as die Magtige wat Outoriteit oor my het (my God) aanvaar. Wie is die Een wat ek oor my laat heers en Wie se heerskappy aanvaar ek? Die verklaring is duidelik en kan natuurlik nie anders nie, want daar ís geen ander nie! Oral deur die Skrif verklaar יהוה: **Lev 23:43** "Ek is יהוה, julle God" en hier is die antwoord, die bevestiging. Ek aanvaar Hom as my God. Nie enige god nie, maar, יהוה, die Enigste, Ware, Skepper en Ewige God,





Yahuah. Slegs hierdeur kan ek deel wees van die Verbond, deur Hom as die Verbondmaker te erken. Sy beloftes, Sy opdragte, Sy wette, Sy versorging, Sy beskerming, Sy genesing en Sy Teenwoordigheid laat ek toe en aanvaar dit in my lewe. Sy vertroosting, hulp, raad en voorsiening vra ek oor my lewe en geen ander. Lees weer die ou bekende **Psalm 1** met aandag deur. Vra ons hulp by die wêreldse raadgewers en spotters van יהוה? Is ons eerste genesing die dokter wat Hom nie ken nie? Leer ek by die wêreld hoe om 'n leier te wees of by die ongelowige raadgewer of boek, oor my huwelik? Kom ons die wette en opdragte van die wêreld na, maar ignoreer יהוה se bevele en opdragte? Het die mens ons so teleurgestel dat ons ook nie meer die beloftes van יהוה kan aanvaar en vertrou nie? Lê ons sekuriteit in ons 10 voet hoë doringdraad en patrollies omdat ons nie meer die geestelike vermoë het om Sy beskerming te sien nie? **2 Kon 6:17.**

**Is dit werklik hierdie God, Yahuah, waarin ek vertrou?**

Hier is 'n tweede aspek: dit is "ONS" God, nie net myne nie. Daar is 'n "fellowship", 'n saam-een-wees met ander kinders van יהוה, wat ook "Yisra'el" is en deur Hom beheer word. Saam het ons meer krag en kan ons mekaar versterk en ondersteun in 'n vyandige wêreld wat Hom nie KEN nie. Verdeeldheid in die liggaam is omdat hierdie God, Yahuah, nie geken word nie. As almal Hom ken en gehoorsaam, sal daar eenheid van Gees en leer wees. As ons Sy kinders van elke stam, taal, volk en nasie nie erken nie, hoe kan Hy ons erken wat ook maar net een van die stamme, tale volke en nasies is? **Open 5:9**

Die woorde wys ook die persoonlike verhouding wat יהוה met Sy skepping het. Hy is nie net 'n algemene God nie, nee, Hy is my God, ons God. Hy maak Homself persoonlik beskikbaar vir Sy skepping. Hy laat Homself ken as die God van.....! Kan jy jou naam hier inskryf?

**Het jy al besluit dat יהוה (Yahuah), jóu God is?**

Indien nie, is jy sonder 'n God, want daar is geen ander nie!
Indien wel, is ons verantwoordelik om aan Hom gehoorsaam te wees in alles. Die vers lui:

**Yahuah is my God as Hy heers oor my lewe en ek luister, hoor en doen wat Hy sê!**

### **3.5** Sh'ma Yisra'el Yahuah Eloheinu **Yahuah egad**.

**יהוה-Egad = YAHUAH is Een - Deut 6:4**

Dit is die volgende twee woorde in die vers wat ons na kyk (**Deut 6:4**). Ek gaan vir u 'n paar gedagtes los en nie in 'n dogmatiese stryd tree oor die 'Drie-eenheid' en die leer daar rondom nie.
'n Volledige studie oor die onderwerp is beskikbaar op die webwerf: www.padwlewe.ch onder die titel: "Die eenheid van God."

Daar is oor die eeue en veral in die 4 de en 5 de eeu hewiglik hieroor geargumenteer. Uit die stryd van daardie tyd is daar 'n interessante feit:
nie een van die debatteerders het die huidige mees gebruikte "Skrifbewys" vir die 'Drie-eenheid' aangehaal nie; hoekom nie?
Die verse ter sprake is **1 Yog 5:7-8** wat 'n deel het wat later ingesit is en nie in die Bybel was van die begin af nie! Ek haal die Ou Afrikaanse vertaling aan wat ook die King James en ander verteenwoordig wat dieselfde sê:

"**1 Yog 5:7** Want daar is drie wat getuig *in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees en hierdie drie is een;* ***:8*** *en daar is drie wat getuig op die aarde*: die Gees en die water en die bloed, en die drie is eenstemmig."

Die oudste en mees betroubare Byzantynse Griekse dokumente het nie die deel wat onderstreep is in nie, maar meer belangrik: die Aramese Nuwe Testament (Peshitta) wat dateer uit die 1ste en 2de eeu het dit ook nie! Ek is een wat oortuig is daarvan dat die Nuwe Verbond se mees oorspronklike teks wat ons het, in Aramees is en dat dit oorspronklik in Aramees geskryf is!

יהוה is EEN! Nie 'n eenheid, eenvormig of 'n enige nie – NEE - Hy is EEN. (**Deut. 6:4; Yes 45:21; 46:9) Yahuah**-die-Vader, is God. Yeshua is die Seun van God en Die Gees wat Afgesonderd (heilig) is "Die Gees van יהוה."
Yeshua word genoem: "`Immanu'el" omdat Vader in Hom kom woon het op aarde tussen die mens. Ek erken dat Yeshua ten volle mens moes wees om namens ons, ons sonde te dra en die Middelaar te wees. Hy was die fisiese verpersoonliking van die Ewige, Almagtige God. Die Een wat **Sy Karakter en Outoriteit** ten volle geleef het.

Daar is net EEN God, geen ander in geen ander dele nie. Veel-godedom word direk verwerp (**Eks 20:3-5**). Daar is geen godedom en hiërargie in die godedom nie; dit is alles nie-gode (demone en bose geeste) wat opgehef word as gode.





**Eks 15:11-** "יהוה, wie is soos U onder die gode?" Hier is die gedagte nie dat daar ander gode is nie, maar eerder, "Hoe kan hierdie sogenaamde ander nie-gode 'n plek langs יהוה toe-eien as god?" Dit maak vir my meer sin as enige ander leer.

Hierdie EEN God openbaar Homself as die Skepper, die God van Yisra'el en in al Sy 'Name' soos ons daarna kyk in hierdie boek. Let dus op: Hy is steeds die God van Yisra'el en dit is die God wat ons moet aanbid. Nie in dele of onderafdelings nie, maar as die Een God, יהוה. Mense sê dat dit nie eintlik saak maak nie, maar dit maak saak. As gevolg van 'n verkeerde konsep ken mense net vir Yeshua as die Verlosser, maar יהוה-die-Vader stel Homself voor as die Verlosser. Hy het die verlossing gewerk deur Yeshua. Hy is Een God - Die Vader is ons Verlosser, wat die verlossing deur Yeshua gebring het.
**1 Tim 2:5** "want God is een en die Middelaar tussen God en die mense, die Mens, Yeshua, Die Gesalfde Een, is een."
Kom ons dink aan Hom as Een. God se eenheid is **nie** onverklaarbaar nie.

Bestudeer ook die volgende verse: (Lees afgod ook as nie-gode)
**Eks 20:3-4** "Jy mag geen ander gode voor My hê nie. [4] Jy mag vir jou geen afgod of enige verpersoonliking maak van wat bo in die hemele is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie."
**Deut 4:35,39** "Dit is vir jou gewys sodat jy kan weet dat יהוה God is; daar is geen ander buiten Hom nie.[39] Weet daarom vandag en neem dit ter harte: יהוה, Hy is God, bo in die hemel en onder op die aarde; daar is geen ander nie."
**Deut 6:4** "Luister, Yisra'el, יהוה is ons God; יהוה is Een."
**Yes 44:6** "So sê יהוה, die Koning van Yisra'el en sy Loskoper, יהוה-Tzva'ot: 'Ek is die Eerste en Ek is die Laaste en buiten My is daar geen God nie."
**I Tim 1:17** "Aan die Koning van die uitspansel, aan Hom wat onvernietigbaar is en nie gesien word nie, Wat Een God is, kom toe die waardigheid, die eer, lof en aanbidding vir tydlose ewigheid. Dit is waar!"

Hy is ook uniek in Sy Karakter en daar is geen ander soos Hy nie:

**Yes 40:18 –**"Met wie wil julle God gelykstel, of watter gelykenis Hom mee vergelyk?"
Hy het geen vergelyke nie – daar kan **geen** beeld van Hom gemaak word nie; selfs nie in ons verbeelding en gedagtes nie. Die mens het nog altyd aan die dwaal geraak wanneer hy beelde van die Lewende God probeer skep of voorhou.

**Is hierdie Enigste, jou God?**

## 4. Die Die Karakter en Outoriteit van יהוה

### 4.1 Die enigste Skepper-God.

Voordat ons na die Karakter en Outoriteit van יהוה gaan kyk deur die 'Name' waardeur Hy Homself voorstel, is dit belangrik om na Hom te kyk as Skepper-God.

**Gen. 14:18,19,22**
"Malki-Tzedek, die koning van Shalem, nie-Levietiese priester van El-`Elyon (Die Allerhoogste, Magtige God), het brood en wyn uitgebring[19] en hom geseën en gesê: "Geseënd is Avram deur El-`Elyon, **die Skepper van die hemele en aarde.....** [22] maar Avram antwoord die koning van S'dom: "Ek het my hand opgelig voor יהוה, El-`Elyon, **die Skepper van die hemele en aarde**,"

Mense erken en dien Hom nie as Skepper nie; daarom ontwikkel teorieë en godsdienste soos Ewolusie, Boeddhisme, Hindoeïsme en "New Age" leringe, wat nie een 'n Skepper erken nie. Die feit dat ek nie geskep is nie veroorsaak dan onsekerhede oor wie ek is en wat my waarde is en het ook die onstabiele wêreld van vandag tot gevolg. Allerhande antwoorde en teorieë oor die mens en ander dinge se ontstaan is nou maklik om te vorm uit hierdie onsekerhede. Daar het selfs in Kerke en 'Christen'-teologie ewolusieleringe ingesluip, soos die "gapingteorie" (Gap theory), wat leer dat daar miljoene jare tussen **Genesis 1:1 en vers 2** is. Dit aanvaar nie die letterlike skeppingsleer van die Bybel nie en is nie korrek nie. Ons kan met sekerheid verklaar dat die Bybelse skeppingsleer van ses dae werklikheid is. Enige miljoen-jaar-storie is ongegrond, onwetenskaplik en hoort nie in die leer van 'n Bybel-gehoorsame kind van יהוה of in die skoolleerplan van sy kinders nie.
(Weet u wat in u kinders se skoolboeke staan? Sy / haar opvoeding is steeds jou verantwoordelikheid!)

יהוה se Wysheid en Krag kom tot volle uitdrukking deur die skepping. Die wonder daarvan in elke klein deeltjie en lewensvorm beklemtoon Sy Almag. Dit alles is wonderbaarlik uit niks geskep.
**Iyov 26:7** "Hy strek die Noorde uit vanuit die leegheid en hang die aarde aan niks;" **(Yir 10:12; Ps 33:6-9; Ps 102:26).** Hy het dit geskep met geen hulp nie; Hy is die enigste Skepper en niks is geskep, wat nie deur Hom geskep is nie. **Yes 44:24; Yog 1:3; Hand 4:24; 14:15; 17:24.**
Die ganse skepping roep Sy lof en waardigheid uit.





**Ps 19:2** "Die hemele vertel van die lof, eer en aanbidding van God en hulle uitgestrektheid verkondig die werk van Sy hande."
**Yes 29:16,17; 45:9; 64:7; Yir 27:5; 31:35–36.**

Alles behoort aan יהוה, want Hy is die Skepper en Meester daaroor:
**1 Kron 29:11,12** "want aan U, יהוה, behoort die grootheid en die mag en die lof en eer en die mooiheid en die majesteit, want U is die heerser oor alles wat in die hemel en op die aarde is; aan U, יהוה, behoort die koninkryk en die wysheid, die outoriteit en die kennis.[12] Beide rykdom en eer kom van U en U heers oor alles. In U hand is krag en mag en dit is in U hand om alle skepsele wat **U geskep het**, groot en sterk te maak."

יהוה het die hemele, die aarde en alles wat daarop is, geskep vir Sy lof, eer en aanbidding; dit in ses dae gedoen en ons beveel om saam met Hom die sewende dag af te sonder en te rus. (Of het God dalk 'n miljoen jaar lank gerus?)
God het nie net aanvanklik geskep en toe onttrek nie. Nee, Hy is steeds voortdurend betrokke by Sy Skepping: **Deut 8:2-5; 28:12; 31:6,8; 32:8-15**

Hierdie Skepper-God het jou ook geskep vir Sy eer, lof en aanbidding en jy is dus kosbaar vir Hom. So kosbaar dat Hy die beste vir jou lewe gegee het sodat jy die ewige lewe saam met Hom mag smaak: Yeshua, die Gesalfde Een, wat namens jou die straf kom dra het sodat jy nie 'n ewige dood hoef te sterf nie. Hy het vir jou voorsiening gemaak om in gehoorsaamheid aan Hom, die volheid van die Boom van die lewe te smaak en te geniet.
**Is jou lewe volledig, vervuld, gehoorsaam aan jou skeppingsroeping?**

**Is jou God, wat jy aanbid, hierdie Skepper?**

As daar enige ander leer of oortuiging by jou is oor die skepping nooi ek jou uit om met ons te skakel vir meer inligting. Maak seker jy aanbid die Skepper en enigste God wat die hemele en die aarde in ses dae geskep het - יהוה. Hy het jou ook in Sy volmaakte beplanning geskep!

Om hierdie God nou aan jou voor te stel gaan ons na sommige van die Karaktertrekke en Outoriteite in die Bybel waardeur יהוה Homself voorstel en bekendmaak en wat dit prakties vir ons beteken, kyk.

## 4.2 יהוה-`Elyon = YAHUAH, die Allerhoogste, Ps 7:18.

Hoogste = Posisie of titel. `Elyon in Hebreeus is 'n byvoeglike naamwoord. Dit gee die posisie aan waarvandaan Die Enigste Lewende Skepper God, יהוה, heers. Hy wat oor jou heers het die posisie om dit te doen. Hy en alleen Hy is waardig om daardie posisie te beklee. In **Gen 14:19** identifiseer Malki–Tzedek hierdie God as die Skepper-God van die hemele en aarde. Hy beklee die posisie, want Hy het dit geskep. Hy het die reg deur posisie en deur eienaarskap. Sy posisie as Allerhoogste is onaanvegbaar omdat daar geen ander Skepper is nie en dus niks gelyk aan Hom is nie.

Ek sien baie keer dat mense leringe gee oor die Satan (Duiwel) wat teen יהוה baklei en oorlog voer teen Hom. Dink bietjie mooi, dit is dieselfde as om die laerskoolspan teen die Springbokke op die veld te stuur. Dit is nie ongelyk nie, dit is onmoontlik! Hoe dink enige een kan die skepsel (die satan) teen die Skepper oorlog voer? Dit sal net een "poef" wees, alles is verby en niks bly oor nie. Nee, ons moenie יהוה se posisie verlaag deur ons denke nie. Die teëstander poog om teen יהוה te baklei deur met **Sy skepping** te baklei: ek en jy is sy teiken.

יהוה is verhewe bo Sy skepping en as dit nie vir Sy onverdiende guns was nie, sou ons Hom nooit kon KEN nie. Hy het egter besluit om af te buig en ons te besoek – Hy, die Skepper-God, verhewe bo alles, het in 'n nederige Mens kom woon omdat ons Hom op geen ander manier sal kan ken nie en omdat daar geen ander aanvaarbare manier was om ons sondige, sterflike natuur weer in 'n regte verhouding met Hom te bring nie. Nou het ons 'n bloedverbondsverhouding met Hom.

**Is hierdie Allerhoogste God, jou God?**

**Beklee Hy die hoogste posisie en outoriteit in jou lewe?**

**Het jy 'n persoonlike verhouding met Hom?**

---





## 4.3 יהוה- Megaddeshkem = YAHUAH wat my afsonder, Eks 31:13.

Hy word ook genoem, **Ha-Kadosh = Die Afgesonderde Een**. Die Skrif leer ons dat Hy afgesonder is en verwag om afgesonderd hanteer te word. **Lev 11:44,45; 19:2,8; 20:26; 21:8; 22:2; 1 Sh'm 2:2; Ps 99:3,5,9; 111:9; Yes 6:3; 57:15; Yeg 22:26; 38:23; 44:23; Luk 1:49; 1 Kefa 1:15,16; Open 4:8; 15:4.**

יהוה is afgesonder van alle boosheid, van alle kwaad en kan dus nie sonde of enige iets wat teen Sy wil is aanvaar nie. Soos die verse sal wys, verwag Hy hierdie selfde afsondering van ons. Ons moet afgesonder wees van die dinge van die wêreld, toegewy aan Hom. Ons moet 'n afkeer hê aan alles wat sonde is en wat teenoor יהוה se liefde en wil staan en ons daarvan weg haas. Dit help nie om eers 'n tyd daarin te bly nie, dan vang dit jou met slinkse misleidings. Die kind van יהוה draai dadelik weg van wat verkeerd is en is onskuldig aan die verkeerde **- Rom 16:19** en draai na wat reg is.
Vriend, as jy die begeerte het om eers 'die kat uit die boom te kyk' voordat jy op יהוה se opdragte reageer en dit doen, wil ek jou versoek om by Hom uit te kom en 'n verhouding met Hom te soek. Jy is dalk baie godsdienstig, maar die kind van יהוה, wat deur Sy Gees weergebore is, begeer om volkome gehoorsaam te wees, NOU en net soos Hy, afgesonderd te wees van alles wat nie Sy wil is nie en toegewyd te wees aan alles wat Vader se wil is.

**Wat is jou begeerte?**

יהוה se gedagtes, dade, besluite en wil is verhewe bo ons s'n. Ons dink baie dat יהוה soos ons moet of sal optree of reageer, maar Hy is afgesonder en totaal anders. Sy totale en vreesinboesemende afgesonderdheid word uitgebeeld in Sy waarskuwing dat ons nie Sy gesig en die volle manifestasie van Sy Teenwoordigheid mag sien nie. **Eks 3:5; 19:12, 13, 23; Num 18:3; Y'ho 5:15.** Om selfs net Sy afgesonderde voorwerpe van die Tabernakel te sien, as dit nie in gebruik is nie, bring die dood.
**Eks 33:20; Num 4:20; Rig 13:22.**

Sy afgesonderdheid word ook as jaloesie genoem **Y'ho 24:19 "…** want Hy is 'n afgesonderde God. Hy is 'n jaloerse Magtige God…" Hy is afgesonderd en vereis van wat Syne is, om afgesonderd te wees en sal enige aanbidding van iets anders of ongehoorsaamheid nie duld in Sy totale afgesonderdheid nie!

**I Sh'm 6:20**, "Wie is in staat om te staan voor die Teenwoordigheid van יהוה, hierdie afgesonderde God? Na wie toe sal Hy optrek van ons af?" Sy absolute afgesonderdheid maak Hom ontoeganklik, behalwe vir die wat in Sy wil is, Hom alleen gehoorsaam en as יהוה aanbid. Vir die wêreld sal Hy altyd ontoeganklik bly totdat 'n persoon uit Sy onverdiende guns besluit om Hom as God en Afgesonderde te erken en soos Hy, afgesonderd te leef.

**Eks 15:11** "יהוה, wie is soos U onder die gode? Wie is soos U, groot in afgesonderdheid, eerbiedig in lofprysing, in die doen van wonderwerke?" Sy Afgesonderdheid maak dat Hy juis verhewe en groot is – wie kan vergelyk met Hom? Hy is afgesonder van elke ander.

**1Sh'm 2:2** "Daar is niemand Afgesonderd soos יהוה nie, inderdaad, daar is niemand buiten U nie, …". Sy Afgesonderdheid is ook uniek – daar is niks wat ons daarmee kan vergelyk nie.

**Ps 77:14** "U pad, O God, is in afgesonderdheid;" Dit is nie net die pad waarop Hy loop nie, maar die pad waarop Hy ons nooi om te loop en Hom te volg. Yeshua verklaar Homself as die Pad, **Yog 14:6** en nooi ons om saam met Hom in afsondering te loop. Hy verklaar: "Wees Afgesonderd, want Ek is Afgesonderd" **Lev 11:44,45; 19:2; 20:7; 1 Kefa 1:16.**

**Is dit wat jy begeer?**

Dit is ook Sy Naam wat afgesonder genoem word, want dit is waardeur Sy Karakter en Outoriteit deurgegee word. **Lev 20:3; 22:2, 32; Ps 103:1; 105:3; 145:21; I Kron 16:10**

Yesa'yahu (Jesaja) noem Hom herhaaldelik "die Afgesonderde van Yisra'el", waardeur יהוה Homself selfs deur Sy Naam aan Sy Verbond verbind. Hy noem Homself die Afgesonderde van Yisra'el!! **Yes 1:4; 5:19,24; 10:20; 12:6; 17:7; 29:23; 30:12,15; 31:1; 37:23; 41:14; 43:3,14; 45:11; 47:4; 48:17; 49:7; 54:5; 60:14** asook in **Yir 50:29** en **Ps 71:22.**

**Ps 15 as geheel en Ps 24:3–6** verklaar dat net hy met rein hande en 'n suiwer verstand, wil en emosie op Sy Afgesonderde berg kan verskyn. Ek dink nie daar is enige twyfel meer nie – Hy is afgesonderd en verwag van jou en my om totaal tot Hom afgesonderd en toegewyd te wees.





Elkeen, soos die nasie van Yisra'el, **wat met Hom in 'n verbondsverhouding tree,** word afgesonder **Eks 19:6; Lev 11:44vv; 19:2; 20:7; Deut 7:6; 26:19** en alles wat Hy afgesonderd verklaar, is vir ewig afgesonder; soos Shabbat **Eks 20:8; Deut 5:12** en die feeste wat self ook as afgesonderde tye verklaar moet word **Lev 23:2-.**

Hier is nou 'n gevolg en resultaat wat ek en jy moet beoordeel en oor moet besluit. Ek kan nie langer in die dinge van die ou natuur, die dinge wat deur die wêreld uitgedink word, bly en יהוה volg nie. Afgesonderd beteken om, net soos Hy, verwyderd te wees van al hierdie dinge.

**Efe 4: 21-24** "as julle inderdaad na Hom geluister het en deur Hom geleer is, aangesien alles wat waarheid is in Yeshua is:[22] dat julle, die vorige optrede van die ou mens, wat deur die begeertes van misleiding korrup is, moet afgooi.[23] Julle moet die gees van julle denke voortdurend vernuwe [24] en die nuwe mens aantrek wat in God, in onpartydigheid, opregtheid en in die reinheid van die waarheid geskape is."
**Dit is wat dit beteken om 'n wedergebore kind van Yahuah te wees!** Wil jy nie saam met my die volgende in erns vir Hom vra nie?

**Meester, Ek wil afgesonderd wees en leef!**

<u>Net vir interessantheid:</u> In rabbiniese materiaal word afgesonderdheid beskou as God se wese en is die "Holy One, Blessed be He" (Heb. *Ha-Kadosh Barug Hu*) die mees gebruikte Karakter van יהוה in rabbiniese literatuur.
"For God is holy in all manner of holiness" (Tanh. B. Kedoshim 3).

**Is hierdie God vir jou Afgesonder, of gaan jy met Hom om soos met enige mens?**

**Is jy afgesonder van alles wat nie Hy is nie?**
**Is jy afgesonder vir Hom in alles van jou lewe?**

**Is Sy Woord, Sy opdragte, Sy wil vir jou bo enige teëspraak?**
**Is dit die God wat jy, in afsondering tot Hom, dien?**

## 4.4 יהוה- Nèsi - YAHUAH my Banier, Eks 17:15.

Wanneer die volk van Yisra'el opgetrek het in geveg of na die beloofde land op pad was, het elke stam onder sy eie banier getrek. Die banier is die teken van sy outoriteit en aan wie hy behoort. Dit is ook die samebindende faktor wat sê: 'Ek behoort aan' en eenheid bring.

**Onder watter banier staan jy?**

Mosheh verklaar: **Eks 17:15** "יהוה is my Banier." Dit is onder Sy Outoriteit wat Mosheh uitgetrek het met die volk en hulle gelei het. As Hy jou outoriteit is, kan jy met dieselfde outoriteit jou bediening, dit wat Sy opdrag is in jou lewe, uitoefen. Die banier waaronder jy jou lewenstaak doen, is ook jou beskerming.

Vir die wat vervolg word, is daar 'n bymekaarkomplek by Hom, by die Waarheid, waarheen ons met vrymoedigheid kan gaan.

**Lvl 2:4** ".. en Sy banier oor my was die liefde." Ek glo dat wanneer ons saam met Hom fees hou – soos by Sy vasgestelde feestye en tydens die liefdesmaal van Yeshua (Nagmaal), dan is ons onder Sy banier van liefde saamgebind. Dit is die samebindende faktor vir Sy kinders.

Yeshua, Die Gesalfde Een, is die Leeu van Y'hudah. Die embleem op die banier van die stam van Y'hudah was die leeu. Yeshua word as die Leeu van Y'hudah erken in **Open 5:5** – die enigste Een wat die boekrol kan oopmaak, wat Hom Die Gesalfde Een maak, wat die outoriteit as Regter sal uitvoer oor alle nasies. Hy is die ewige Banier van die stam van Y'hudah. Hy bly ewiglik getrou aan Sy verbond.
Yeshua sal die Banier (Sy Naam, Karakter en Outoriteit) ophef vir die nasies aan die einde van dae en hulle saamnooi om te deel in Sy eenheid.
**Yes 5:26; 11:10; 13:2; 49:22.**

**Wie se Naam staan oor jou geskryf?**
**Vir watter span skree jy?**





## 4.5 יהוה- Rafah (Rofeka) - YAHUAH wat jou gesond maak, Eks 15:26

Genesing is 'n volledige onderwerp op sy eie, maar ons gaan net so paar gedagtes uit die Woord met jou deel. Ek het gevind dat genesing 'n indiwiduele karakter het waar, elke keer, wanneer 'n mens dink jy verstaan dit, iets anders gebeur. יהוה het riglyne en standaarde in die Skrif, maar ons ken nie die diepte van die persoon se wese, verstand, wil en motiewe nie en as Vader nie vir ons 'n woord van wysheid gee nie, kan ons nie altyd verstaan hoekom mense nie gesond word nie. Dit is 'n belangrike aspek om te onthou: יהוה wil Sy kinders gesond hou!

יהוה het lank terug vir my die volgende gewys: ware, gehoorsame kinders van יהוה is nie siek mense wat gesond gemaak moet word nie, maar gesonde mense wat hul gesondheid moet aanvaar, wat Hy reeds deur Yeshua vir ons gegee het deur Sy liggaam aan die kruis **1 Kefa 2:24.** "Deur Sy wonde is julle gesond gemaak," **Yes 53:5**. Dit verwys spesifiek na fisiese genesing. Let op die tyd – 'is ...gemaak' – dit is afgehandel. Ons het reeds ons genesing in Die Gesalfde Een ontvang. **Mal 3:20.**

Ek kan dit nie genoeg beklemtoon nie. **Dit is die sleutel tot Goddelike gesondheid. Let op!** Nie net Goddelike genesing nie, maar ook Goddelike gesondheid. Dink asseblief eers daaroor na.
Die verandering van denke en eenwording met Sy Karakter en Outoriteit beïnvloed ook 'n siek liggaam. M.a.w. as jy allergies is vir aarbeie, is dit nie die aarbeie (Vader het alles goed en mooi geskep) nie, maar iets in jou wat nog nie lyk soos die beeld van God nie.
Siektes, allergië ens is gevolge van die ou lewe, wantroue, onvergewinsgesindheid en alles wat met ander woorde nie is volgens Vader se karakter nie.

Kyk na die volgende Skrifgedeeltes: **Num 23:19** – "Die Magtige God is nie ’n man dat Hy sou lieg nie, of ’n mensekind dat Hy jammer sal wees nie. Het Hy gesê en sal dit nie doen nie, of het Hy gepraat en sal dit nie waar maak nie?" **יהוה en Sy Woord is altyd waar.** Jy moet hierdie begrip vir jouself vasmaak, vertrou en daarin leef.

**Spr 17:22** "'n Vreugdevolle binneste maak die liggaam gesond, maar 'n gebroke gees droog die gebeente uit."

Dit is יהוה se wil dat die mens ten minste 70 jaar oud word, maar Hy het die jare van die mens 120 jaar gemaak **- Gen 6:3.** Ek sien dit nie as die maksimum nie, maar 'n verklaring – die tyd van die mens is 120 jaar.
**Eks 20:12; Deut 5:16** – Verlengde jare word beloof aan díe wat gehoorsaam is aan יהוה se wet deur hulle ouers te eer. Hy is getrou aan Sy beloftes.

**Deut 11:21,22 –** As jy Sy opdragte gehoorsaam, sal jou en jou kinders se lewens verleng word. Gehoorsaamheid aan Sy wet en opdragte het tot gevolg dat יהוה se seën op alle vlakke gegee word – ook oor ons gesondheid.

**Deut 34:7 -** "Alhoewel Mosheh een honderd en twintig jaar oud was toe hy dood is, was sy oog nie dof nie en sy fisiese krag en gesondheid het nie afgeneem nie." Mosheh het Goddelike gesondheid gehad tot sy dood toe.

**Y'hos 14:10b,11** "..let op, ek is vandag vyf en tagtig jaar oud. Ek is vandag nog net so sterk soos die dag toe Mosheh my gestuur het; soos my krag toe was, so is my krag nou, om te veg en om uit te gaan en in te kom."
- Y'hoshua het Goddelike gesondheid gehad, asook Kalev. (Kyk na hulle ouderdomme waarop hulle nog geveg het!!)

**I Kron 29:28 -** Dawid het oud geword
**Ps 90:10** – Sal leef tot ten minste 70 of 80 jaar

Dit is moontlik dat mense vroeër sterf as gevolg van sonde of ongehoorsaamheid aan 'n opdrag, **Efe 6:1-3; Pre 7:17.**

**<u>4.5.1 Genesing:</u>**
**Yog 10:10** "Die dief kom nie, as net om te steel, dood te maak en te vernietig nie. Ek het gekom dat hulle lewe kan hê en watter oorvloed daar ook al vir hulle is."
Yeshua het gekom sodat ons 'n oorvloedige lewe kan hê, sonder siektes wat ons verhinder om in vreugde en vrede te leef. Dit is יהוה se plan dat mense gesond sal lewe –"Goddelike gesondheid" - en as Sy kinders siek is, hulle gesond gemaak sal word.
**Eks 15:26** "As julle getrou na die stem van יהוה, julle God, luister en doen wat reg is in Sy oë, luister na Sy opdragte en al Sy wette hou, dan sal Ek nie een van die siektes op jou lê wat Ek op die land van Egipte gelê het nie, want Ek, יהוה, is die Een wat jou gesond maak."
יהוה is die geneesheer, nie mense nie, maar daar is voorwaardes wat duidelik hier uitgespel word –"**As jy**…"





**Eks 23:25-26** "Julle moet יהוה, julle God, dien en Ek sal jou brood en jou water seën en Ek sal siektes van tussen jou uit verwyder. [26] Niemand sal 'n miskraam hê of onvrugbaar wees in jou land nie. Ek sal die getal van jou dae vervul."
יהוה verwyder siektes en gee 'n lang lewe – weereens met voorwaardes - as ons Hom dien! **Deut 7:15; Yir 30:17.**

**Mat 4:23-24 -** Yeshua het alle soorte siektes genees van **die wat na Hom toe gekom het om gesond gemaak te word**. **Mat 8:2,3; Mat 12:15.**
Hy het by baie siekes in die straat verbygeloop en nie almal genees nie.

**<u>4.5.2 Redes vir siektes en gebreke.</u>**
**Luk 13:16** "Hierdie is egter 'n dogter van Avraham, wat die duiwel, let op, agttien jaar lank gebind het...." Bose geeste en demone kan siektes veroorsaak. Daar is 'n demoon met die naam van elke siekte moontlik. **Die volgende is egter baie belangrik:** siekte het sy oorsprong met die sondeval en alle siektes is as gevolg daarvan en nie noodwendig die spesifieke werk van 'n demoon nie. Dit kan wees, maar is nie altyd nie. Soms is dit 'n demoon, soms omdat ek verkeerd geëet het. Die genesing van siektes kan ook verhinder word deur my eie sonde, onvergewensgesindheid en ongehoorsaamheid.

**<u>4.5.2.1 Wat veroorsaak siektes en verhinder genesing?</u>**
Aangesien ek glo dat genesing indiwidueel en persoonlik is, is die lys natuurlik nie volledig nie. Deur Sy Gees sal יהוה die rede openbaar.
Verskillende redes verg verskillende benaderings tot genesing.
- Onvergifnis **- Mat 6:12 & 18:21-22,32-35; Mar 11:25-26**
- Bitterheid en haat - **Efe 4:26-27**
- Geen vertroue nie – **Ya'akov 1:6**
- Sonde **- Luk 5:20 -** mense word gewaarsku om nie meer te sondig nie.
- Geeste of demone van siekte. **Mat 12:22; 17:15-18; Luk 9:42**
- Kos en slegte higiëne - hier is יהוה se standaarde en reëls belangrik.
- Gebreke by geboorte **- Yog 9:1-2**
- Sodat יהוה vereer en geloof kan word **- Yog 9:1-4**
Behalwe vir die laaste is niks hiervan יהוה se wil nie. Alles kan genees word.

Vertroue speel 'n belangrike rol in alle gevalle, **(Mar 5:34; Mat 9:29),** om genesing te ontvang **(Mat 9:21-31; 17:19,20; Mar 5:28-36; Mar 10:52; Luk 8:48)** selfs die vertroue van ander mense wat outoriteit het oor die siek persoon, **Mat 8:8-; 15:28; Mar 2:5-; Mar 5:23; Luk 7:3-10; Yog 4:49-53.**

***-Vertroue kom deur die Boodskap van יהוה*. Hand 14:7-10; Rom 10:8,17.**
Soms is geestelike wapens en geestelike oorlog nodig om die stryd teen siektes te oorwin. **2 Kor 10:3-5; Efe 6:10-18.**
Die wat vertrou, het outoriteit oor die duiwel en siektes.
**Mat 10:1; Ya'akov 4:7; I Kefa 5:6-9; I Yog 4:4; I Kor 3:16-17; Efe 1:17-23 & 2:4-7.**
***-Ons ontvang dit in die Naam (Karakter en Outoriteit) van Yeshua alleen***,
**Mar 16:15-20; Luk 10:1,17-19; Mat 28:18; Yog 14:11-15; Fil 2:8-11; Hand 3:1-8,16 & 4:10.**
Yeshua het oorwin en die straf van ons siektes op Hom geneem. In eenheid met Hom is daar dus geen straf oor nie en geen siekte nie!! Die belangrike aspek is: in eenheid met Hom!
**Yes 53:3-5,10; Mal 3:17-20; Mat 8:14-17; I Kefa 2:24**
***- Die werk van die Satan is vernietig.***
**Efe 1:7; Kol 1:12-14 & 2:10,15; Heb 9:12; I Yog 3:8**
**- יהוה *is die Geneesheer en Genesing.* Ps 107:20; Spr 4:20-22;**
**Yes 55:10-11; Yir 1:12; Mat 8:8; ; I Thes 2:13; Ya'akov 1:25; Heb 4:12**
***- Ek ontvang dit deur vertroue.***
**Mat 8:5-13; 9:27-31; 17:20; Mar 9:23; Mar 11:22-24; Rom 4:17-21; File 6; I Tim 6:12; Heb 6:12; 10:23; 11:16; Ya'akov 1:2-4; I Yog 5:4; Open 12:11.**

Vergifnis van sonde gaan dikwels saam met genesing, saam met die vereiste: doen dit nie weer nie!
**Ps 103:2-3; Luk 5:17-25; Ya'akov 5:14-16**
**3 Yog :2** "ek wens dat dit met jou in alles oorvloedig mag gaan en dat jy gesond is, net soos dit met jou gees oorvloedig gaan." Ons moet geestelik gesond wees om 'n wens soos hierdie te kan ontvang; watter getuienis is dit nie.

**<u>4.5.3 Beginsels vir goeie gesondheid</u>**

- Gehoorsaam יהוה se opdragte - **Spr 3:1-2,8; Eks 15:26.**
- Basiese sanitasie - **Deut 23:12-13**; **Num 19:12-13**; **Lev 13:46.**
- Seksuele reinheid - **Spr 5:3-4,11; Rom 1:24-; Heb 13:4.**
- Raak ontslae van jou spanning deur vertroue - **Spr 12:25; Luk 10:41,42; Mat 6:33,34** - en rus in Vader wat heers en beheer.
- Oefening - **1 Tim 4:8-10.**
- Emosionele bestuur en beheer - **Spr 17:22; Gal 5:19,20; Gal 5:22-23.**

**יהוה wil dat ons in goeie gesondheid leef.**





**<u>4.5.4 Die genesingsbediening van Yeshua:</u>**

Kom ons kyk net na 'n paar belangrike aspekte wat ons sal help om die God wat genees beter te kan verstaan:
+ Yahuah is ons Geneesheer - יהוה-Ropheka (Rapha) - **Eks 15:26.** en ook die Genesing.
+ Yeshua het almal genees wat gevra het en dus vertrou het in יהוה - **Mat 4:23,24; 9:35; 12:15-23; Luk 4:40,41; 6:19.**
+ Hy het gewag dat mense Hom vra of hul nood uitspreek in vertroue - **Mat 8:6; 14:35,36; 15:30,31; 21:14,15; Luk 18:41.**
+ Yeshua het probeer om dit privaat en persoonlik te hou en as dit moontlik was nie voor skares genees nie en het dit ook nie gedoen om aandag te trek of bekend te word nie - **Mar 5:37,43; Yog 5:13.**
+ Dit was deel van die rede hoekom Hy gekom het (Sy bediening) en gesterf het (Sy doel) **1 Kefa 2:24b; Yes 53:5**.
+ Hy het mense genees omdat Hy vir hulle omgee en vir hulle die beste wil hê - **Mat 14:14; 20:34.**
+ Yeshua het mense gehelp en genees volgens hulle nood - **Luk 9:11.**
+ Mense is onmiddellik genees - **Mat 8:13; Luk 8:47; Yog 4:53.**
+ Mense is genees deur die krag van יהוה - **Luk 5:17.**
+ Wanneer die liggaam genees word, is die geestelike boodskap baie belangrik - **Luk 10:9.**
+ Deur genesing het baie in Hom vertrou - **Yog 4:53.**
+ Yeshua het Sy studentevolgelinge afgevaardig om Sy basiese bediening voort te sit – insluitend genesing en die uitdryf van demone **Mat 10:1,5-10; Mar 6:7-13; Luk 9:1-6.**

**<u>4.5.5 Sommige van Yeshua se metodes en gebruike:</u>**

- Hy doen 'n beroep op hulle vertroue - **Mat 9:21-29; 17:19,20; Mar 5:28-36; 10:52; Luk 8:48.**
- Aanraking - **Mat 9:29,30; Mar 3:10; 6:56; Luk 6:19; 22:51.**
- Hande oplê - **Mar 5:23; 6:5; 8:24,25; Luk 4:40; 14:4.**
- Gebed = gebruik net woorde - **Mat 8:16; Mar 10:52.**
- Verseker vergifnis van sonde - **Mat 9:2-6.**
- Beveel - meestal as demone betrokke is - **Mat 12 &17.**
- Deur fisiese metodes - **Mar 7:33; 8:22-23; Yog 9:6-7.**
- Olie - **Mark 6:13.**

- Vra 'n daad of stap van vertroue om iets te doen **- Mat 12:13; Mar 3:5; Luk 6:10.**
- Yeshua was nie negatief oor dokters nie **- Mat 9:12.**

Is jy bereid om יהוה, die Enigste God, op Sy Woord te neem en jou en jou huis se genesing en gesondheid in Sy hande te plaas? Kyk eers weer deur die hoofstuk en maak seker jy kom Sy vereistes na. Hoe wonderlik is Sy onverdiende guns dat Hy ongeag ons ongehoorsaamheid, ons steeds 'n kans gee om te verander en ons genees! Staan vanaand saam met jou huis voor Hom en vra en ontvang Sy gesondheid.

**Is jy in Sy gesondheid? Is dít jou God?**

---





### 4.6 יהוה-Ra'ah = YAHUAH my Herder (Skaapwagter). Ps 23:1

יהוה is "Die Herder van Yisra'el" (**Ps 28:9; 80:2**). Die woord ra'ah kom van 'n ou stam 'rah' wat in antieke Hebreeus geskryf is as: ( - RAh): die prentjie van 'n oog en van 'n man - man kyk / hou dop - skaapwagter - assosieer met - maak vriende met - voed.
- R-AhH - meer spesifiek 'n vriend - om te voed.
יהוה is die Een wat Sy trop versorg, oppas, beskerm en voed. Hy moet Homself met Sy trop assosieer om opreg vir hulle om te gee en hulle te versorg. Ek dink die Skaapwagter se naaste vriende is die skape waaroor Hy met sorg waak. Hy is nie skaam om saam met hulle gesien te word nie en hulle hardloop na Hom toe met die eerste teken van gevaar. Hy is die ware Metgesel. Ra'ah verwys na 'n baie spesiale en naby vriend. Iemand wat Sy lewe sal gee vir Sy vriend.
Dawid, in sy bekende **Ps 23**, stel aan ons sy God voor. Die God wat Hom in stand gehou het en versorg het. Kom ons kyk hoe hy Hom voorstel.

**Dawid se voorstelling in Ps 23**:
1 'n Gedig van Dawid, met instrumentale musiek.
יהוה is my Herder, ek sal niks nodig hê nie.
2 Hy laat my rus in groen weivelde;
Hy lei my langs rustige waters.
3 Hy vernuwe my lewe;
Hy lei my op die paaie van onpartydigheid en opregtheid, ter wille van Sy Naam.
4 Al loop ek deur die vallei van die skaduwee van die dood, sal ek geen boosheid vrees nie, want U is by my;
U stok en U staf, hulle vertroos my.
5 U berei voor my ’n tafel voor, in die teenwoordigheid van my teëstanders;
U salf my kop met olie; my beker loop oor.
6 U goedheid en onverdiende guns sal my sekerlik volg al die dae van my lewe
en ek sal vir ewig in die huis van יהוה bly."

1. As hierdie God jou Herder is, sal jy geen onvervulde behoeftes of verwagtings en beslis geen tekort hê nie; **dit is 'n belofte.** Hy maak seker dat ons niks tekort kom wat vir ons goed is nie - as Hy jou Herder is.

2. Hy weet waar jy die beste voeding, fisies en geestelik, sal kry en Hy lei jou Self. Waar Hy jou lei, sal daar rustigheid en vrede wees. As ek in Sy wil bly, in totale oorgawe-vertroue, behou ek Sy Shalom (sien bl. 32). Dit is hoe ons kan weet ons is in Sy wil.

**Is jy op 'n plek waar jy geestelik gevoed word?**

3. Hy herstel ons van alle seerkry en loop self voor om ons te lei op die pad van onpartydigheid en opregtheid ter wille van Sy Naam. Ons bestaan en leef om יהוה en Sy Naam eer aan te doen.
4. Hy hou wag oor en beskerm Sy skape teen alle gevare en vrese, selfs in die skadu van dreigende dood. Dit sluit ook die skadu van demoniese aanvalle in. In יהוה het ons geen vrees vir die bose of enige iets wat ons bedreig nie. Aangesien Hy by ons is en ons in Hom vertrou, is niks anders te veel vir ons nie. Ons voel veilig deur Sy dissipline en Sy outoriteit. Sy dissipline wys ons is kinders en Sy outoriteit wys Hy is in beheer. Wanneer enige een wegdwaal, bring Hy hom terug:
'n Stok om te dissiplineer en 'n staf om nader te trek en bymekaar te hou. Wat ook al gebeur, is onder Sy beheer.
5. Die Wagter oor ons maak ons vyande, hulle wat teen Sy kinders optree, skaam en jaloers deur ons te seën en aan ons 'n fees te gee. Hy gee ons vreugde en blydskap wat oorloop en salf ons met Sy guns, Sy gawes en Sy vrugte.
6. Alles wat goed is sal uit onverdiende guns by Sy kinders gesien word. Dit sal ook nie verander as hulle oud word nie! Hy bring hulle in die skaduwee in as die hitte te veel raak; in tye van vervolging en nood vind Hy 'n veilige plek vir hulle; hulle is tuis by Hom. Sy huis is hulle huis. Daar is ons tevrede en veilig.

Wie is Sy skape? - "My skape hoor My stem, Ek ken hulle en hulle loop saam met My" - **Yog 10:27.** Hulle wat Sy stem hoor en saam met Hom loop kan op hierdie wonderlike beloftes staatmaak.

**Hoor jy die Herder se stem?**

Yeshua het hierdie rol kom vervul vir elkeen van ons en sê self oor Sy herderskap:





**Yog 10:7-16 (uit die oorspronklike Aramees vertaal.)**

"[7] Yeshua het weer vir hulle gesê: "'n Tydlose waarheid sê Ek vir julle: Ek is
onveranderlik dieselfde, die Hek van die skape. [8] Almal wat gekom het, is
diewe en rowers,[Yir 23:1-2] maar die skape het nie na hulle geluister nie.
[9] Ek is onveranderlik dieselfde, die Hek en as iemand deur My ingaan, sal hy
lewe en hy sal ingaan en uitgaan en weiding kry.
[10] Die dief kom nie, as net om te steel, dood te maak en te vernietig nie. Ek
het gekom, dat hulle lewe kan hê en watter oorvloed daar ook al vir hulle
is.
[11] Ek is onveranderlik dieselfde, die goeie Herder. Die goeie Herder lê Sy
lewe neer vir Sy skape,[Yeg 34:23; 37:24; Ps 23]
[12] maar die huurling wat nie 'n herder is nie, wanneer hy ook al die wolf sien
kom, los hy die skape en hardloop weg.
[13] Die huurling hardloop weg omdat hy 'n huurling is en nie vir die skape
omgee nie en die wolf kom bytend na die skape en jaag hulle uitmekaar.
[14] Ek is onveranderlik dieselfde, die goeie Herder, Ek ken My eie en My eie
ken My,
[15] net soos My Vader My ken en Ek My Vader ken en Ek My lewe aflê ter
wille van die skape,
[16] maar Ek het nog ander skape wat nie van hierdie kraal is nie. Ek moet hulle
ook bring. Hulle sal ook na My stem luister en die ganse kudde sal een
wees met een Herder. [Gen 12:3; 18:14; 26:4; Yes 11:10; 54:1-3; 'Am 9:11]

Ek gaan dit aan jou oorlaat om hierdie fantastiese gedeelte vers vir vers te bestudeer en daarin te sien hoe Hy vir Sy skape sorg as die enigste waardige Eienaar en Herder, wat deur יהוה eienaarskap gegee is oor die skape.

**Is dit die God wat jy daagliks in jou lewe ervaar;**
**die Herder wat jou voed, versorg en beskerm deur Yeshua, Sy Seun**
**wat as Goeie Herder aangestel is?**

---

**4.7 יהוה- Shalom = YAHUAH van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid, Rigters 6:24.**

Shalom word dikwels net as vrede vertaal, maar die woord beteken baie meer en verryk ons begrip van Bybelse lering as ons dit in sy volheid sal verstaan. Volgens Dr. David Stern (The Jewish New Testament Commentary) het dit die volgende betekenis: (Dit stem ooreen met dié van woordeboeke).
"The word "*shalom*" means not only "peace" but also tranquillity, safety, well-being, welfare, health, contentment, success, comfort, wholeness and integrity. "*Shalom aleikhem*" means "Peace be upon you" and is a common greeting, as is simply '*Shalom*!' "

Ek het 'shalom' in die Bybel vertaal met vrede, gesondheid, voorspoed, vreugde en vergenoegdheid, wat ek dink 'n redelike samevatting is van die betekenis en waarde van 'Shalom.'
Hier, in ons lering, gaan dit egter oor die Karakter van יהוה wat Homself as die God van 'Shalom' voorstel. In Hom is vrede en **Hy alleen is en gee vrede**. Enige ander vrede is 'n valse vrede wat gebaseer is op wêreldse tevredenheid wat enige oomblik deur omstandighede verander kan word. יהוה se vrede is ten spyte van ons omstandighede. Dit was vir my duidelik toe ek ervaar het hoe Sy vrede steeds in my bly terwyl ek langs die grafte van my ouers gestaan het. Nie vrede oor die omstandighede nie, maar ten spyte van die omstandighede, in Hom. Dit is Sy vrede wat die verskil maak in hoe mense optree in moeilikheid en gevaar. Dit is Sy vrede wat ons verseker dat ons op die regte pad is en nie 'n fout maak nie. Dit is deur Sy vrede weg te neem dat יהוה ons kan waarsku oor dinge of keuses wat nie reg is nie, as ons gehoorsaam wil wees – so nie skep ons ons eie versekering en vrede. Dit is in Sy rustigheid en vrede wat die toekoms verseker is al lyk alles donker en onbekend. As ek in Hom bly, is die toekoms verseker, want Hy is in beheer.

**Is jou lewe in Sy rustigheid en vrede?**

In יהוה alleen is daar vergenoegdheid. Alhoewel dit 'n opdrag is aan die kinders van יהוה, sien ons min daarvan. **Heb 13:5** "Julle gedagtes het nie geld liefgehad nie, maar laat, wat julle ook al het, vir julle genoeg wees, want יהוה het gesê: 'Ek sal jou nooit in die steek laat en jou hand laat los nie.'[Deut 31:6] "





Wat 'n wonderlike belofte! Maar ons wil meer hê, ons is so bang ons het nie genoeg vir môre nie! Ons is so bang ons word in die steek gelaat. Kom ons dink eerlik oor wat ons sê. Is dit dalk dat ons יהוה nie vertrou nie, of is dit dat die god wat ons aanbid nie kan voorsien nie? Die ware God van die Bybel, Yahuah, sorg vir Sy kinders en uit die vorige Karaktertrekke van יהוה is dit duidelik: Hy voorsien genoeg en oorvloedig vir die wat Hom vertrou. Kyk maar na Sy voorsiening vir Sy volk in die wildernis. Gaan probeer bereken hoeveel kos en water 2,5 miljoen mense elke dag nodig gehad het! Ons hoef nie op te gaar sodat inflasie en ekonomiese krisisse alles kan opeet nie, maar soos ons in die Koninkryk van יהוה belê, het ons genoeg dividende om genoeg te hê vir elke dag en elke behoefte. Mag ons onsself as voorbeeld gebruik? Vir 35 jaar vertrou ons Hom in ons gesin, deur die sendingvelde van die Ooste en elders, sonder salaris of vaste inkomste of briefies of beloftes; slegs afhanklik van Hom en soos Hy Sy kinders oproep om te voorsien. Ek kan onomwonde verklaar: Sy Woord en beloftes is waar!

**Is jy tevrede, vergenoegd, met wat Hy voorsien?**

Deel van die seën van 'Shalom' is ook gesondheid, waaroor ons reeds gesels het. In ons groet, met 'Shalom', spreek ons ook gesondheid oor 'n persoon uit.

Die verdere betekenis van 'Shalom' sluit ook voorspoed in. Het jy geweet dat יהוה vir Sy afgesonderde, gehoorsame kind voorspoed belowe in alles waaraan hy sy hand slaan? Kom ons kyk:
**Ps 1:3** "Hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by 'n waterstroom, wat sy vrugte gee op hulle tyd, waarvan die blare nie afval nie en alles wat hy doen, is voorspoedig." Wow!

Dit is 'n belofte vir hom wat nie in die wêreld en wêreldse wyshede sy lewe beplan nie, maar volgens die Woord (wet-opdragte-instruksies-doen) van יהוה, wat hy gereeld bestudeer; hy wat nog vreugde kan vind in die feit dat יהוה vir ons voorskrifte gegee het en dit nie afmaak as wetties nie. Kom ons kyk hoe dit praktyk was in die lewens van hulle wat naby יהוה geloop het.

**2 Kron 31:20, 21 "**So het Hizkiyahu regdeur Y'hudah gedoen en hy het gedoen wat goed en reg was en in waarheid voor יהוה geleef.**[21]** Elke werk wat hy begin het in die huis van יהוה en in die wet en opdragte om sy God te soek, het hy met sy hele wese gedoen **en was voorspoedig**."

**1 Sh'm 18:30** "Toe het die bevelvoerders van die F'lishtyne uitgegaan en dit het gebeur so dikwels as hulle uitgaan dat **Dawid wyser opgetree het** as al die diensknegte van Sha'ul sodat sy naam hooggeëerd was."

**Iyov 36:11** "As hulle gehoorsaam en Hom dien, sal hulle hul **dae in voorspoed** en hul jare in aangenaamheid deurbring."

Dit is onweerlegbaar יהוה se plan vir Sy kinders. Voorspoed is nie te koop met geld nie en is ook nie per geluk nie: dit is יהוה se guns vir Sy kinders wat gehoorsaam is. Ons sien dit duidelik in die negatiewe daarvan as straf vir hulle wat nie gehoorsaam is nie.

**Deut 28:29** "jy sal rondtas op die middag soos die blinde in die donker rondtas en **jou paaie sal nie voorspoedig wees** nie, maar jy sal altyddeur net onderdruk en beroof wees, met niemand om jou te red nie."

**Spr 28:13** "Hy wat sy oortredinge wegsteek, **sal nie voorspoedig wees** nie, maar hy wat sy sonde erken, bely en laat staan, sal liefdevolle omgee ontvang."

Liewe vriend, staan so bietjie stil en oordink jou lewe. Loop alles altyd verkeerd, of is daar meer wat verkeerd loop as wat voorspoedig is? Word jou goed gereeld gesteel of breek dit aanhoudend of raak dit weg of moet jy alles oor doen? Dit is mos nie die God van die Bybel se wil of Sy belofte vir ons nie? Miskien is dit tyd dat ons dit verklaar: "Tot hiertoe en nie verder nie! Vader, wat wil U hê moet ek doen? Waar mis ek U volkome wil vir my lewe? Wat is fout?"

**Dien jy die God wat voorspoed, vrede, vreugde en gesondheid gee en in Wie vergenoegdheid is?**
**Dit gaan voorspoedig met hom wat aanhou vertrou!**
**Nie as 'n beloning nie, maar as 'n belofte.**





## 4.8 יהוה שמה YAHUAH-Shamah = YAHUAH is hier / daar, Yeg 48:35

Shamah - Gegee as die naam waaronder Yerushalayim bekend staan, want Hy is daar! Dit is Sy Naam vir Sy kinders ook, want Hy is hier; en daar; en waar ons ook al gaan. Dit laat my sommer hoendervleis kry!

Is jy bly? **Hy is daar!**
Is jy benoud? **Hy is daar!**
Is jy moedeloos? **Hy is daar!**
Is jy vol verwagting? **Hy is daar!**
Is jy eensaam of alleen? **Hy is daar?**
Is jy verlore tussen 'n skare? **Hy is daar!**
Staan jy langs die graf van 'n geliefde? **Hy is daar!**
Hou jy jou nuwe baba vas in hoop en verwagting? **Hy is daar!**
Is jy jonk en onervare en sien jy op na die onbekende toekoms, sonder hoop in 'n hopelose wêreld wat elke dag al hoe meer korrup word? **Hy is daar!**
Is jy aan die einde van jou lewe, die winterdae waar almal van jou vergeet het? **Hy is daar!**

In watter situasie of plek; in watter uur of seisoen; Hy is altyd daar vir hulle wat Hom soek.
**Hand 17:27** "sodat hulle God kon soek en navraag doen en Hom deur Sy skepping kon vind, want Hy is nie ver van elkeen van ons af nie,"

Nee, Hy is nie ver van die een wat Hom soek nie. Hy is net 'n uitroep of gebed ver. Wanneer is die laaste keer dat jy na Hom toe uitgeroep het? Hy wag om daardie probleem wat jy self probeer oplos en waarvoor geen hoop is nie, vir jou op te los. Roep net, vra net! Doen dit sommer nou!

**Is jou God naby?**

**4.9 יהוה-Tzva'ot = YAHUAH van die hemelse leërmag, 1 Sh'm 1:3.**

Hierdie 'Naam' word dikwels in die Bybel gebruik en telkens waar יהוה as die Aanvoerder in oorlog, Beskermer of Verdediger van Sy volk voorgestel word. Jy moet weet: daar is 'n hemelse leërmag wat teen die bose veg en יהוה se kinders beskerm – daar is 'n geestelike oorlog aan die gang! יהוה self is die Hoof daarvan; dit is Sy Naam, **Yes 1:9; Ya'a 5:4.**

Hierdie oorlog duur voort in die geestelike realm en loop oor in die fisiese wanneer Satan en sy magte ons van יהוה af wil wegkeer of Sy verlossing in ons sonder effek wil maak. Hy steel ons vrede, doen skade, maak ons moedeloos om so יהוה se verlossingswerk in ons teë te staan en te probeer afbreek. Ons laat hom toe deur ongehoorsaamheid, deur nie te vertrou nie en deur sonde. As ons nie aktief teen hom staan en die aanvalle afkeer nie, is dit nie lank nie of ons leef 'n verloor-lewe van vrugteloosheid.
**Ya'akov 4:7** "Wees dan gehoorsaam aan God en staan op teen Satan en hy sal van julle af wegvlug."
Geestelike oorlogvoering is 'n onderwerp op sy eie – maak seker jy is bewapen, voorbereid, aangestel, bekragtig en gereed om deel te wees van die aardse deel van die groot geveg waaroor יהוה self ons Aanvoerder is. Baie kinders van יהוה is vrugteloos en leef 'n lewe nie baie anders as die wêreld nie omdat hulle nie die oorlog verstaan, of hulle rol in die stryd, of die Een wat in beheer is nie. Ons is nie geroep om teen regerings of mense te baklei nie en ook nie vir een of ander goeie doel nie! Die dinge wat rondom ons gebeur, en met ons, word nie veroorsaak deur mense nie, maar is deel van die stryd teen die bose. Identifiseer die vyand, **Efe 6:10-11** en dan, baie belangrik, identifiseer die Bevelvoerder saam met Wie jy baklei: יהוה, die Bevelvoerder van die hemelse leërmag!

**Baklei jy saam onder Sy bevel, in oorwinning?**

Hier is vir jou 'n verklaring om te maak - doen dit hardop - daagliks!

Die vyand sal probeer om jou van die teenoorgestelde van hierdie dinge te oortuig. Bestudeer die Skrif - staan daarop as die waarheid en verklaar dit as waarheid. Onthou, as jy nie dit wat die Skrif sê, doen nie, is dit moeilik om te glo dat jy dit glo! Vertrou en doen!
Dit is nie 'n gebed nie! Dit is 'n verklaring!





**4.9.1 Verklaring van Oorwinning**

**Ek verklaar persoonlik voor alle magte wat die bloed van Yeshua, Die Gesalfde Een vir my gedoen het volgens Sy Woord:**
**Ope 12:11 -** "en hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur Sy getuienis en hulle het hulle lewe, tot die dood toe, nie liefgehad nie."

**Deur die bloed van Yeshua is ek bevry uit die hand van Satan**:
**Ps 107:2 -** "wat Hy losgekoop het uit die hand van die onderdrukker"

**Deur die bloed van Yeshua is al my sondes vergewe**:
**I Yog 1:7 -** "en die bloed van Yeshua, Sy Seun, reinig ons van alle sonde."

**Die bloed van Yeshua reinig my voortdurend van al my sondes:**
**Efe 1:7 -** "In Hom is daar vir ons die vryspraak en deur Sy bloed die vergifnis van sonde"

**Deur die bloed van Yeshua is ek onskuldig verklaar, opreg en onpartydig asof ek nog nooit gesondig het nie:**
**Rom 5:9 -** "noudat ons onskuldig verklaar is in Sy bloed,"

**Deur die bloed van Yeshua is ek gereinig en afgesonder vir יהוה:**
**Heb 13:12 -** "daarom het Yeshua ook, om die mense deur Sy eie bloed af te sonder, buite die stad gely."

**My liggaam is 'n tempel van die Gees wat Afgesonderd is, gered en gereinig deur die bloed van Yeshua:**
**I Kor 6:19-20 -** "Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Gees wat Afgesonderd is, wat in julle bly, wat julle van God gekry het, is nie? Julle behoort nie aan julleself nie, want julle is gekoop vir 'n prys. Bring daarom eer, lof en aanbidding aan God in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort."

**Satan het geen plek in my nie en hy het geen outoriteit oor my nie, deur die bloed van YESHUA**,
**want aan Hom, יהוה, die Lewende God, behoort al die krag en die mag en die outoriteit – tot in ewigheid - Amen**.

Die God wat ons aanbid, het ons die outoriteit gegee om in gehoorsaamheid en in oorwinning te leef. Leef dit daagliks!

**4.10 יהוה-Tzidkenu = YAHUAH, ons Onpartydig en Opregte, Yir 33:16**

Die ou vertalings lees "geregtigheid" en dit is 'n mooi woord, maar ek het verkies om die woord se betekenis deur te gee. Dit is 'n regsterm – dit veronderstel onskuld en onvervalstheid deur 'n regte optrede en gesindheid = opregtheid. Dit stel ook 'n onpartydigheid voor wat die reg vir almal, in alle tye, dieselfde beoordeel. Dit is die kern van die lewe wat יהוה van ons begeer, want dit is Wie Hy is! **Daar is geen partydigheid in Hom nie** – almal het dieselfde geleentheid en kans in die oë van יהוה.

Daar is groepe wat verkondig en glo in 'n 'uitverkiesingsleer' wat die mens geen kans gee om te besluit nie en waarin alles vooraf bepaal is, sonder keuse: יהוה kies wie Hy wil ongeag hoe die persoon leef en dan noem ons dit 'genade.' Ek wil ernstig waarsku dat dit bots met die regverdige, onpartydige יהוה wat Homself aan ons deur hierdie Naam voorstel. Ja, יהוה kies wie Hy wil om Sy taak uit te voer, maar nooit sonder dat Hy weet hoe die persoon sal reageer en sonder dat die persoon 'n keuse het nie. Selfs Yisra'el het deur die eeue bewys dat hy die verkeerde keuses kan maak al is hy deur יהוה gekies om Sy opdragte en standaarde aan die nasies te leer!! יהוה het Ya'akov bo Esav gekies omdat Hy sy hart geken het voordat hy gebore is en geweet het dat hy nie eens die Godgegewe eersgeboortereg sal erken en ag nie, maar sy eie begeertes voorop sal stel. Sy onverdiende guns gee ons die geleentheid om te kies. Dit is nie Vader se wil dat enige een verlore sal gaan nie, **Yeg 18:23,32; 1 Thes 5:9; 1 Tim 2:4** so hoe sou hy mense geskep het met die doel om verlore te gaan? Verwerplike gedagte. יהוה het hulle gekies wat vir Hom 'n keuse gemaak het. Bestudeer die volgende vers wat die vraag eens en vir altyd behoort te antwoord:

**Ps 91:14** "**omdat** hy My lief het **daarom** sal Ek hom bevry; Ek sal hom hoog oplig **omdat** hy My Karakter en Outoriteit ken."

Jy het nie 'n vrypas om enige iets te doen net omdat jy in elk geval 'uitverkies' is of nie; jy sal verantwoording doen, want jy het die verantwoordelikheid om te reageer op Sy liefde en offer.

יהוה is oneindiglik **opreg**. Daar is geen sprake van valsheid, wat 'n teenoorgestelde is van die konsep van יהוה nie. Hy sal niemand ooit bedrieg of vir hom lieg nie. **Num 23:19** "Die Magtige God is nie 'n man dat Hy sou lieg nie of 'n mensekind dat Hy jammer sal wees nie. Het Hy gesê en sal dit nie doen nie of het Hy gepraat en sal dit nie waar maak nie?"

יהוה kan nie lieg nie, want dit is nie dat Hy waarheid het nie: **Hy is Waarheid!**





Uit Sy karakter van waarheid is dit onmoontlik om te lieg of vals te wees. Dit het 'n wonderlike gevolg en betekenis: dit beteken dat **al יהוה se beloftes WAAR is**. Nie net al die beloftes wat Hy dalk vir jou persoonlik gemaak het nie, maar **AL Sy beloftes** wat in die Woord van יהוה is!! Hy is ook nie jammer Hy het hulle gemaak nie, maar verheug Hom in die seën en genot van Sy kinders. Weereens is dit ons wat die beloftes kan keer om waar te word. יהוה het ons nie gekies om ons te seën en nou kan ek maar doen wat ek wil en יהוה sal my seën nie. NEE. **Sy beloftes het voorwaardes by.** Ja, soms is Sy onverdiende guns so groot oor ons dat ons ten spyte van ons ongehoorsaamheid steeds van Sy seën ontvang, al is dit nie in volle mate nie. Tog mis ons die grootste gedeeltes van Sy beloftes in en oor ons lewens deur nie gehoorsaam te wees aan Sy vereistes nie. Kom ons kyk na net so paar voorwaardes:

**Yes 66:2** "Want My Hand het al hierdie dinge gemaak, so het dit alles ontstaan," verklaar יהוה, "maar na hierdie een sal Ek kyk, na hom wat nederig is, berouvol van gees en wat My Woord respekvol vrees."

**Luk 14:11** "want elkeen wat homself oplig, sal verneder word en wie **homself verneder,** sal opgelig word."

**Spr 22:9** "**Hy wat 'n goeie oog het (vrygewig is)** sal geseën word, want hy gee van sy kos vir die armes."

**Deut 28:2** "Al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou oorweldig **as jy יהוה, jou God, gehoorsaam:**"

Gaan kyk nou na al יהוה se seëninge wat in **Deut 28** beloof word vir hulle wat aan Sy wil gehoorsaam is.

יהוה is altyd getrou aan al Sy beloftes en deel van Sy beloftes is dat Hy wag om te sien of jy gehoorsaam is. Net soos יהוה waarheid is, is Sy Boodskap, die Bybel, ook waar in alles. Dit is Sy woorde en is asof deur Homself aan jou gegee. Let op, aan jou = nie vir 'n ander tyd nie - Nee - NOU vir jou.

יהוה is nie net opreg in alles nie, maar ook onpartydig. יהוה se standaarde, Sy beloftes, Sy voorwaardes en Sy straf is vir almal dieselfde. As יהוה iets belowe het, het Hy dit ook vir jou belowe. Hy vra net afgesonderdheid.

יהוה is onpartydig en opreg in en deur Sy oordele - **Gen 18:25; `Amos 3:2; Heb 6:10** in Sy vergifnis vir die wat berou het en omdraai - **Ps 51:14; Yes 11:3,4**, in verlossing - **Yes 46:13; 45:24,25**. Hy red en herstel mense se lewens - **Yes 60:21; 54:13; 61:10** en gee oorwinning aan die getroues. - **Yes 50:4-9; 2 Kefa 3:13,14**.

**Erken jy יהוה en Sy Woord as waar en eg?**
**Glo en vertrou jy Hom in alles?**

**4.11 יהוה-Yir'eh = YAHUAH sal voorsien, Gen 22:14.**

Saam met Sy beloftes en die vorige punt dat Hy getrou is om Sy Woord na te kom, is dit logies dat Hy ook die Voorsiener is. Pasop dat jou werkgewer nie jou voorsiener in jou gedagtes is nie – dit is ons Vader wat ook deur hom kan voorsien in wat ons nodig het. Ons verwagting moet altyd van Vader wees, want Hy is die Een wat voorsien.

Hy voorsien soos 'n Vader wat omgee; **net dit wat goed is**, gee Hy vir Sy kinders. Hy sal geen skadelike, verslawende of bose ding vir Sy kinders gee nie!

**Deut 1:25** "Hulle het van die vrugte van die land in hulle hand geneem en dit na ons toe afgebring en aan ons verslag gegee en gesê: ‘Die land wat יהוה, ons God, aan ons gee, is goed.’"

As dit van יהוה kom, is dit goed.

**Deut 28:4** – "Geseënd sal wees die nakomeling van jou liggaam, die vrugte van jou grond en die nakomeling van jou vee, die vermeerdering van jou beeste en die lammers van jou kleinvee."

In daardie selfde stukkie land het Yisra'el al meer reggekry as meeste nasies – te midde van woestyn en wildernis (wat so is weens hulle ongehoorsaamheid). Dit is nie die grond wat dit goed maak nie, maar omdat dit deur יהוה gegee is. As Hy vir ons iets gee, moet ons net uitvind hoe om dit tot Sy eer aan te wend en dit sal voorspoedig wees.

**Hand 14:17** "terwyl Hy Homself nie sonder getuienis gelaat het nie, deur baie te doen: van die hemel af vir ons reën en vrugbare tye te gee en ons verstand, wil en emosie te vul met vreugde en vrolikheid."

Dit is hoe Hy gee – wat goed is; op elke terrein waar jy van Hom vra. Vra en jy sal kry. Kyk na Sy verbondsbelofte, want **Hy is die God van die verbond** – die God wat ons moet dien en gehoorsaam.

**Yir 32:40** "Ek sal ’n ewige verbond met hulle sluit: dat Ek nie sal wegdraai daarvan om aan hulle goed te doen nie en Ek sal My respekvolle vrees in hulle verstand, wil en emosie gee sodat hulle nie van My af sal wegdraai nie."

Sy ewige verbond met ons is om aan ons goed te doen. Alles wat van יהוה af kom is goed. Dit lyk dalk nie so op die oppervlak nie, maar wees verseker en vertrou Hom. Miskien is daar iets wat jy op hierdie oomblik van Hom wil vra – vertrou Hom en vra **- Ps 37:4,5**

**Is Hy jou daaglikse Voorsiener in al jou behoeftes?**





**4.12 יהוה-Tzuri = Yahuah is die Rots, I Sh'm 2:2.**

**Deut. 32:4** "Die Rots! Sy werke is volmaak, want al Sy metodes is regverdig; 'n Magtige God van vertrouenswaardigheid en sonder onreg; regverdig en opreg is Hy." #

Dit bevestig en wys na baie dinge waaroor ons al gepraat het. Hy is die Rots – **Deut 32:15,18** sê dat ons uit die Rots - die Magtige God - gebore is. Hy is die versekerde fondasie waarop ons kan bou. Die onwankelbare vesting. Hy is ook die enigste ware Rots. **2 Sh'm 22:32; Yes 26:4.**

Ons hoef nie bang te wees nie. As ons op die Rots staan, kan geen stormwind of brander ons afslaan nie. Daar is dan 'n standvastigheid in ons lewe wat nie deur omstandighede verander word nie. Toe daar 'n nuwe regering in ons land gekom het, het baie mense weggehardloop. Dit lyk asof ons mense se rots uit die regering bestaan het, asof dit ons sekuriteit en waarborg op 'n toekoms is. Die standvastige Rots sal ons nie in die steek laat as Hy ons Rots is waarop ons staan nie. As die storms teen ons slaan en die toekoms lyk donker en sonder hoop, op watter rots staan jy?

Dieselfde geld vir leringe - die mensdom val heen en weer tussen verskillende leringe van mense. As ons nie meer die tradisie van een groep volg nie, dan volg ons die ander groep se tradisies. Vanaf pous tot Rabbi word mense rondgeslinger sonder oortuiging. Op watter Rots is jou lering gevestig?

**Vader, dankie dat U vir my 'n ewige Rots is waarop ek vas kan staan!**

Hoe lyk dit? Is dit nog die God van die Bybel wat ons aanbid, of moet ons 'n paar gedagteveranderinge maak. Wat ons glo, word nie in die Bybel gesoek en bewys nie, **maar wat die Bybel leer, moet bepaal wat ons glo,** dan kan ons Sy verbond verstaan. Dit is die enigste en ware God Wie se Karakter in die Skrif gewys word.

**Vader, openbaar U Karakter aan my, dit wat ek moet wees en leef!!**

# 5. Verdere Karaktereienskappe wat gebruik word

## 5.1 Eloha, Elohim – gebruike vir die woord God

Die woord "God", is 'n gewone selfstandige naamwoord (soortnaam) en word in hierdie boek gebruik met die volgende verwysings:

1) daar is 'n algemene misverstand dat die Hebreeuse woord "elohim" in die Tanakh gebruik word vir die Skepper-lewende-God. Hierdie woord kom egter net in die Masoretiese teks voor wat in 1000 na Yeshua eers voltooi is. Dit is 'n meervoudvorm wat net vir gode en mense gebruik word in die antieke Hebreeus en die LXX Griekse vertaling asook die Peshitta Tanakh in Aramees. Die woord beteken eintlik "Magtiges met outoriteit."
   Die Aramese en Griekse kopieë en die Antieke Hebreeuse bronne gebruik net 'n enkelvoud vorm wanneer na die Skepper lewende God verwys word. Die Hebreeus is "eloha" met 'n verkorte vorm van "el". Antiek is hierdie 2 egter afsonderlik gebruik. El was die naam van die hoof Kenanietiese afgod en die pantion gode is elohim genoem; **dus gebruik ek dit nie vir die Skepper-God nie.**
2) die woord *eloha* "God" is die **algemene woord -** selfstandige naamwoord en nie 'n naam nie - wat na God of god verwys en is in die enkelvoud. Letterlik beteken dit **"Die Magtige met outoriteit."** Net in Iyov word 'eloha' 40 keer gevind. Dit word selde gebruik as verwysing na 'n afgod of enige ander god behalwe in **Dan 11:37,38** en **2 Kron 32:13-15**. In alle ander gevalle verwys dit slegs na יהוה, die God van Yisra'el, **Deut 32:15; Ps 50:22; 139:19; Spr 30:5; Iyov 3:4, 23**.
3) die woord, *eloha,* word (**Eks 12:12; 18:11; 20:3**) meer as 2,000 keer, verwysend na die ware God, gebruik. Baie keer met die voorvoegsel, *ha-eloha*, wat dit DIE God of die ware God maak.
4) In die Masoretiese teks word die woord met 'n meervoud werkwoord of byvoeglike naamwoord gebruik (**Gen 20:13; 35:7; Eks 32:4,8; Ps 58:12**) en baie in die uitdrukking *elohim hayyim*, "die lewende God." In die groot meerderheid van gevalle word dit egter aangaande die God van Yisra'el in die enkelvoud gebruik, al is dit in die meervoud geskryf. In die Hebreeuse grammatika verwys die meervoud agtervoegsel nie noodwendig na 'n meervoud nie. Meeste studente neem dit as 'n abstrakte idee verwysend na die grootheid; daarom die meervoud. Die woord, *elohim*, word ook gebruik om iemand uitermate groot te beskryf, soos die gees van Sh'mu'el (**1 Sh'm 28:13)** en geeste (**Yes 8:19**), die huis van Dawid (**Z'kh 12:8**), die berg van Bashan (**Ps 68:16**) en Ragel se kompetisie met haar suster (**Gen 30:8**).





5) 'n Verkorte vorm "el" word gebruik met die letterlike betekenis van "magtige".

Dit is die algemene begrip van dit wat heers oor 'n persoon en outoriteit het oor hom, wat dus in enige taal vertaal kan word in die taal se begrip van god, soos die woord "God" vir ons is; dit is nie Sy persoonlike Naam, wat alleenlik יהוה is, nie, maar 'n selfstandige naamwoord - 'n magtige of magtige met outoriteit wat heerskappy oor my gegee word.
"God" moet dus gelees word as Magtige met outoriteit!

---

## 5.2 Karaktertrekke wat voorafgegaan word deur die woord 'El'

**5.2.1 El** beteken letterlik "Magtige". Dit word egter in verwysing na God gebruik; dus verwys dit na die enigste ware Magtige God, יהוה en na geen ander ding wat deur mense aanbid word nie.

(Ons bespreek net name wat nie reeds hierbo genoem word nie.)

**5.2.2 El-Elohei** Yisra'el - Die Magtige God is die God van Yisra'el.
**5.2.3 El-`Elyon -** Die Allerhoogste, Magtige God
**5.2.4 El-Gibbor -** Magtige God van krag

### 5.2.5 El-`Olam = die Ewige Magtige God

God is Ewig: nie beperk tot menslike beperkings en grense nie. Ons dink in tyd en niks kan sonder tyd bestaan nie, maar יהוה en Sy Sfeer is anders. Daar is geen tyd soos ons dit ken nie. Wanneer ons sterf, glo ek Sy kinders beweeg in hierdie tydlose sfeer in en daarom moet ons versigtig wees om tyd en volgordes te stel, vir die tydperk nadat Yeshua weer gekom het.

In **Open 4:8-10** word hierdie God besing as die Ewige. Miskien is dit goed as ons dit ook doen.
**Gen 21:33**, "Hy het 'n tamarisk in Be'er-Sheva geplant en daar die Naam van יהוה, El-`Olam (die ewige Magtige God), aangeroep."
Avraham bevestig 'n verbond (kontrak) met Avimelekh deur יהוה as El-`Olam te erken. Dit maak die verbond ewiglik geldig. Dit is 'n tydlose verbond soos wat die God wat hy as Getuie oproep 'tydloos' – Ewig is. Ons besef nie altyd dat יהוה geen begin het nie, Hy was nog altyd, maar vir Hom is dit nie 'was' nie, maar IS. Hy is die Ewige EK IS – tydloos. Dink 'n rukkie daaroor en jy sal gou agterkom ons het nie so 'n begrip nie.
Ons is beperk tot ruimte en tyd, maar nie יהוה nie.

**Wat 'n sekuriteit! - My verlede, hede en toekoms is vas in Hom.**

**Yes 40:28** "Weet jy dit nie? Het jy dit nie gehoor nie? **Die Ewige God**, יהוה, die Skepper van die eindes van die aarde word nie moeg of vermoeid nie; Sy insig is onbepaalbaar."
**Yir 10:10a** "maar יהוה is die Ware God; Hy is die Lewende God en die Ewige Koning; ..."
**Eks 15:18** "יהוה sal regeer, vir ewig en ewig."

Hy is nie net die Ewige God nie, maar ook die Ewige Koning. Dit beteken Hy is altyd in beheer. Hy weet presies wat om jou aangaan en is in beheer as jý oorgegee is aan Sy wil. **Yes 52:7; Ps 47:9; 59:13; 146:10; Dan 4:17; 5:21 Hy heers van alle tye af oor alles.** (Hy is ook die Ewige Sterkte, **Yes 26:4**.) Daar is by Hom beskerming, kennis en vreugde. Hy is vir Ewig, altyd dieselfde. Daar is niks tydeliks by God nie. As Hy vergewe, is dit vir ewig; as Hy belowe, is dit vir ewig; Sy verbond is vir ewig. Watter troos is dit nie vir Sy kinders nie!

**Dan 12:7** noem Hom "Die Een wat ewig lewe." Die letterlike is Ha-`Olam wat beteken 'Die Ewige Een.'
Dink net: die lewe wat יהוה bied aan hulle wat Hom gehoorsaam, is dieselfde lewe wat Hy het – Ewige lewe!
**Deut 33:27** "Die ewige God is 'n Blyplek, onder ons is die ewige arms; Hy het die vyand voor jou uit verdrywe en gesê: 'Vernietig!'"

**Daar is geen deel van יהוה of Sy beloftes wat ooit verbygaan nie!**

---

### 5.2.6 El-Ro'i = Die Magtige God sien, Gen 16:13

Volgens **2 Sh'm 16:12** en **Nag 3:6** kan Ro'i beteken "God van visie" of **Iyov 7:8** "die God wat my sien."
Daar is 2 aspekte van hierdie wonderlike eienskap van God ter sprake.

**1.** In al my probleme, my moeilike tye en in gevaar sien Hy my! Ek is nie alleen nie. As mense my onregverdig behandel en dit lyk asof daar nooit reg gaan geskied nie, sien Hy dit. As ek iets goeds doen wat niemand sien nie en dit lyk asof niemand dit waardeer nie, sien Hy dit. Niemand anders hoef dit te sien nie, Hy sien dit. Ons houding en gesindheid sal sommer anders wees as ons net alles doen dat Hy dit kan sien – en Hy sien dit! **Gen 16** vertel die wonder dat Hy die slavin nie vergeet het nie. יהוה het haar onthou, gesien en gehelp. Niemand, ook nie jy, word deur Hom gemis nie.





**2.** Die tweede aspek behoort mense anders te laat leef en optree, maar dit is asof mense dit nie besef nie, of nie omgee nie: **Hy sien alles!** Daar is niks wat jy vir Hom kan wegsteek nie. Mense leef asof niemand sien nie en asof niemand daarvan sal weet nie. Hy sien tot selfs jou gedagtes! Elke vals woord, elke korrupsie, elke onregverdigheid, elke gesindheid, dit sien Hy.

**Leef jy asof יהוה alles sien?**

---

### 5.2.7 El-Shaddai = Die Magtige God is meer as genoeg (Eks 6:3)

Die gewone vertaling wat gegee word van die woord 'Shaddai' is Almagtige, dus: Die Magtige, Almagtige God. As ons egter kyk na die onderafdelings se betekenis: s*ha*, 'wie,' en *dai*, 'genoeg,' of 'Hy wat in Homself genoeg is' of 'voldoende, in staat,' dink ek my betekenis hier bo hou water in sy betekenis.

Die volle Naam, El-Shaddai, word net in verband met Avraham (**Gen. 17: 1**), Yitz'gak (**Gen. 28:3**) en Ya'akov (**Gen. 35:11; 43:14; 48:3**) en in verwysing na al drie, (**Eks 6:3)** gebruik: "Ek het aan Avraham, aan Yitz'gak en aan Ya'akov verskyn as El-Shaddai (Die Magtige God wat meer as genoeg is) en was Ek nie met My Naam, יהוה, aan hulle bekend nie?"

Van die begin af het יהוה vir Sy volk van die Verbond gesê dat Hy meer as genoeg is in alle opsigte. Hy is 'Yireh', wat voorsien, maar Hy is baie meer: Hy wat meer as genoeg is in alle opsigte. Vertrou Hom wat meer as genoeg is en maak staat op Sy Naam.

Die woord "Shaddai" kom voor as God se Naam in die verhale van Bil'am (**Num 24:4,16**), in poëtiese dele (**Yes 13:6; Yeg 1:24; Yo'el 1:15; Ps 68:15; 91:1; en 31 keer in Iyov**), asook in prosa (**Rut 1:20–21**). Meer nog, 'Shaddai' is 'n element wat in ou Yisra'elitiese name, soos `Ammishaddai ("Volk van Shaddai": **Num. 1:12**) en Tzurishaddai ("My Rots is Shaddai": **Num. 1:6**) gebruik word.

---

## 6. Koning = Koning van Yisra'el, Open 19:16

Daar word gereeld na יהוה verwys as "Koning" of "Koning van Yisra'el," en so word Sy heerskappy oor Sy gekose volk beskryf: om aan hulle vrede, geluk, verlossing, beskerming en sorg te gee.
**1 Sh'm 12:12:** Voor die volk vir 'n koning gevra het, het Yisra'el geen ander konsep gehad as dat יהוה hulle Koning is, soos die nasies menslike konings het nie. **1 Sh'm 8:7 -** "יהוה sê vir Sh'mu'el: "Luister na die stem van die volk in alles wat hulle vir jou sê, want hulle het jou nie verwerp nie, maar hulle het My verwerp om Koning oor hulle te wees."

Later is na die Dawid-troon verwys as 'die Troon van יהוה' en hulle wat daarop sit word beskou as die afgevaardigdes van יהוה, die Lewende God, **1 Kron 17:14; 28:5; 29:23.** Nie net die volk as geheel nie, maar ook indiwidue noem Hom "Koning" (**Ps. 5:3; 44:5; 84:4**).
**Yes 44:6; Ps 47; 93:1-2; 96:10; 97:1; 98:6; 99:1,4** beklemtoon יהוה se Koningskap oor Yisra'el en die verse rondom verklaar en wys hoe Hy regeer en sorg.

### 6.1 Kom ons kyk na Sy Koningskap uit Psalm 47

**:3** "want יהוה-Elyon, (die Allerhoogste Magtige God), word respekvol gevrees! Hy is 'n groot Koning oor die hele aarde."
Hy is nie net Koning oor Yisra'el nie, maar oor die hele aarde. Soos 'n koning moet Hy die respek kry wat Hom toekom as die enigste perfekte Heerser. As die koning van 'n nasie sal verbygaan – hoe word hy gegroet; of as hy 'n afspraak maak, word dit nagekom? As die Koning van konings dan met ons 'n afspraak maak of vir ons 'n opdrag gee, kom ons dit na? Trek ons met respek aan? 'Ag, maar dit maak nie saak nie! God kyk na my hart!' - Jy is reg, hy kyk na die afgesonderdheid van jou hart. Of maak dit saak? Dit is juis as ons vergelyk hoe ons optree teenoor 'n aardse 'belangrike persoon' dat ons sien dat die gesindheid van ons binneste tog saak maak. Hoeveel word spandeer aan mense (vermaak ens.) of byeenkomste of sport en hoe lyk dít wat ons aan God gee?

**Vrees ons Hom met respek as Koning oor ons lewe?**

**:4** "Hy onderwerp volke onder ons en nasies onder ons voete."
Dit is belangrik om te let op die Een wat die onderwerping doen. Dit is nie ek wat die magte van die bose of die teëstanders van יהוה onderwerp nie, maar Hy, die Koning van konings. Dit is ook nie ek wat Satan onderwerp





onder my voete nie – dit is die Koning wat dit doen. Ons kan die oorwinning behaal slegs as die Koning die vyand onder ons voete verneder, **Rom 16:20.** As ons nie gehoorsaam leef, kan Hy nie die vyand voor ons verneder nie.

**:5** "Hy het ons gekies vir die erfenis en vir die eer en lof van Ya'akov, wat Hy lief het."
Is dit nie wonderlik dat die Een wat beter weet as ek, my erfenis uitkies nie, want Hy weet beter as ekself wat ek nodig het. Hy is ook steeds bekend as die God van Ya'akov (Yisra'el), die volk vir wie Hy lief is.

**:6** "God het opgegaan met 'n uitroep van vreugde, יהוה met die klank van die ramshoring."
Hier is dit maklik om die punt te mis as ons nie die ou gebruike verstaan nie. Een van die hoof gebruike van die ramshoring (Shofar) was om die koms, teenwoordigheid en beweging van die koning aan te kondig. Mense het Hom dan met vreugde tegemoet gegaan. Hier word Sy Koningskap juis op dieselfde manier erken. Die Koning, wat deur Vader aangestel is oor Sy skepping, het gekom met die klank van die ramshoring! Ja, Yeshua het gekom op die "Fees van die Blaas van die Shofar" toe die volk, onbewus daarvan, die ramshorings geblaas het. Daar was húlle, die skaapwagters en die geleerdes, wat bly was en saam met die engele gejuig het. Hy kom weer! Wéér sal dit aangekondig word met die blaas van die ramshoring, asook met die trompet wat die volk bymekaar moet roep.
**1 Thes 4:16; Num 10:2-3.**

**Verwag u die laaste blaas van die ramshoring en trompette, wanneer die Koning weer kom, met vreugde?**

**:7** "Sing en maak musiek tot God, sing en maak musiek! Sing en maak musiek tot ons Koning, sing en maak musiek!"
Hierdie is 'n opdrag om Hom as Koning te besing en bly te wees oor Sy Koningskap. Wees bly, want solank Hy in beheer is, kan ons bly wees of is Hy dalk nie in beheer nie? Is dit die rede hoekom mense geen vreugde meer het nie?

**:8** "Want God is die Koning van die hele aarde; sing en maak musiek met insig."
O, Hy is! Hy is in beheer oor die ganse aarde. Hy is die Koning wat heers oor volke en nasies. Saam met Sy Koningskap gaan ook Sy beloftes, maar in Sy goedheid dwing Hy niks van Sy heerskappy af op die mens nie. Hy

het aan jou die vrye keuse gegee om Sy Koningskap te aanvaar en daarmee saam Sy beloftes. Dit is altyd interessant om te sien hoe mense, wat nie Sy Koningskap aanvaar nie, verwag om in Sy beloftes te deel. **1 Yog 2:3,4** "Hieraan weet ons dat ons Hom ken, as ons Sy opdragte uitvoer. [4] Hy wat sê: ‘Ek ken Hom’ en Sy opdragte nie uitvoer nie, is ’n leuenaar en die waarheid is nie in hom nie,"

יהוה is ook Koning oor die **hele aarde**, oor alle nasies en volke. Hy wat vir homself die alleenheerskappy van die Koning toe-eien, net vir hom en sy groep, ken nie Sy verbond nie en het deel aan 'n ander verbond as die verbond van die Lewende God. **1 Yog 2:2** "want Hy is die Vryspraak en Toedekking vir ons sondes en nie alleen vir ons s’n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld." Lees asseblief weer mooi wat die vers leer.

**:9** "יהוה regeer oor die ander nasies; יהוה sit op Sy Afgesonderde troon."
Net 'n bevestiging van die stelling hierbo, ingeval u gedink het dit verwys na 'n sekere nasie op die aarde, sien ons, nee, dit is al die nasies afsonderlik en saam. Hy wys Sy outoriteit deurdat Hy op die troon sit. Hy beklee die posisie van outoriteit en Yeshua het hierdie outoriteit ontvang om te heers.

**Mat 28:18** Yeshua het nadergekom en met hulle gepraat en vir hulle gesê: "Alle outoriteit in die hemel en op aarde is aan My gegee en soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle."

**Rom 9:21** "Of het die pottebakker nie outoriteit oor die klei, om uit dieselfde bol die een voorwerp tot eer en die ander tot oneer te maak nie?"

Hy het volle outoriteit as Koning om in Sy skepping te doen volgens Sy beste wete en plan.

**:10** "Die prinse van die volke het teruggedraai na die God van Avraham, want die heersende outoriteit oor die aarde behoort aan יהוה en Hy word hoog opgelig!"

Weereens 'n bevestiging: vanuit al die volke staan hulle leiers as die volk van יהוה, dit is, asof hulle Yisra'el is. (Yisra'el = hulle oor wie die Magtige God heers.) יהוה se verbond en beloftes is waar vir hom wat Hom volg en gehoorsaam. Hulle staan voor Hom vir hulle beskerming – 'Hy het die skilde van die aarde.' Dit is net Hy wat die outoriteit het om jou te beskerm teen enige en alle aanvalle; nie jou 12 voet heining nie, maar die sekuriteit wat in Hom is. Hy is die beskerming oor elkeen van Sy kinders. Net sonde, ongeloof en gebrek aan vertroue kan die skild wegkeer.

**Is Hy jou Koning en Beskermer?**





Profetiese verklarings oor die toekoms word ook vanaf Sy troon as Koning gemaak.

**Yir 46:18** "So waar as wat Ek leef," verklaar die Koning, Wie se Naam יהוה Tzva’ot is, ..." (**Yir 48:15; 51:57**).

## 7. Adonai - Die Meester

Die Hebreeuse woord *adon* word in Engels vertaal as "lord" en in die Ou Afrikaanse Vertaling (1933 en 1953) as Here of Heer. Die woord word in die Bybel gebruik vir enige persoon met outoriteit omdat dit die betekenis het van 'baas', of dan meer korrek 'Meester.' **Gen 42:30 -** Heerser van 'n land; **Gen 24:56 -** meester van 'n slaaf; **Gen 18:12 -** die man van 'n vrou.

God is "Meester *[adon]* van die hele aarde" (**Y'ho 3:11**) en word daarom as "My Meester" (Adonai) aangespreek.

Oorspronklik is die gekombineerde naam van "Adonai יהוה" gebruik as God se Naam, wat steeds so behou is in die Aramees. '**MarYah**' ܡܪܝܐ bestaan uit 2 dele: Mar = Meester en Yah = יהוה, in die enkelvoud, wat letterlik beteken Meester-יהוה en wat deurgaans as God se persoonlike Naam gebruik word **- Gen 15:2,8; Deut 3:24; 9:26**.

Later, met die Griekse vertaling, is die "Meester" met 'kurios' vervang en as gevolg van die kombinasie woord "Maryah," is ook God se persoonlike Naam, יהוה, as kurios vertaal. Ek dink u kan duidelik vanuit die Aramees sien hoe die verandering gemaak is as gevolg van die vertaling na Grieks. Ons het egter Sy Naam in die vertaling van die PWL Bybel behou aangesien 'n naam nie vertaal kan word nie en dit die Karakter en Outoriteit verteenwoordig.

Hy is ons Meester, Baas en Besluitnemer, alles ingesluit in Sy **Naam,** יהוה, **wat nooit verander het nie.**

Die Bybel verwag ook ons moet Hom as Meester en Baas erken deur te **doen** wat Hy beveel. J**ou dade bewys of Hy werklik jou Meester is en heers oor jou.** Yeshua word ook "My Meester" genoem en hier wil ons graag die verskil uitwys, wat baie belangrik is.

**Ps 110:1** ’n Gedig van Dawid, met instrumentale musiek. יהוה het met my Meester gepraat: “Sit aan My regterhand totdat Ek U vyande U voetstoel maak.”

Hierdie vers is deur die Fariseërs en deur Yeshua self gebruik om na die Gesalfde Een te verwys. Dit vertel vir ons dat die verhouding tussen God en Yeshua díe van ‘godheid’ en ‘nie-godheid’ is. Die Gesalfde Een word

adoni (my meester) genoem en in elkeen van die 195 keer wat dit voorkom beteken adoni (my meester) ’n meester of baas wat nie God is nie. Adonai (met ’n lang klinker) aan die ander kant, verwys uitsluitlik na die Een God in al 449 keer wat dit voorkom. Adonai is die titel van ‘godheid’ en adoni verwys nooit na ‘godheid’ nie. Dit moet ook onderskei word van Adonai, met ’n kort klinker, wat ’n gramatikale byvoeging het en wat “ons meester” beteken.

As die Gesalfde Een “Adonai” genoem is, sou dit “twee gode” in die Bybel voorgestel het en dit is veelgodedom.

Ps 110:1 behoort ons almal te wys en te beskerm teen die veronderstelling dat daar twee is wat God is. Die feit is dat die Gesalfde Een, die mens (tweede Adam) en aspek (qnoma) van die Een God is.

Ps 110:1 is een van die tekse in die Bybel wat die Seun definieer teenoor die Vader wat die enigste God is.

**<u>Woordeboek:</u>**
(Brown, Driver, Briggs, Hebrew and English Lexicon of the Old Testament, under adon [= lord]) (Vertaal).
Adoni — verwys na mense: my meester, my here [Ps 110:1]
Adonai — verwys na God…Meester
** “The form ADONI (‘my lord’), a royal title (1 Sh’m 29:8), is to be carefully distinguished from the divine title ADONAI (‘my Lord’) used of Yahweh.” “ADONAI — the special plural form [the divine title] distinguishes it from adonai [with short vowel] = my lords” (International Standard Bible Encyclopedia, “Lord,” p. 157). **

**Luk 6:46** "Hoekom noem julle My: ‘My Meester, my Meester’ en doen nie wat Ek sê nie?"
Hier is 'n geval van die verskil tussen woorde en dade. Dit impliseer duidelik dat woorde en verklarings nie genoeg is nie. "Ek is 'n Christen" of "Ek is 'n kind van God" beteken vir יהוה niks, as dit nie gepaard gaan met die dade van gehoorsaamheid wat by die bekering pas nie. Jy kan elke diens in die ouderlingbanke sit, maar as jy jou grond verkoop teen 'n onbillike wins, net omdat dit aan 'n ander gelowige is, wat jou vertrou, of as jy ander se besittings of geld steel wat aan jou toevertrou word, of as jy enige iets doen wat nie volgens יהוה se Woord is nie, dan praat die dade harder as die woorde in jou verklaring oor wie se kind jy is! Dit word deur die eerste vers hieronder bevestig.
**Mat 7:21-23** "Nie elkeen wat vir My sê: ‘My Meester, my Meester,’ sal ingaan in die Koninkryk van die hemel nie, **maar hy wat die wil van My**





**Vader, wat in die hemel is, doen.** [22] Op daardie dag sal baie vir My sê: ‘My Meester, my Meester, het ons nie in U Outoriteit en Karakter geprofeteer en in U Outoriteit en Karakter demone uitgedryf en in U Outoriteit en Karakter baie kragtige dade gedoen nie?’ [23] Dan sal Ek vir hulle sê: ‘Ek het van die begin van tyd af **nie met julle 'n verbondsverhouding gehad nie**. Gaan ver weg van My af, **julle wat wetteloosheid** beoefen!’"
In vers **22** en **23** het ons 'n volgende skokkende voorbeeld. Dit is nie net woorde nie, nee, hulle het wonderwerke en kragtige dinge in Sy Naam gedoen! Hierdie dinge gebeur nie eens in al die sogenaamde 'Christelike kerke' nie. Hierdie persone moet ernstig wees, want kyk wat doen hulle!

Nee, sê Yeshua, Ek ken hulle nie! Ek het nog nooit met hulle 'n **verbonds-verhouding** gehad nie. Kyk asseblief na die rede - wetteloosheid **- hy wat dink dat hy nie God se opdragte en wette hoef na te kom nie!!** יהוה, wat die gedagtes en motiewe ken, weet wat hulle gesindheid is. Miskien is dit om gesien te word, bekend te word, of dalk vir geld en roem. Miskien het ons geprofeteer oor mense om hulle te beheer. Wat ookal: dit wat gedoen is, is nie gedoen vanuit 'n verbondsverhouding met Yahuah, as Meester, met Sy Gesindheid en Wil en Karakter, nie. In alles wat ek doen en is, moet Sy Meesterskap, Sy Baasskap, duidelik wys. Niks van my eie begeertes of roem nie, maar alles vanuit en vir Hom, dan is Hy Meester oor my lewe.

**Meester, ek wil luister en doen!**

## <u>8. יהוה-Abba = God-die-Vader</u>

Behalwe vir die persoonlike Naam van God, יהוה**,** is daar geen belangriker Naam en karaktertrek wat aan God gegee word as, יהוה-die-Vader, nie.
**Gal 4:6** "maar omdat julle kinders is, het God die Gees van Sy Seun in julle verstand, wil en emosie gestuur, wat uitroep tot die Vader: 'Ons Vader!'

Hierdie is ook nog 'n bewys dat die oorspronklike Aramese Nuwe Verbond in Grieks vertaal is. Dit is nie 'Abba,' in Aramees en dan vertaal na Grieks en Afrikaans, 'Vader,' nie. In die oorspronklike Aramees is dit "Vader, ons Vader." Die Grieks het die een Vader vertaal en die ander in Aramees gehou.

Die Gees van יהוה, wat in ons is, is ook die Gees wat in Sy Seun is en dit roep uit in ons: 'Vader, my Vader.' Dit is dieselfde Gees. Dit erken en roep uit na die Vaderskap van יהוה oor ons. As Vader, versorg, voed en dissiplineer Hy ons. Hy is ons volmaakte Vader, wat nie vergelyk kan word met ons aardse vaders nie.

Voor ons kortliks na Sy Vaderskap kyk, waaroor al baie boeke geskryf is, moet ek u waarsku dat meeste vertalings die twee woorde, God en Vader, van mekaar skei in meeste verse waar dit een woord of begrip moet wees. Hy is God-die-Vader (Vader-God) en nie God, die Vader van...., nie. (Dit is een van Sy Karakter-Name.) Ek gee 'n paar wonderlike verse en voorbeelde.

**Ya'a 1:27** "Rein en afgesonderde bediening voor God-die-Vader is dít: om wese en weduwees in hulle moeilikhede te besoek en jou eie lewe sonder besmetting van die wêreld te hou.." **Yes 1:15-16**

**1Kefa 1:2a** "hulle wat gekies is volgens die voorkennis van God-die-Vader, deur die afgesonderdheid van die Gees sodat hulle sal wees tot gehoorsaamheid en tot besprinkeling met die bloed van Yeshua, Die Gesalfde Een:...."

**Gal 1:3; Efe 5:20; Efe 6:23; Kol 1:12; Kol 2:2; Kol 3:17; 1Thes 1:1, 3; 2 Tim 1:2; Tit 1:4.**

**1Kor 8:6** "is daar vir ons een God-die-Vader, vanuit Wie alles is en ons is in Hom; een Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, want alles is deur Hom en ook ons is in Sy hand." **Yog 10:30; Yog 17:21; Rom 14:9**

Ek gee vir u die oorspronklike Aramees met Afrikaanse vergelykende vertaling. Besluit self of die vertaling bo korrek is en u sal Sy Vaderskap as een God beter verstaan. God is Een.
(Lees van regs na links).

(God) אלהא (is) הו (Een) חד (ons (besitlik)) דילן (vir ons) לן (maar) אלא
(en ons is) וחנן (is vanaf Hom) מנה (is alles) דכל (Die Vader) אבא
(Die Meester ( Def. lidwoord)) מריא (en een) וחד (in Hom) בה
(want alles) דכל (Die Mashiag) משיחא(Yeshua) ישוע
.(in Sy hand) באידה (ons is) חנן (en ook) ואף(is deur Hom) באידה

Hy is Vader, want Hy is die Skepper van alle dinge. Dat Hy almal se Vader deur skepping is, beteken egter nie dat Hy almal se geestelike Vader is en dat almal gered is nie.

**Yog 1:12,13** "maar aan dié wat Hom ontvang het, aan hulle het Hy die outoriteit gegee om kinders van God te **word**, aan hulle wat in Sy Outoriteit en Karakter **vertrou**;[13] die wat nie vanuit die bloed of vanuit die begeerte van die vlees of vanuit die begeerte van 'n man nie, maar **vanuit God, gebore is**."

Hulle wat kinders deur wedergeboorte is, hulle is kinders en Hy is dus hulle Vader.





**Is Hy jou Vader deur geestelike geboorte?**

## 8.1 Kom ons kyk na 'God-die-Vader.'

**Yog 3:16 -** Hy het onvoorwaardelike liefde as Vader.
**Yog 12:27, 28 -** 'n Vader wat in die moeilikste van tye genader kan word - HY is beskikbaar - Ons kan met die Vaderhart deel en antwoorde kry - alles tot Sy eer en lof.
**Yog 11:41,42 -** Die Vader hoor en luister na ons en antwoord ons. Ons hoef nooit daaroor te twyfel nie - Hy hoor altyd.
**Luk 10:21 -** Hy is die Vader en Meester van die hemele en die aarde. Hy openbaar Sy wil aan Sy kinders. Die Vader is ook vol vreugde.
**I Kef 1:17 -** 'n Vader wat onpartydig elkeen se dade beoordeel.
**Luk 22:42** – Die Vader se wil en begeerte moet erken en gehoorsaam word, want Hy sal soms vir Sy kinders nee sê omdat Hy weet wat die beste vir Sy kinders is. Die ware kind sal altyd die Vader se wil aanvaar omdat hy Hom **vertrou**.
**Luk 23:34 -** Vader is vertrouenswaardig en vergewe die wat vergifnis vra.
**Mat 6:6-9** – Die Vader is onsigbaar, in elke geheime plek, elke plek waar jy alleen is, Hy sien alles en ken ons behoeftes.

**Sonder twyfel – Hy IS vir ons 'n Vader!**

## 8.2 Aanvalle op die Vaderbeeld

Hy is God-die-Vader (Vader-God) en daarom is daar 'n groot aanval vandag op Sy Vaderskap en wat dit behels. Dit alles is beplan deur die Satan om יהוה se beeld af te breek by mense en 'n verkeerde beeld te skep:

- Vergelykings met aardse vaders: ek het reeds in 'n vorige deel daarop gewys dat ons יהוה nie moet aftrek tot op ons vlak nie. יהוה is nie vergelykbaar met Sy skepping nie. Mense is bang vir יהוה omdat hulle aardse vaders tiranne is en hulle bang maak. Mense sien יהוה as selfsugtig omdat hulle vaders net na hulle eie belange omsien. Jy moet vandag besef, יהוה is al die karaktertrekke wat in hierdie boek is en nog baie meer. Hy is die perfekte Vader wat weet hoe om vir Sy kinders die beste te sorg – jy kan Hom **vertrou**. Jy mag Hom nooit met 'n mens vergelyk nie!!

**Vader vergeef ons dat ons U met 'n mens vergelyk!**

- Gelyke regte is 'n verdere aanval op die outoriteitstrukture en eintlik op Sy outoriteit self. Daar is nie gelyke regte nie, **net so min as wat ek regte het.** Alles is 'n onverdiende voorreg en guns uit die Vader se hand. יהוה het 'n orde van outoriteit daar gestel waarin elkeen sy aangewese verantwoordelikhede het. Gehoorsaam dit en Sy vrede en vergenoegdheid sal by jou wees.
- Verhoudings: die rol en outoriteit van die vaders word nie net afgebreek nie, maar deur homoseksuele verhoudings, wat sonde is in die oë van God (**Lev 18:22; Lev 20:13; Rom 1:26,27**) en egskeidings, word kinders vandag verwar. Die vader se rol verdwyn. Die vaders, wat hulle gesinne in die steek laat, verwerp hulle rol, wat deur יהוה gegee is.
- Ouderdomsgelykheid is 'n ander manier waarop die respek van die vader afgebreek word. Daar word asof met 'n kind met en van vaders gepraat. Geen wonder die Almagtige God word as "Pêl" aangespreek nie! Jongmense het geen begrip meer van die Afgesonderdheid van יהוה nie; daarom kan standaarde en dissipline nie meer verstaan word nie.
- Gelyke sosiale rolle van man en vrou: elkeen is deur יהוה geskep met sy / haar rol en verantwoordelikhede. Geen wonder die Bybel word nou vertaal met Vader- / Moeder-god en geen spesifieke voornaamwoorde nie!! Dit is Godslasterlik en verwerplik voor die Een Vader-God, יהוה!!
- Daar is veel meer, maar ons doel is slegs om Sy Karakter vir jou te wys.

**Wees versigtig en toets alles aan Sy onfeilbare Woord.**

## 8.3 Die Vaderbeeld

**2 Kor 6:17,18** "As gevolg hiervan," sê יהוה, "gaan van tussen hulle uit, skei jou af van hulle, raak nie die dinge aan wat onrein is nie[Yes 52:11] en Ek sal julle ontvang[Yeg 20:34,41] [18] en Ek sal vir julle 'n Vader wees en julle sal vir My seuns en dogters wees," sê יהוה, wat almal vashou.[2 Sh' 7:14, Yes 43:6]

Hier gee die vers 'n dieper begrip van die verbond: Vader en seun teenoor God en volk.

As gevolg van 'n gebrek aan kennis en verkeerde voorbeelde het die meeste mense vandag 'n verkeerde Vaderbeeld van יהוה, soos:

- Frankenstein - 'n Monster wat net wil vernietig en onaanraakbaar is en wat jy nie kan nader nie.
- Polisieman - Hy sit net en wag met 'n stok om te sien wie oortree sodat Hy jou hand kan raps.





- 'Kersvader' - Hierdie heidense konsep is met opset geskep deur die vyand om 'n verkeerde beeld van die Vader te gee. As jy goed is, dan sal Hy vir jou 'n groot geskenk gee, maar Hy deel in elk geval vir almal uit.
- Rekenaarbeeld - 'n Onpersoonlike beeld waar jy net data insit en data terugkry. Geen omgee of liefde nie.
- 'One arm bandits' - As jy iets nodig het, dan druk jy net gou op God se knoppie en Hy sal gee, soms, as jy gelukkig is.
- Iemand wat jy kan manipuleer deur jou goeie werke om vir jou te gee.

Ander godsdienste skep ook godsbeelde wat mense vashou.
Hierdie dinge is belangrik vir die vyand, want 'n goeie Vaderbeeld veroorsaak:

- dat mense in staat is om liefde te gee en te ontvang.
- dat mense weet wie hulle is – versekerd is in hulle Verlosser.
- erkenning dat jy waardig gemaak is.
- dat jy weet dat die Vader se liefde en dissipline is om reg te maak en nie net vir straf nie. **Heb 12:6-13**

יהוה, as ware Vader, wag vir ons om na Hom toe te kom en Hy sal ons ontvang. Is jy gereed om saam met al Sy kinders te sê:

**Vader, my Vader!**

---

## 9. יהוה- Die Onveranderlike

**Mal 3:6a** "want Ek, יהוה, verander nie;"
en het die beloftes en fisiese verduidelikings van die Tanakh kom volledig maak in Yeshua, wat Vader se Karakter en Outoriteit ten volle gehad het sodat ons dit in volheid kan verstaan. Ons kan slegs die volheid verstaan as ons die verduidelikings ken! Dit is verder 'n troos, want dit beteken al Sy beloftes is waar. Dit het nie verander nie, dit bly waar. **N**iemand of niks kan יהוה verander of keer om te wees wat Hy Is en Sy Karakter te openbaar en te leef nie. Dit maak nie saak wat teologieë, dogmas of leerstellings verander of verklaar nie, Hy bly steeds dieselfde God. Dit is altyd vir my 'n interessante feit dat leerstellings wat nêrens in die Bybel gehanteer word nie, sonder uitsondering ná die dood van die Afgevaardigdes van Yeshua ontstaan het en gewoonlik vanaf 325-600 na Die Gesalfde Een. Hoe kan daar skielik 'n nuwe 'leer' ontstaan as Hy nooit verander nie? Is die leer van die Bybel, wat duidelik is, nie genoeg nie? Maak nie saak wat mense sê nie,

**Hy is onveranderlik!**

Dit is 'n wonderlike troos. יהוה verander nie dus hoef ek nie gereeld uit te vind wat nuut is en wat ek moet verander nie. Nee, Hy is van altyd af dieselfde en Sy volle wil en standaarde is duidelik. יהוה het nie skielik tussen die Tanakh en Nuwe Verbond verander nie, **Hy is dieselfde en dus is Sy standaarde en wil dieselfde**.

**Ps 89:35** "Ek sal ook nie My verbond verwerp, of die dinge wat oor My lippe gegaan het, verander nie."

**Num 23:19** "Die Magtige God is nie ’n man dat Hy sou lieg nie, of ’n mensekind dat Hy jammer sal wees nie. Het Hy gesê en sal dit nie doen nie, of het Hy gepraat en sal dit nie waar maak nie?"

**1 Sh'm 15:29** "Die Eer, Lof en Aanbidding van Yisra'el sal ook nie lieg of Sy gedagtes verander nie, want Hy is nie 'n mens dat Hy Sy gedagtes sal verander nie."

**Ps 110:4** "יהוה het gesweer en sal nie lieg nie: “U is ’n nie-Levietiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek.” Heb 5-7

Beteken dit dat God nooit Sy planne en gedagtes kan verander nie?

**Sy Verbond, beloftes en wette kan nie verander word nie** – nooit nie. Hy is getrou en dit sal vir altyd waar bly.

Sommige van יהוה se beloftes en selfs Sy verbond, het egter voorwaardes wat nagekom moet word. Sy beloftes is steeds waar, ook die belofte dat Hy dit nie sal doen as jy nie bereid is om jou verantwoordelikheid na te kom nie. Wanneer יהוה egter straf uitgespreek het of 'n voorneme gemaak het, kan die berou en omkeer van die persoon, of die intrede van 'n ander, soos Mosheh gereeld vir die volk gedoen het, maak dat יהוה Sy straf uitstel of selfs kanseleer, afhangende of dit as 'n vaste wet verklaar is of nie.

Bv. **2 Sh'm 12:14** – Dawid se straf word deur die profeet aangekondig dat die kind sal sterf. Hierop vas en bid Dawid in berou, **:22** sodat יהוה Sy plan kan verander, maar die kind sterf steeds. Dit was nie 'n voorwaardelike of moontlike stelling nie, maar 'n vaste verklaring tot les vir die volk en beste vir die Koninkryk.

**1 Kon 21:20-24** יהוה spreek deur die profeet die oordeel oor Ag'av se dinastie uit en Ag'av het berou. In **vs. 27-29** besluit יהוה om die oordeel uit te stel tot na Ag'av se dood. Die oordeel was 'n verklaring van יהוה wat nie kan verander nie, maar die tyd was buigbaar. Dit sou steeds gebeur, net later.





In **Mik 3:12** profeteer die profeet dat יהוה Yerushalayim gaan platvee, maar in **Yir 26:17-19** ontdek ons dat dit nie in sy tyd gedoen is nie as gevolg van die berou van Hizkiyahu. Hierdie profesie word egter herhaal deur Yeshua en in die jaar 135 gebeur dit. Die eerste was voorwaardelik, daarin alleen kan יהוה Sy plan verander, maar die tweede 'n verklaring, wat nie verander kan word nie. **Eks 32:14; Yir 18:5-10; 26:3; Yo'el 2:13,14; Amo 7:3,6; Yon 3:9,10; 4:2**

Die feit dat יהוה nooit 'n wet of verbond verander nie, maar voornemens tot straf wel, is deel van Sy wonderlike Karakter van betroubaarheid, onverdiende guns en liefde. Die mens kan egter deur ongehoorsaamheid die verbond kanseleer. **Yir 31:32b** "...My verbond wat húlle verbreek het, alhoewel Ék Meester oor hulle was,” verklaar יהוה.

As ons getrou bly aan Sy Woord, sal dit nooit nodig wees dat ons hoef te wonder of יהוה Sy straf sal verander nie, want **Sy Woord is Wet en Verbond**.

In **Ps 15:4** is een wat יהוה eer en volg, een wat nie sy beloftes verander nie al beteken dit vir hom skade. יהוה verwag dat ons ook net so getrou aan ons woord is soos Hy aan Syne.

**יהוה en Sy Woord is ewig dieselfde!**

## 10. יהוה- Die Alleswetende, Alomteenwoordige God

Ek behandel hierdie twee saam, aangesien die een die ander veronderstel. Hier is baie belangrike beginsels ter sprake en ons hoop om van jou vrae hier te beantwoord.

**Ps 139:2-13** "**2** U ken my sit en my opstaan; U verstaan my gedagtes van bo af. **3** U ken my lewenswyse en my pad en is bekend met al my dade,**4** want as daar misleiding op my tong is, let op, o יהוה, U ken dit volledig.**5** U ken my van begin tot einde, want U het my gevorm en U hand op my gelê.**6** Sulke kennis is te wonderlik vir my, dit is hoog, ek kan nie daar bykom nie.**7** Waar sou ek heengaan van U Gees af, of waarheen sal ek vlug van U Teenwoordigheid af? **8** Klim ek op, die hemel in, U is daar; gaan ek af na Sh’ol, let op, U is ook daar! **9** As ek my vlerke oplig soos die van ’n arend en bly in die verste dele van die see,**10** selfs ook daar sal U hand my lei en U regterhand my vashou **11** as ek sê: “Die duisternis sal sekerlik soos lig oor my wees; selfs die nag sal lig wees voor my gesig.”**12** Duisternis sal nie

vir U donker wees nie, maar die nag skyn soos die dag; duisternis en lig is dieselfde vir U,[13] want U het my binneste gevorm, U het my aanvaar vanaf my moeder se buik."
Hieruit kom 'n wonderlike gedagte: Hy is altyd teenwoordig by my, weet alles van my, Hy beskerm my rondom en Sy Hand is oor my, **WANT** Hy het my gemaak. Hy het nie Sy skepping alleen gelos nie, Hy is aktief betrokke, ook by my! Dit is, vir die kind van יהוה, 'n wonderlike, vertroostende en bemoedigende boodskap, maar wat 'n skok vir die een wat dink hy kan doen wat hy wil in die geheim, wegkruip vir יהוה of die kind van יהוה skade aandoen!

Voor ons verder gaan moet ek en jy dalk eers 'n paar oomblikke neem en aan die gevolge dink van die stelling: יהוה **weet alles, altyd!**

Terwyl ons besig is, wat van die vraag: **God is daar, was daar en sal daar wees, waar jy is?**

Hy het mos gesê die Gees sal by ons wees, **Yog 16:7.** Wat van **Deut 31:6** waar יהוה sê: "Ek sal jou nooit in die steek laat en jou nooit verlaat nie”? Ook **Heb 13:5.**

**Yir 23:24** "Kan 'n man homself in wegsteekplekke wegsteek dat Ek hom nie sien nie?" verklaar יהוה. "Maak Ek nie die hemel en die aarde vol nie?" verklaar יהוה.
Weereens is dit duidelik dat Vader oral is, **maar Hy maak nie oral woning nie**. Dit reserveer Hy vir die een wat Hom innooi. Hy vul die aarde, maar woon in die verstand, wil en emosie van gehoorsames, wat afgesonderd is.
Shlomo het die tempel klaar gemaak en maak dan die stelling:
**1 Kon 8:27** "Sal God werklik op die aarde bly? Let op, die hemel en die hoogste hemel kan U nie bevat nie, hoeveel minder hierdie huis wat ek gebou het? **[28]** Tog, gee aandag aan die gebed van U dienskneg en tot sy smeking, יהוה, my God, om te luister na die geroep en die gebed wat U dienskneg vandag voor U bid; "
יהוה het besluit om op 'n sekere plek Sy Teenwoordigheid meer sigbaar te maak, asof in 'n huis, as op ander plekke. In `Ezra sien ons dat selfs die Mede en Perse se koning verklaar: "Die God van Yerushalayim "(`**Ez 7:19**) en "die God van Yisra'el, wie se huis in Yerushalayim is" (**vs. 15**).
Hy wat die hemele en die aarde vul, kies om te bly in die harte van hulle wat vertrou.





**2 Kor 6:16b** "...Julle is die tempel van die lewende God, net soos gesê is: “Ek sal in hulle bly en Ek sal in hulle leef en Ek sal hulle God wees en hulle sal vir My ’n volk wees."**[Yeg 37:27; Open 21:3]**
Hy bly (vestig Homself), in elke plek waar Hy permanent en op 'n uitsonderlike manier Sy Teenwoordigheid manifesteer. In die een wat vertrou **2 Kor 6:16**; in die hemele **Ps 123:1**; tussen die kinders van Yisra'el **Num 35:34**; in Tziyon **Ps 9:11,12;** in hom met 'n nederige gees **Yes 57:15** en in hulle wat Syne is **2 Kor 6:16**.

Dit is Hy wat lewe gee aan alles, wat oor die waters gesweef het en dit wat nog nie vorm gehad het nie, in mooiheid omskep en orde gegee het aan elke ding in die uitspansel. Hy wat die hemele versier het, het ook die gras laat groei en weet van elke lewende wese, **Ps 104:29, 30.** Ja, Hy is steeds betrokke en teenwoordig by Sy ganse skepping. Ons menslike verstand kan dit nie verstaan nie, maar ons hoef nie vir Hom te wag op 'n antwoord of om by ons uit te kom in Sy vol program nie, nee, Hy is altyd daar en gee aandag, op elke plek. So 'n God kan in 'Gees en in waarheid' aanbid word. Hy wat selfs weet as 'n haar van jou kop afval.

Aangesien יהוה alles weet, beteken dit ook dat Hy verstaan. Ons dink altyd daar is niemand wat ons en ons probleme verstaan nie, maar Hy verstaan. **Ps 147:5** "Ons Meester is groot en Sy krag is groot; Sy begrip is oneindig."

Hierteenoor is Satan net 'n skepsel en is hy net op een plek op 'n sekere tyd; daarom gebruik hy demone en bose geeste om sy werk te doen. Ons God, wat altyd by ons is, is magtiger as enige vyand wat teen ons aankom. Moenie vrees nie, leef in oorwinning, want Hy is daar by jou - op hierdie oomblik.
Dit is so dat die mens eerder 'n blinde god wil hê wat hy op 'n sekere plek kan neersit. Wie wil hê die regter moet sien hoe hy oortree? Dit is daarom dat die mens alles in sy vermoë doen om weg te kruip van die Teenwoordigheid van die enigste lewende God en Skepper, wat alles sien. Vir die kind van יהוה is dit wonderlik om te weet: my Vader is hier en Hy ken alles van my!

**Is jy bly dat Hy alles sien en dat Hy by jou is?**

## <u>11. God is Liefde</u>

Kyk hoe word Sy liefde beskryf:

**Deut 7:8:** יהוה tree op vanuit Sy liefde. Onthou: יהוה **is Liefde,** Hy **het** nie net liefde nie.

**Yir 31:3:** יהוה se liefde is ewig en hou nie op nie, ook nie vir Yisra'el nie.

**Tz'f 3:17:** יהוה vertroos in liefde terwyl Hy juig oor Sy kinders.

**Efe 2:4,5:** Terwyl ons dood was in ons sonde, het Hy ons lewe gegee in Hom deur Sy liefde.

**Rom 8:39:** Daar is niks, buiten onsself en ons volhardende keuse teen יהוה, wat ons kan skei van hierdie liefde van יהוה nie.

<u>Vir wie is hierdie liefde van יהוה:</u>

**Yog 3:16:** Sy liefde, wat begeer dat almal Hom sal dien en gered word, is onvoorwaardelik vir almal.

**Yog 16:27; 17:23:** Daar is 'n verdere versorgingsliefde wat gegee word aan hulle wat gehoorsaam is en Sy kinders is.

**Deut 10:18:** יהוה se spesiale liefde is tot sommige gerig, **Rom 9:13,** maar steeds is Hy Liefde wat na almal uitreik deur Sy Karakter.

**1 Yog 4:9,10; Tit 3:4-7:** Toe ons dit nodig gehad het en in sonde was, het Hy verlossing voorsien, uit liefde aan almal wat bereid is om daarop te reageer.

**1 Yog 3:1:** Hierdie liefde gee ons die voorreg om kinders van יהוה genoem te word! **Yes 43:3,4; 63:9:** dan sal יהוה selfs nasies in ons plek gee – dan geld die spesiale versorgings- en beskermingsliefde van יהוה.

**Deut 7:12, 13:** Ons sien ook dat יהוה 'n spesiale seën van liefde gee aan hulle wat gehoorsaam is.

**Rom 5:5:** Die liefde van יהוה, wat in ons is, maak dat hoop tot 'n werklikheid kom.

Sy liefde vloei vanuit Sy Karakter en Wese. Hy kan niks anders wees nie. Selfs in Sy straf en dissipline is dit soos 'n vader wat sy kinders moet straf omdat hulle oortree, maar vir hulle so lief is dat hy seerder kry as hulle.

**Dankie Vader vir U liefde wat ons toedek!**





## <u>12. Die Gees van God</u>

יהוה is Gees, **Yog 4:24,** nie slegs 'n deel van Hom nie, Hy is Gees.
<u>In die Bybel word Hy genoem:</u>
- die Gees van God **- Gen 1:2**; **1 Sh'm 19:20**; **Mat 3:16.**
- die Gees in Die Gesalfde Een **- Rom 8:9-11; Fil 1:19.**
- die Gees van Wysheid **- Eks 28:3**; **Efe 1:17.**
- die Gees van Afsondering **- Ps 51:13**; **Yes 63:11**; **Mat 1:18.**
- die Gees **- Num 11:25**; **1 Kron 12:18**; **Luk 1:80.**
- יהוה se Gees **- Num 11:29.**
- die Gees van יהוה **- Rig 3:10**; **1 Sh'm 16:14**; **Luk 4:18.**
- U goeie Gees **- Neg 9:20.**
- Gees van oordeel en die Gees van suiwering **- Yes 4:4**; **28:6.**
- die Gees van wysheid en begrip, die Gees van raad en krag, die Gees van kennis en van die respekvolle vrees van יהוה **- Yes 11:2.**
- Gees van onverdiende guns en smekinge **- Z'kh 12:10; Heb 10:29.**
- die Gees van julle Vader **- Mat 10:20.**
- die Gees van Waarheid **- Yog 14:16; 1 Yog 4:6.**
- die Trooster **- Yog 15:26.**
- Gees van Afgesonderdheid **- Rom 1:4.**
- Gees van die lewende God **- 2 Kor 3:3.**

Al hierdie is Name, met ander woorde, die Karakter en Outoriteit, van die Een Gees van יהוה: God se Gees. Daar is net een. Ek hoor mense bid vir 'n gees van wysheid; ek verstaan wat hulle bedoel, maar ons moet oppas, dit is die Gees van God wat die Gees van wysheid is. Daar is nie verskillende Geeste van God nie, maar net een. Alle ander geeste is nie van Hom nie, maar van die bose.

**Vader omvou, doop (deurdrenk), ons met U Gees!**

**14. Meeste van die volgende word ook by die ander Name hanteer.**

Hy is ook:

- **Die Almagtige - Gen 17:1; 18:14; Deut 3:24; 32:39; Yes 40:12,15; Dan 3:17; 4:35; Mat 19:26; Open 15:3.** Hy kan en mag doen net soos Hy wil en sal altyd optree binne Sy Karakter. Alle lewe word deur Hom ondersteun, **Dan 5:23; Hand 17:25, 28.** Selfs die teëstander het Sy toestemming nodig om gehoorsame kinders van יהוה lastig te val, **Iyo 1+2.**
- **Wysheid - Rom 11:33 –** Sy wysheid is ondeurgrondelik. **Ps 104:24; Spr 3:19 –** Hy het alles in wysheid gemaak**.** Let maar op in die natuur. **Dan 2:20,21** - Omdat Hy wysheid is, is Hy die Een wat wysheid en kennis gee. **I Kor 1:24,25,30 -** Tog probeer die mens יהוה se wysheid bevraagteken. Hoekom gebeur dit? Mense ken en vertrou Hom nie. **Efe 3:10 -** Ons moet Sy wysheid aan die geestelike wêreld bekend maak Hy doen alles reg in wysheid op die regte tyd. Kom ons vertrou Hom.
- **Soewerein -** Hy het absolute mag en outoriteit. **Dan 4:35:** Niemand het die reg om vir יהוה te vra wat en hoekom Hy iets doen nie. Hy sal altyd die beste vir Sy Koninkryk en vir Sy kinders doen, **Mat 20:15.** Hy het dit geskep, dit is Syne en kan daarmee optree soos Hy goeddink, **Rom 9:21.**
- **Absoluut getrou** – Betroubaar en vertrouenswaardig in alle opsigte en te alle tye. Al Sy beloftes is waar en kan aanvaar word **- Eks 34:6; Num 23:19; Deut 4:31; Y'ho 21:43-45; 23:14; I Sh'm 15:29; Yir 4:28; Yes 25:1; Yeg 12:25; Mik 7:20; Dan 9:4; Luk 18:7, 8; 1 Kefa 4:19; Rom 3:4; 1 Kor 1:9; 10:13; 2 Kor 1:20; I Thes 5:24; 2 Thes 3:3; 2 Tim 2:13; Heb 6:18; 10:23; Open 15:3.** Is dit nie wonderlik om te weet dat ons Iemand het op Wie ons onvoorwaardelik kan vertrou met ons toekoms, ons lewe en ons verwagtings nie?
- **Onverdiende Guns -** "Genade" in die ou vertaling. **Titus 3:5 -** deur niks wat ons kan doen nie. Ons kan dit nie koop, verdien of goeie goed daarvoor doen nie **- Dan 9:9.** Sy vergifnis is uit onverdiende guns, op grond van Yeshua se bloed, **Rom 6:23; Yir 3:12; Ps 32:5,6; Yes 49:13; Ps 52:8-10**. Dit is Goddelike goedheid vir Sy skepping.
- **God is Goed**: Yeshua self het gesê dat net God goed is **- Luk 18:19**. Alle goedheid kom vanuit Hom **- Mat 5:45; Ps 145:9; Hand 14:17.** Vanuit Sy goedheid gee Hy seën aan Sy kinders en oor almal. **Ps 25:8 -** Omdat Hy goed is, leer Hy die sondaars die pad wat reg is.





**Nag 1:7 -** Dit is in Sy goedheid dat Hy vir ons 'n Skuiling is in die tye van nood.
**Ps 31:20.** Net soos met Sy liefde is daar 'n spesiale goedheid vir hulle wat Hom respekvol vrees en by Hom skuil. יהוה is nie verantwoordelik vir die bose nie. Satan het uit sy vrye wil, wat deur die goedheid van יהוה gegee is, besluit om teen יהוה te rebelleer. Net so ook die mens.

- יהוה **is vertroue - Yir 17:7**
- יהוה**- God van die hele wêreld,**
- יהוה**- Die Enigste Ware God,**
- יהוה**- my Skuiling**

---

**14. יהוה- God-van-my-redding.**

Hy wat my Redding / Verlossing is en deur Die Gesalfde Een daardie verlossing kom bewerk het vir die mens wat dit aanvaar.
**Ps 24:5** Hy sal die seën van יהוה en onpartydige opregtheid van God, ons Verlosser, ontvang.
**Ps 25:5** Lei my in U waarheid en leer my, want U is my God en My Verlosser. Op U wag ek die hele dag.
**Hand 13:23** Uit die nageslag van hierdie man het God, volgens die belofte, Yeshua as Verlosser laat opstaan vir Yisra'el.
Niks wat jy doen, het enige waarde voordat jy nie hier begin het en Yeshua: "יהוה is Verlossing", as die Redder vanuit, en offer vir sonde, die Bevryder van die straf en vloek van die sonde en die Een wat jou afsonder van die sondige natuur deur Sy voorbeeld en Vader in jou 'n nuwe Gees en natuur plaas deur die wedergeboorte, aanvaar en in gehoorsaamheid aan Vader, leef nie. Dit is waar die verbondsverhouding met יהוה begin. Dit word vanaf Genesis so geleer. Let op - nie net Hom "aanneem" nie - NEE - volgens alles wat ons reeds gesê het in hierdie boekie is dit duidelik - hy/sy is 'gered' = kinders van God, wat Sy verlossing deur wedergeboorte aanvaar het EN leef volgens Sy wil, **Yog 14:15; 1 Yog 2:4.**

Kom ons gaan kyk nou na Name wat spesifiek gebruik word vir Yeshua. Voordat ons vir u 'n lys gee van die Name van Yeshua in die Skrif, kom ons gesels eers oor Sy persoonlike Naam – **Yeshua**.

**15. Die Naam (Karakter en Outoriteit) van Yeshua**

Die God van die Verbond het die bewys van Sy verbond na die mens gebring deur Yeshua. Hy wat die verbond in gehoorsaamheid kom leef het. Dit is dus noodsaaklik in ons nakoming van die verbond, om te kyk hoe Yeshua geleef het om net so te leef. Sy Karakter is hoe Hy die Vader vir ons kom wys het.

Sedert die eerste uitgawe van hierdie boek, het ons gemerk dat hierdie een van die oorsake van baie verdeling tussen die groepe is. Om daardie rede het ek besluit om feite hier deur te gee en doen ek 'n beroep op almal om by bewysbare feite te bly en van daar af te werk.
**Efe 1:21 -** en bo elke Naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie,
**Fil 2:9-11-** elke knie sal buig tot eer van die Naam wat aan Yeshua gegee is
**Heb 1:4 -** volgens die mate waarin die Naam wat Hy het, meer uitstekend is - Niemand anders het Sy Karakter en Outoriteit of taak nie.

Ek wil begin deur die betekenis van die woord "shem" "שֵׁם" in Hebreeus wat algemeen as "naam" vertaal word tr verduidelik. Dit beteken, meer volledig, die karakter en outoriteit wat die naam verteenwoordig = die betekenis van die naam. Dit gaan nie oor die uitspraak nie!
**Strong's #8034: AHLB#1473-A (N) "**Hebrew names are words given to describe character. - I. Breath: The breath of a man is character, what makes one what he is. The name of an individual is more than an identifier but descriptive of his character or breath."

In **Hand 7:45 en Heb. 4:8** word gepraat van Y'hoshua die seun van Nun. In **Kol. 4:11** word van Y'hoshua, wat Justus genoem word, gepraat. Daar is 'n Bar-Y'hoshua in **Hand 13:6**, waar die woord Bar Aramees is vir seun. Y'hoshua en Y'shua het min of meer dieselfde betekenis, maar Y'shua is die kort vorm wat in Aramees gebruik is. As Y'shua (Yeshua) se Naam dus Y'hoshua moes wees dan sou dit mos so neergeskryf gewees het aangesien die naam wel vir ander in daardie tyd gebruik is. Belangrik - Y'hoshua sou geskryf word as "יְהֹשׁוּעַ"

Die enigste geskrewe bewyse van die regte Naam van Die Gesalfde Een wat ons het is in die Peshitta en Khabouris Nuwe Verbonde, albei in Aramees. Ek glo nie net nie, maar het genoeg bewyse, dat die Nuwe Verbond oorspronklik in Aramees geskryf is. Dit word op 'n DVD aanbieding gedokumenteer. Die Khabouris is 'n presiese kopie van moontlik 'n tweede eeuse handgeskrewe kopie van die Nuwe Verbond.






Sy Naam, in hierdie fisiese vorm wat ons het, is geskryf in die Estrangelo skrif soos gebruik na 100 na Sy geboorte. Dit maak nie saak wat ons glo nie, hierdie is die enigste geskrewe bewys van wat korrek is.

Ek is nie een wat glo in "Hebreeus alleen is reg" nie, maar ek glo ook nie dat 'n Naam vertaal of verander kan word nie, want dan moet jy die betekenis van die naam in die vertaling gebruik. Ek gebruik slegs transliterasies om name voor te stel. Die naam sal dan so naby as moontlik aan die oorspronklike uitgespreek word.

Hierdie is die Naam waardeur Hy bekend was, wat ons ookal dink dit moes wees. Ek skryf dit hier in beide Estrangelo en ook die meer bekende Ashuri skryfwyse:



ܝܫܘܥ

ישׁוע

Lees van regs na links, die uitspraak en transliterasie is as volg:

**a-oe-sh-y**

of dan Y'shua. Onthou die klinkers word nie geskryf nie.
Hierdie is harde feite en ek vra dat geen tradisie of voorkeure en afleidings ingebring word nie. Dit is wat ons het, wat neergeskryf is.

Ons het nou die geskrewe vorm, maar hoe spreek ons dit uit? Dit is nou hier waar verskille weer inkom. Asseblief - verstaan die volgende - ek het nie 'n stryd met jou as jy dit anders uitspreek nie, ek wil net graag vir u die akademiese navorsing noem wat ons gedoen het en hoe ons dit uitspreek. Ons sal nooit mense met die waarheid kan bereik as ons voortgaan om oor dinge soos hierdie te stry nie. As u sommige van die punte verstaan, glo ek dat u nie sal toelaat dat verskille verdeeldheid word nie.

Ek sal praat oor die drie hoof uitsprake: Yeshua, Yashua en Yahshuah.
Daar is meer, tot ons skande, maar dit sal die punt en waarheid opsom. Hierdie is slegs kortliks en ons hoop om aanstons 'n meer volledige DVD vry te stel.
"Sacred Name" organisasies skryf Sy Naam as Yahshua(h) en verbuigings daarvan met "Yah" vooraan. Van hulle kant is dit 'n teologiese stelling wat

gebaseer is op 'n wankelrige fondasie van die verkeerdelik geïnterperteerde **Yog 5:43** wat praat daarvan dat die Mashiag in die Vader se Naam sal kom. Kyk asseblief na die verduideliking van "shem" hierbo. Hulle beskou dit as nodig om Sy Naam te korrigeer - onafhanklik van hoe dit geskryf is - en hulle standpunt is net so geldig as die sulkes wat nie die Engelse woord "raisin" gebruik nie omdat die woord "sin" (sonde) daarin voorkom. 'n Ambassadeur kom in die naam van die land en president wat hom stuur, maar die ambassadeur kry nie die land of president se naam by syne gevoeg nie. Om "in die naam van" te kom beteken dat hy in die outoriteit kom van wie hom gestuur het. Yeshua het in die Outoriteit en Karakter van die Vader gekom. Kyk asseblief ook daarna dat daar geen "h" "ה" in die geskrewe woord voorkom nie. Dit is ook 'n vals leer om te beweer jy MOET die Naam reg uitspreek. Dit gaan oor die Karakter en Outoriteit.

Kom ons kyk na <u>Yahshuah</u> volgens wat ons as bewys het. Daar is ekstra letters (2X Hey). Waar kom hulle vandaan? Ons kan nie net bylas en weglaat nie.

<u>Yashua</u> is moeiliker, maar kom ook uit die argument hier bo. David Talshir in ‘Rabbinic Hebrew as Reflected in Personal Names, Scripta Hierosylamitana vol. 37’ (Hebrew University in Jerusalem: Magnes Press, 1998), p. 374f. “The Hebrew name of the historical ‘Jesus’ is probably pronounced ‘Yeshua,’ …they still pronounced the name similarly to how the Judeans did, as ‘Yeshua,’ who tended to spell the name phonetically as ישוע.”
Dr. Ben-Gigi (Yisra’eli professor en skrywer) stel dit, ‘there is no such name in Hebrew, people invented the name Yashua to fit their theology.’
'According to written records, it was not used before the 1930’s.
I’ve never met a native Hebrew speaker who says ‘Yashua.’'

Ek sal volstaan met nog een van sy aanhalings: “Indeed, Yahshua is not very good Hebrew because it creates the impossible construction of having two inflections in one word (the Yah and the shu both want to carry the inflection, an impossibility in Hebrew). Yeshua (actually Yeishua) means ‘He Saves’ as in, ‘You shall name Him Yeshua, for He shall save His people from their sins.’
As gevolg van te kort aan plek sal ek ook net noem dat die naam "Jesus" absoluut niks te doen het met Zeus nie. Jesus is 'n transliterasie van Yeshua deur Latyns en Grieks met bygevoegde "s" om Griekse reëls vir manlike name na te kom. Ek gebruik geen ander naam as Yeshua nie, maar ek praat





nie ander name sleg nie. Ek, en ek is seker meeste van u, het ons verlosser en Meester gevind deur verkeerd vertaalde Bybels met verkeerde Name. As ons hulle wil bereik wat die waarheid nie ken nie, moet ons ophou om self leuens oor name te glo en verdeeldheid daaroor te bring.

Daar is ook ander name wat gebruik word uit onkunde. Vir almal geld die volgende: Hierdie is die neergeskryfde sigbare bewyse wat ons het hoe Sy Naam moet lyk en uitgespreek is. Kom ons bly daarby.

Deur en in Yeshua het יהוה Homself openbaar. Die Karakter en Outoriteit van Vader, soos in Yeshua vir ons gewys, wys Hom as die Verbonds-God,

**WANT**

**<u>16. Sonder Vader se Naam, Karakter en Outoriteit, is daar geen redding nie.</u>**

**-Ps 8:2 -** "יהוה, ons יהוה, hoe majestueus is U Naam op die hele aarde."
**-Ps 79:6 -** "Gooi U woede uit oor die ander nasies wat U nie geken het nie en oor die koninkryke wat nie U Naam aangeroep het nie."
**-1Kon 8:43 -** "sodat al die volke van die aarde 'n verbondsverhouding met U Naam mag hê."
**-Yo'el 3:5 -** "Dit sal gebeur dat elkeen wat die Naam van יהוה aanroep, bevry sal word"
**-Z'kh 13:9b -** "hulle sal My Naam aanroep en Ek sal hulle antwoord. Ek sal sê: 'Hulle is My volk.' Hulle sal sê: 'יהוה is my God'."
**-Mal 1:11 -** "My Naam sal groot wees onder die nasies."
**-Mal 2:2 -** die priesters, wat nie eer, lof en aanbidding aan die Naam van יהוה bring nie, is vervloek.

**Net so het Yeshua die Vader se Karakter en Outoriteit kom wys.**
**Sy Naam, Karakter en Outoriteit is tog "Yah is verlossing."**

**-Luk 24:47 -** "en in Sy Karakter en Outoriteit moet die erken, berou en wegdraai, tot vergifnis van sonde verkondig word in al die nasies, beginnende by Yerushalayim."
**-Yog 1:12 -** "maar aan dié wat Hom ontvang het, aan hulle het Hy die outoriteit gegee om kinders van God te **word**, aan hulle wat in Sy Outoriteit en Karakter vertrou,"

**-Yog 3:18 -** "Wie ook al in Hom vertrou, word nie geoordeel nie, maar hy wat nie vertrou nie, is nou alreeds veroordeel omdat hy nie vertrou het in die Karakter en Outoriteit (Naam) van die enigste uniekgebore Seun van God nie."

**-Yog 5:43 -** "Ek het gekom in die Outoriteit en Karakter van My Vader en julle aanvaar My nie. As 'n ander een in sy eie karakter en outoriteit kom, sal julle hóm aanvaar."

**-Hand 4:12 -** "Die verlossing is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander karakter en outoriteit (naam) onder die hemel wat vir die mens gegee is, waardeur dit moontlik is om te lewe nie."

**-1Yog 3:23 -** "Dit is Sy opdrag: dat ons moet vertrou in die Outoriteit en Karakter van Sy Seun, Yeshua, Die Gesalfde Een en mekaar voortdurend liefhê, soos Hy ons beveel het."

**-1Yog 5:13 -** "Hierdie dinge het ek aan julle geskryf sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het; dié wat aanhou vertrou in die Outoriteit en Karakter van die Seun van God."

**-Mat 28:19 -** "Gaan daarvolgens.... doop hulle in die Outoriteit en Karakter van die Vader en van die Seun en van die Gees wat Afgesonderd is ;"

**Efe 3:14-21** "Ek buig my knieë **voor die Vader** van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een,
15 **vanaf Wie elke vaderskap in die hemele en op die aarde Sy Karakter en Outoriteit (Naam) ontvang**
16 sodat Hy aan julle kan gee volgens die rykdom van Sy gemanifesteerde Teenwoordigheid om met wonderwerkende krag in Sy Gees te bevestig dat in julle innerlike mens,
17 Die Gesalfde Een deur vertroue mag bly en dan in julle verstand, wil en emosie, in liefde, julle wortel en fondasie bevestig
18 sodat julle saam met al die afgesonderdes kan ontdek wat die breedte, lengte, diepte en hoogte is
19 en julle die **grootheid van die kennis van die liefde van Die Gesalfde Een kan ken en gevul word met al die volheid van God**.
20 Aan Hom wat meer as kragtig is, om vir ons te doen ver bo alles wat ons vra of dink, volgens Sy wonderwerkende krag wat in ons werk,
21 die eer, lof en aanbidding in Sy gemeente, in eenheid met Die Gesalfde Een, Yeshua, deur alle geslagte vir tydlose ewigheid! Dit is waar!





Kyk asseblief weer na **vers 15**. Dit is die rede hoekom al die wonderlike gawes en seën van die daaropvolgende verse ons s'n kan wees omdat ons Sy Naam, dit is, Sy Karakter en Outoriteit ontvang! Dit is hoekom dit so belangrik is dat ons Sy Naam en daardeur Sy Karakter en Outoriteit, ken sodat ons Hom kan ken. Ons kan egter nie 'n verbondsverhouding met hom hê, as ons nie ons deel van die verbondsooreenkoms, GEHOORSAAMHEID, nakom nie. Een van hierdie opdragte en verantwoordelikhede wat ons deel maak van hierdie Verbond, Sy feeste, is wat ons in die volgende deel, deur Sy Woord, saam bestudeer.

**Aangesien ons Hom kan ken, kan ons Hom gehoorsaam!**

**Dankie Vader dat ons met U 'n verbondsverhouding kan hê.**

# Deel 2

## Die Verbond
## בּרית

**Gen 17:7**

"7 Ek sal **My verbond** oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou, in hulle geslagte, **as ’n ewige verbond**: Ek sal vir jou God wees en vir jou nageslag ná jou."

**Yir 31:31&33**

31 " Let op, daar kom dae,” verklaar יהוה, “wanneer Ek met die huis van Yisra’el en die huis van Y’hudah ’n nuwe verbond sal sluit,
33 Hierdie is egter die verbond wat Ek ná daardie dae met die huis van Yisra’el sal sluit,” verklaar יהוה: “Ek sal My wet binne-in hulle sit en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal hulle God wees en hulle sal My volk wees."





Die woord vir 'Verbond' kom van die antieke stam, בּרה, wat beteken om te kies, te eet en duidelik te maak. בּרית (b'reit) beteken 'n verbond wat gemaak is deur tussen twee rye vleis van 'n opgesnyde dier deur te loop. Hierdie woord, net só, verwys nie na 'n testament nie. Niemand hoef dood te gaan vir hierdie verbond om geldig te wees nie, maar **die nakoming van die ooreenkoms tussen die twee partye verseker die geldigheid**. Die woord (b'reit) kom 264 keer in die Hebreeuse Tanakh voor.

<u>Ancient Hebrew Lexicon of the Bible</u>
(ברית B-RYT) - **Covenant:** A covenant is instituted through a sacrifice of a choice, fatted, animal which is cut into two and the parties of the covenant pass through the pieces. If one party fails to meet the agreements of the covenant then the other may do the same (cut in half) to them.
**Gen 15:10,17** ; **Yir 34:18-20**

Die Griekse woorde wat meestal vir die verbond gebruik word in die Griekse vertaling van die Bybel, het nie in wese dieselfde betekenis nie en blyk meer 'n testament te beteken. Van daar ook die verkeerdelike benamings, 'Ou- en Nuwe Testament.' Ek vertaal die selfstandige naamwoord en verbuigings van die woord deurgaans as Verbond.

**Thayer Definition:**
**διαθήκη** diathēkē -
1) a disposition, arrangement, of any sort, which one wishes to be valid, the last disposition which one makes of his earthly possessions after his death, a testament or will
2) a compact, a covenant, a testament

Hier is dit belangrik om te sê dat die erfenis wat ons in Yeshua ontvang het, deur Sy dood, nie dieselfde is as die nuwe verbond waarvan Yeshua die Tussenganger geword het nie. Dit is twee aspekte van wat Hy op aarde gedoen het, maar nie dieselfde nie. Ons hoop om, aan die einde van hierdie boek, die samevatting van die ganse verbond te kan maak sodat ons die omvang en betekenis beter kan verstaan. Ek glo dat meeste mense die regte woorde rondom die verbond gebruik – dit klink alles reg – maar dat daar 'n groot misverstand is oor die inpas van die verbond in יהוה se plan met Sy skepping. יהוה het die verbond kom sluit met die mens, om hom te kan vashou as hy wil losbreek en om hom te seën met die beste van Sy wil - vir ewig en ewig.

Let op, ek gebruik deurgaans die woord 'verbond' in die enkelvoud. **Lees die volgende paragraaf 'n paar keer deur.** Maak seker jy verstaan wat ek in gebroke taal probeer sê:

**Daar is slegs een verbond tussen Yahuah en die mens.** 'n Verbond wat Hy sedert die skepping telkens in groter detail met ons kom deel; 'n ewige Verbond. Dit beteken dit is tydloos, van tydlose begin af tot in ewigheid. 'n Verbond wat van altyd af volledig en volmaak is, maar waarvan dele op יהוה se bepaalde tye in groter en dieper detail aan die mens openbaar word. Elke nuwe geopenbaarde deel van die verbond is dus ewig en kan nooit wegval nie, maar kan meer volmaak openbaar en verduidelik word; daarom is die verbond met 'n enkel persoon, nie met hom as persoon alleen nie, maar met hom en almal onder sy outoriteit en nageslag: hulle wat die voortgaan en verbreding van Sy verbond uitbeeld en ontvang om dit weer bekend te maak.

Elke keer is daar 'n grens aan hierdie verbond. Dit is: daar is toelatingsvereistes en verantwoordelikhede. יהוה kan nie anders as om altyd getrou te wees aan Sy deel van die verbond nie; daarom is dit ewig van toepassing vanaf Vader se kant van die verbond en verwag Hy dat die mens getrou is aan sy deel daarvan. יהוה self stel die voorwaardes van die verbond vas en die mens aanvaar of verwerp dit net. **Die konsep van "Nuwe" Verbond is dus die openbaring van 'n nuwe dimensie van die verbond** wat die vorige "ou" openbaringe 'n nuwe, ryker en vollediger betekenis, waarde en gevolg kom gee. Die nuwe kan slegs volledig verstaan word as ek die volheid van die vorige dele van die verbond verstaan en ek kan dus nooit enige deel van die **ewige verbond**, soos geopenbaar, weggooi omdat ek die 'nuwe' ontvang het nie. Dit is juis deur die vorige openbarings dat ek die nuwe volledig kan verstaan. Sy verbond sal voltooid voortgaan tot ons, in die volheid van die Teenwoordigheid van יהוה, die volheid kan sien en verstaan.

Ek glo dat elke deel van die bogenoemde duidelik sal word soos ons aangaan. **Yahuah het die Verbond ontwerp; daarom kan ons nie ons eie interpretasies en betekenisse daaraan gee nie**. Die verbond met Yisra'el deur Mosheh het nie die verbond met Avraham gekanselleer nie, net soos die "nuwe" nie die "voriges" kanselleer nie, maar volledig kom maak.

**Gal 3:17,18** "en ek sê dít: dat die verbond wat deur God, in Die Gesalfde Een, van die begin af bekragtig is, nie deur die geskrewe wet, wat vier honderd en dertig jaar later gekom het, gekanselleer is om so die belofte tot niet te maak nie,**18** want as die erfenis vanuit die geskrewe wet is, dan is dit nie meer die vervulling van die belofte nie, maar God het dit aan Avraham deur 'n belofte gegee."





By elke nuwe openbaring is daar egter gebruike, metodes en vorm wat verander vir die voortgaan en gehoorsaamheid van die nuut geopenbaarde deel van die verbond. Dit maak die voriges nie sleg of boos nie, maar net aangepas of verbreed om die Koninkryk beter deur die nuwe omgewing te bedien.

Terwyl daar in die Bybel ook 'verbonde' tussen mense onderling was, val dit nie in die raamwerk van hierdie boek nie en gaan ons dit nie bespreek nie. Jy kan lees van sulke verbonde, of ooreenkomste, tussen mense, lande en volke, op die volgende plekke:
**Gen 21:22-32, 31; 26:26-31; 31:44-54; 1 Sh'm 11:1, 18:3-4, 20:16, 42; Neg 10:28-32; Yir 34:8; 1 Kon 20:34; 2 Kron 23:1-3, 16; Y'ho 9:6,15.**

Soms het die mens 'n verbond met יהוה gesluit. Dit is 'n kontrak van voorneme deur die persoon of groep. Dit kom van die mens se kant af en word deur יהוה as ernstig beskou. Hy aanvaar dus die ooreenkoms en verwag dat dit nagekom word. Die mens kan nie 'n ooreenkoms of belofte aan יהוה maak wat nie reeds in die verbond van יהוה: 'Ek sal vir jou 'n God wees en jy moet vir My 'n volk wees' ingesluit is nie; dus is dit maar net die mens se bevestiging van die aanvaarding van 'n spesifieke deel van יהוה se verbond.

Ook dit is nie deel van ons onderwerp nie en ek noem maar net 'n paar:

| | |
|---|---|
| Ya'akov | **- Gen 28:20-22** |
| Y'hoshua | **- Y'ho 24:19-28** |
| Avshalom | **- 2 Sh'm 15:7-8** |
| Y'hoyada en Yo'ash | **- 2 Kon 11:17** |
| Yoshiyahu | **- 2 Kon 23:3** |
| Asa en die hele Y'hudah | **- 2 Kron 15:12-15** |
| Negemyah en die leiers | **- Neg 9:38; Neg 10** |
| Yisra'el | **- Yir 50:5** |

In hierdie bevestiging van יהוה se verbond sien ons ook 'n praktyk wat van belang is vir ons om na te kyk. Kyk asseblief weer na Avshalom se woorde, in **2 Sh'm 15:7-8**. (Ek dink dit is belangrik in ons hantering van die verbond, asook hoe ons, as Sy kinders, daarop reageer, om hierna te kyk). Die tweede deel van **vers 8** is ter sprake: "As יהוה my werklik na Yerushalayim toe sal terugbring, dan sal ek יהוה dien." יהוה se verbond en voorwaardes is klaar vasgestel, die voorwaardes is in ons hande, dit is ons wat dit moet doen.

Dit is in elk geval 'n opdrag van יהוה dat ons Hom moet dien. Nou kom stel Avshalom aan יהוה 'n voorwaarde voordat hy Hom sal dien! Ek dink dit is niks minder as arrogant nie. Wie is die mens om aan יהוה eise en voorwaardes te stel - **Iyov 39 en 40.** Geen wonder dat hy in elk geval teen יהוה se wil opgetree het nie!

Ek vind hierdie selfde arrogansie vandag wanneer die mens voorwaardes aan יהוה stel voordat hulle sal doen wat יהוה in elk geval beveel het. Hoe dikwels hoor ons:
"As God my 'n verhoging gee, sal ek soveel vir Hom gee." Weet jy nie dat alles in elk geval aan Hom behoort nie?
"As God my genees, sal ek Hom altyd dien." Dit moet jy mos in elk geval doen.
"As God……"

O, waar is die Dani'el en sy vriende van vandag? Mense wat die Karakter van יהוה ken en dáárom Sy verbond verstaan.
**Dan 3:17** "want Hy, ons God wat ons aanbid, is in staat om ons te bevry van die brandende vuuroond en Hy sal ons uit u hand bevry, o koning.**18** Selfs indien nie, dan sal die koning weet dat ons nie u gode sal dien nie en ook nie die goue beeld wat u opgerig het, sal aanbid nie.”"

יהוה soek mense, wat so 'n vertroue en absolute onwankelbare lojaliteit het en WEET (dit is: sonder twyfel seker is) dat hulle God getrou is aan Sy beloftes en verbond. Hy het gesê dat Hy vir jou 'n God sal wees en dit is deel van Sy Godwees om jou te beskerm. Dít is mense wat die verbond verstaan.

### Verstaan jy Yahuah se verbond?

יהוה het van die begin af 'n verbondsverhouding met die mens gehad. Hy het Homself dan ook deur Sy verbond aan die mens openbaar. In die eerste gedeelte van die boek, het ons gesien hoe Hy Homself openbaar as die Een wat "vir jou 'n God sal wees," deur Sy Karakter Name - Hy sal voorsien - Hy sal beskerm - Hy sal lei - Hy is Afgesonderd, ens.
Kom ons kyk na die openbaring van die detail van die verbond deur die Skrif en dan ook ons deel - hoe ons vir Hom volk moet wees.

יהוה het Sy verbond openbaar deur:





## 1. Adam en die skepping.

יהוה het alles geskep en aan Adam die versorging oorgegee. Adam se opdrag was om te leef as beeld van יהוה, om die aarde te versorg en te vul met mense volgens die beeld, volgens die Karakter en Outoriteit van יהוה.

Ek glo dat יהוה nie tekens, simbole en beloftes nodig gehad het in Sy verbond met Adam nie omdat hulle 'n perfekte verbondsverhouding gehad het. Sy woorde aan Adam was 'n volledige verbond. Hieruit kan die volle rede en straf vir die sondeval ook verstaan word.

In **Gen 6:18** waar die woord 'verbond' die eerste keer voorkom sê יהוה:
[18] "Met jou sal Ek My verbond **bevestig**; jy moet in die ark ingaan, jy en jou seuns en jou vrou en die vroue van jou seuns saam met jou."
Hier kan 'n mens duidelik verstaan dat יהוה se verbond reeds bestaan en dat Hy dit met Noag bevestig.

יהוה se verbond met Adam:

**1.1 Gen 1:26** en God het gesê: "Laat Ons die mens maak na Ons beeld, net soos Ons en laat hulle heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel, die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde beweeg."

- יהוה gee aan die mens **outoriteit oor die skepping** en verwag dat hy moet heers (**Gen 2:15** gee meer detail) en die beeld (Karakter en Outoriteit) van יהוה dra. Dit is **om volk van Yahuah** te wees. Het dit verander? Nee, dit is steeds Sy wil en die skeppingsroeping van die mens. Toe die vrou sondig, het Adam haar gevolg, in plaas van om hierdie outoriteit te gebruik om te heers. Deur die nalaat van dié outoriteit, het Adam die verbondsopdrag verbreek en daarom die ooreenkoms en beloftes. Aangesien 'n verbond met die persoon en sy outoriteitssfeer en nageslag is, affekteer dit daarom almal wat daarna gebore word, asook die natuur onder sy outoriteit.

**1.2 Gen 1:29** God het ook gesê: "Ek gee nou aan julle al die saaddraende plante, wat op die hele aarde is en al die bome met saaddraende vrugte. Dit sal julle kos wees."

- יהוה gee Sy **voorsieningsbelofte** wat later vergroot word. Daar was nog geen dood nie, want daar was geen sonde nie; daarom het hulle net plante en saad geëet. God weet hoe Hy die mens geskep het en weet wat die beste vir hom is.

**1.3 Gen 2:16,17:** en יהוה-God het die mens beveel en gesê: "Van al die bome van die tuin mag jy as kos eet,[17] maar van die 'Boom van die Kennis van Goedheid en Boosheid,' daarvan mag jy nie eet nie, want op die dag as jy daarvan eet, sal jy die dood sterf."

**-** Nou word יהוה se **voorwaardes** gestel, soos in elke openbaring van die verbond. Ek het vir jou die goeie gegee, jy het nie nodig om die bose te ken nie. Dit is steeds hoe יהוה die beste vir ons weet.

**Rom 16:19b:** "en ek wens dat julle wys mag wees oor wat goed is, maar onskuldig oor wat boos is."

Ook dit het nie verander nie. Sy verbondsvoorwaardes bly dieselfde.

**1.4** יהוה gee ook Sy **verbondsverhouding** aan die mens as man en vrou met mekaar. Hier is Sy verbondsplan:

**Gen 2:18** יהוה-God het ook gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n helper maak wat pas by hom."

Wanneer die vrou nie meer helper is vir die man om die verbondsopdrag uit te voer nie, dan verbreek ons die verbondsooreenkoms met יהוה. Ons kan nie ons eie planne by יהוה s'n sit nie. Ook dit het steeds nie verander nie. Ons is dieselfde en gelyk aangaande Yeshua se verlossing, maar nie aangaande ons verbondsopdrag nie. Die man se opdrag is om hard te werk, te heers en te versorg en יהוה se beeld uit te dra deur vrug te dra, stewig geanker in die vaste grond van Vader se Woord en die vrou se taak is om hom daarin by te staan en te help deur die skoon, rein lewe van die bruid as 'n ryklik versierde tempel uit te straal en haar kinders in יהוה se opdragte groot te maak. Nie haar eie ding te doen nie.

**Gen 2:24:** "Daarom, soos die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef, sal hulle een vlees wees."

Net so is die man se verantwoordelikheid om sy vrou bo enige en alle ander te stel; selfs sy eie ouers. Sy is jou eerste verantwoordelikheid in die versorging en outoriteitstaak wat aan jou gegee is. As dit só is en albei kom hulle deel van die opdragte na, is daar weinig plek vir tweespalt en onenigheid. Elke huweliksprobleem kan teruggevat word na die verbondsooreenkomste wat verbreek word.

**Gen 1:28:** God het hulle geseën en God het vir hulle gesê: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde,"

**Die mens se vrugbaarheid as belofte en vermeerdering as opdrag**, is ook deel van יהוה se verbond. Die seksuele deel van die huwelik is net so mooi en skoon soos die res van God se skepping. Daar is egter hier





geen sprake daarvan sonder die verbondsverhouding van die huwelik nie. Dit is deel van die vermenigvuldigings opdrag en verantwoordelikheid.

Dit is die aanvang en openingsrede tot die verbond. Dit is volledig en voldoende, maar deur die sonde en ongehoorsaamheid van die mens, het יהוה nodig gehad om elke keer Sy verbond te **bevestig en uit te brei.**

Nou kom daar ander voorwaardes en opdragte by. Die hele agterkant van die verhoog verander. Nou moet alles uitgespel word.

Die mens het, deur sy ongehoorsaamheid, die bose en moeilike deel bygekry. God se wil word nou deur sonde verdof.

**Gen 3:17-19** "....vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe.[18] Dit sal beide dorings en distels vir jou voortbring en jy sal die plante van die veld eet.[19] In die sweet van jou voorkop sal jy brood eet..."

Dit gaan nie meer maklik wees nie, maar moeitevol. Ook vir die vrou sal alles nou moeilik wees en word die man se outoriteit oor die vrou herbevestig omdat dit die deel was wat hulle nie volgens יהוה se plan toegepas het nie. Nou word dit uitgespel:

**Gen 3:16** "...Ek sal jou moeite en jou swangerskap baie vergroot. Met pyn sal jy geboorte gee aan kinders en na jou man sal jou begeerte wees en hy sal oor jou heers."

Ook die vrou se rol kry 'n diepte dimensie by. Haar begeerte sal na haar man wees - waardeur haar rol as helper uitgespel word. As die vrou maar net die rol wat deur יהוה aan haar gegee is, uitvoer, onder die outoriteit, (nie baasskap nie) van die man, in sy verantwoordelikheid om יהוה se verbond uit te leef, sal ons baie minder probleme hê in ons samelewing. As ons ons eie rolle ontwerp, verbreek ons Sy verbondsverhouding met ons.

Daar het nou byvoorbeeld offers en reëls vir die offers bygekom. Die algemene gedagte is dat יהוה die offers deur Mosheh ingestel het, maar dit is nie waar nie. יהוה het Sy verwagtinge rondom die offers reeds van die begin af vir die mens gegee. Hoe kan daar 'n verkeerde offer wees, met straf, as die mens nie weet wat die regte offer is nie?

**Gen 4:4,5** "... יהוה het Hevel en sy offer aanvaar,[5] maar Kayin en sy offer nie aanvaar nie"

Ek glo dat יהוה reeds Sy voorwaardes en vereistes, waarvolgens die offers gemaak moet word, volledig vir hulle gegee het **-** net soos die hele wet.

'n Ander belangrike aspek is dat יהוה se verbond altyd met **die persoon en sy nageslag** gesluit is. Met Adam se verbreking van die verbond van lewe, is die verbond met die ganse mensdom verbreek en moes God dit hernu en verbreed vir die mens om weer lewe, ewige lewe, te kan ontvang.

---

## 2. Noag (rus)

Die volgende aspek van die verbond word aan Noag gegee. Die mens het boos geword en alle verbondsaspekte verbreek - nog 'n bewys dat die wet reeds bestaan het. יהוה kies om Sy verbond te bevestig en voort te sit deur Noag, **Gen 7:1**, wat volgens יהוה se wil geleef het en deur sy nageslag.

**Gen 6:18** "Met jou sal Ek My verbond bevestig; jy moet in die ark ingaan, jy en jou seuns en jou vrou en die vroue van jou seuns saam met jou."

Hier is weereens die eerste voorwaarde, 'jy moet in die ark ingaan.' יהוה se verbond het altyd voorwaardes by. Dit is jou deel van die verbond. Noag het gewys hoekom יהוה hom kon kies.

**Gen 7:5** "Noag het alles gedoen wat יהוה hom beveel het." Nou beweer mense dit is te moeilik?

**Gen 8:20** "Noag het vir יהוה 'n altaar gebou en van elkeen van die rein diere en van elkeen van die rein voëls gevat en brandoffers op die altaar gebring [21] en יהוה het die aangename geur geruik en יהוה het in Sy wil en verstand gesê: "Ek sal die aarde nie weer vervloek ter wille van die mens nie, want elke vorming van 'n gedagte in sy gedagtes en wil van sy jeug af is boos en Ek sal ook nie weer al die lewende wesens tref soos Ek gedoen het nie.[22] **Terwyl die aarde bestaan sal saaityd en oestyd, koue en hitte, somer en winter en dag en nag nie ophou nie.**"

Na die vloed het Noag geweet wat is rein en wat is onrein diere en hoe om aan יהוה 'n offer te bring. Dit bevestig my vorige stelling dat יהוה hulle reeds van Adam se tyd af geleer het wat Sy wil is. Die wet was nie nuut nie, net nie uitgestip en op skrif met strawwe uitgespel nie.

1. **Die voorwaarde is**, Noag moet ingaan in die ark soos יהוה hom beveel.
2. Deur die diere in te neem is Noad gehoorsaam aan die verantwoordelikheid vir die natuur wat reeds aan Adam gegee is.





3. יהוה maak **'n belofte** om die aarde nie weer te vervloek nie en dat seisoene ens. sal voortgaan soos dit moet. Ek glo יהוה se belofte en nie die nuwe sg. 'Global warming' nie.
4. **Gen 9:1** - God **bevestig** die vorige verbondsdeel: "Wees **vrugbaar**, **vermeerder** en vul die aarde.
5. **vs. 2** Bevestig die **mens se outoriteit** oor die natuur.
5. **vs. 3,4** Nou is daar 'n verbreding in die **voorsieningsdeel** van יהוה se verbond. Vleis word nou ingesluit in יהוה se kos wat hy vir die mens gee. Weereens met 'n voorwaarde - jy mag nie die bloed eet nie. Dit is nou deel van יהוה se verbondsvoorsiening om ook vleis te mag eet. As jy nie wil vleis eet nie, is jy steeds welkom, maar dit is nie 'n wet of verbod in die Bybel nie.
6. **vs 5,6** Om 'n mens se lewe te neem, word nou **gespesifiseer** as teen יהוה se verbond. Die rede: omdat ons na יהוה se beeld (Karakter en Outoriteit) geskep is. Kayin is reeds daaroor gestraf; dus was dit ook vroeër geldig, maar nou word dit uitgestip.
7. In **vs. 10** is daar 'n interessante verbreding in bekendmaking. יהוה se verbond is nie net met die mens nie, maar ook met die diere en die natuur. Dit was so vanaf Adam, deur sy outoriteit, maar nooit uitgespel nie. Adam het egter die outoriteit aan Satan en sy koninkryk gegee en dus moes dit uitgespel word.
8. **vs. 11** gee die omvang van die verbond - dat יהוה nie weer 'n vloed sal stuur wat die **ganse aarde sal vernietig** nie.
9. In **vs. 11-13** gee יהוה 'n teken wat die mens kan sien en die verbond onthou. יהוה maak dit maklik vir die mens om Sy verbond te onthou. Hy gee vir hom 'n sigbare teken wat hy nie kan mis nie. Die teken is in die natuur. יהוה sê egter ook dat die teken daar is vir Hom, om Hom te herinner aan Sy verbond met ons **- vs. 15.**
10. In **vs. 15** sê יהוה ook self dat hierdie 'n **ewige** verbond is. Dit kan aangepas en verbreed word en meer duidelik gemaak word, maar hierdie verbond **kan nie tot niet gemaak word nie**!

Daar is nie so 'n ding soos 'n "ou" verbond in die sin dat dit verouderd is en weggeval het nie - NEE - dit beteken slegs dat dit die vorige weergawe van die openbaring van die verbond is en dat daar nou nuwe dele openbaar of uitgespel is. Let op - niks het verval nie - dit is net verduidelik!!
Toe die volk die verbond weereens verbreek het, het Vader 'n nuwe verbond daar gestel wat die aspekte in Yeshua-perspektief kom stel het.

## 3. Avraham

Die voortsetting van יהוה se verbond is volgende met **Avram** (Verhewe vader), wie se naam Hy later verander na **Avraham** (Vader van 'n menigte). יהוה se verbond met Avram en sy nageslag begin deur 'n roeping tot gehoorsaamheid. יהוה kies 'n man wat Hy weet Hom sal vertrou en openbaar Sy wil aan hom. Weereens is daar verantwoordelikhede en beloftes.

**Gen 12:1-3** "יהוה het vir Avram gesê: "Jy, gaan jy uit jou land, uit jou familie en uit jou vader se huis uit, na die land wat Ek jou sal wys [2] en Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam groot maak en jy sal 'n seën wees [3] en Ek sal diegene seën wat jou seën en hom vervloek wat jou vervloek en in jou sal al die families van die aarde geseën word."

1. Avram se verantwoordelikheid: trek weg in vertroue.
2. יהוה belowe dat hy 'n groot nasie sal wees. (Avram is 75 met nog geen kinders nie. Sarai (Spottery) was ongeveer 66 op hierdie stadium.)
3. Avram se naam sal groot gemaak word.
4. Avram sal 'n seën wees vir al die families, volke en nasies op aarde. Sy seën is dus nie net vir homself nie, maar om 'n seën te wees vir alle nasies. Die verbond met Avraham het al die nasies en volke in gedagte.
5. Hier is 'n wonderlike belofte en troos vir die kind van יהוה. "Ek sal diegene seën wat jou seën en hom vervloek wat jou vervloek." יהוה is ernstig. Hy laat nie Sy kinders ongestraf slegmaak en vervolg nie. Hulle wat aan jou goed doen sal יהוה beloon en hulle wat teen jou opstaan omdat jy kind van יהוה is en die waarheid verkondig, sal deur Hom gestraf word; daarom hoef die kind van יהוה nie aan ander terug te doen of te vergeld nie. Hulle sal by יהוה betaal.

Kan jy reeds hier weer die 2 kante van die verbond sien? "Ek sal vir jou 'n God wees en jy moet vir My 'n volk wees."

Hierna het יהוה weer aan Avram verskyn en begin om die groter omvang van die verbond wat Hy met hom wil sluit duidelik te maak. Hierdie keer maak יהוה die verbondsooreenkoms amptelik deur die gebruik om tussen die karkasse van diere deur te loop sodat daar geen twyfel oor Sy bedoelings en verwagtings is nie. Dit wat Hy sê, dit sal Hy doen. Kom ons kyk na die aspekte van die verbond:





**Gen 15:1-18**

**1.** יהוה begin weer deur 'n beskermingsbelofte en 'n seën: **vs. 1**: " Ek is vir jou 'n Skild en jou beloning sal uitermatig groot wees." Hierdie dinge word gewoonlik nie as deel van die verbond gereken nie, maar hulle is deel van die detail van die verbond. יהוה praat nie in die nag met Avram om gesprek te maak nie. Alles is deel van die verbond wat יהוה besig is om aan Avram te openbaar. יהוה sê: "Ek sal jou God wees."

**2.** Nou kom die onderafdelings van die verbond: **vs. 4** "een wat uit jou eie liggaam sal kom, hy sal jou erfgenaam wees." Die belofte tot 'n seun. Soos vroeër genoem, is almal onder sy outoriteit daarby ingesluit; dus is Sarai se plan van Hfst 16 buite die verbondsraamwerk.

**3.** In :**5** herhaal יהוה die belofte, **Gen 12:2**, dat hy 'n groot nageslag sal hê.

**4.** Avram bewys homself om 'volk van יהוה' te wees, deur sy optrede: **vs. 6** "hy het op יהוה vertrou en Hy het hom dit tot opregtheid en onskuld gereken." Hierdie is die kern van die verbondsverhouding tussen יהוה en Avram: 'n wedersydse vertroue. **Ya'akov 2:23**: Aanvaar en doen יהוה se verbond en Hy sal jou as opreg en onpartydig aanvaar.

**5.** Die eerste belofte van die besit van die land in **Gen 13:14-17** word weer bevestig en die Noord- en Suidgrense word nou in **15:18-21** gemaak. Dit is jammer dat die Kerk vandag nie die erns en werklikheid van hierdie belofte verstaan nie. Hierdie land is aan Avram (Avraham) en sy nageslag, wat deur Yitz'gak is, belowe. Niks kan dit verander nie. Deur die volk, Yisra'el, se ongehoorsaamheid word dit uitgestel en toe hulle na 40 jaar in die wildernis ingaan, was יהוה se grense kleiner, met die belofte: Hy sal dit vergroot as hul gehoorsaam leef. Die verbond bly steeds waar. Dit is so ernstig dat dit vir hierdie deel van die verbond is dat יהוה vir Avram 'n teken gee, nl. die ritueel van die bevestiging van die verbond: die loop tussen karkasse deur. **vs. 9-18**. Dit is ook die deel van die verbond wat later aangehaal word deur die Psalmdigter: **Ps 105:8-10** "Hy dink vir ewig aan Sy verbond, aan die Woord wat Hy ingestel het vir duisend geslagte;[9] die verbond wat Hy met Avraham gesluit het en Sy eed aan Yitz'gak;[10] wat Hy ook vir Ya'akov as insetting bekragtig het, vir Yisra'el as 'n ewige verbond,"

**6.** In Sy getrouheid vertel יהוה reeds vir Avram dat die volk 400 jaar in Egipte gaan wees (**vs. 13**). Daar was geen verrassing vir יהוה nie, Hy het dit reeds geweet en self beplan.

Nadat Avram en Sarai hulle eie plan gemaak het om יהוה se verbond waar te maak, **Gen 16** omdat enige iets anders menslik onmoontlik gelyk het, kom die God van die onmoontlike en openbaar Homself aan Avram as El-Shaddai - Die Magtige God wat meer is as genoeg - **Gen 17:1**. יהוה kom in **Gen 17** en herhaal en bevestig elke deel van die verbond sover met Avram, met groter detail:

1. Weereens begin יהוה die verdere openbaring van Sy verbond met 'n **belofte** en 'n **voorwaarde** aan Avram. **vs. 1** Ek is vir jou meer as genoeg in alle opsigte, jy moet in My Teenwoordigheid bly en vlekkeloos wees. Moenie jouself met ander dinge bevuil nie. Moenie jou eie dinge probeer nie, (weggaan uit My Teenwoordigheid nie) en **vs. 2-6,** Ek sal jou vermeerder (My verbond wat Ek reeds gemaak het nakom). As 'n teken van יהוה se getrouheid verander Hy Avram se naam na Avraham (Vader van menigte) en Sarai se naam na Sarah (Prinses) - **vs. 15**. Nou is daar geen twyfel nie - יהוה se verbondsbelofte staan in Avraham se naam ingeskrywe. In **vs. 4 en 7** bevestig יהוה dat hierdie dinge aspekte is van Sy deel van die verbond: 'Ek sal vir jou 'n God wees.' Onthou, Avraham is reeds 99 jaar oud en Sarah amper 90!
2. **Die bevestiging vs. 7** - die verbond is deur jou nageslag **vir ewig**. Dink asseblief een oomblik. Hoe lank is יהוה se 'vir ewig?' Weereens bevestig יהוה wat reeds gesê is: Sy verbond is ewig.
3. Weer die bevestiging van die land as besitting.
4. Nou is dit **Avraham se verantwoordelikheid:** 'jy moet vir My 'n volk wees.' In **vs. 10** gee יהוה Avraham se verbondsteken vir sy fisiese nageslag en almal onder sy outoriteit, almal wat deel wil kry aan die verbond van יהוה met Avraham: besnydenis aan die vlees. יהוה doen dit nie; Avraham moet dit self doen en almal wat daaraan wil deel. Dit is sy verantwoordelikheid. Hy het 'n keuse om dit te doen of nie en almal wat dit nie doen nie word afgesny van die volk. Hulle is nie deel van die volk van יהוה nie!
5. Nou kom יהוה se verdere openbaring aangaande die seun wat יהוה hom belowe het waardeur Hy die verbond sal laat voortgaan - **vs. 16**. As hulle maar net gewag het en besef het dat יהוה Sy een, ewige verbond in stadiums openbaar en dat Hy nog die volledige plan van Avraham se erfgenaam sal bekendmaak. Sarah sal 'n seun hê. Ek dink ons sal Avraham en Sarah verskoon omdat hulle gelag het, selfs יהוה het hulle nie kwalik geneem nie. Avraham het bereken, as die kind gebore word sal hy 100





wees en Sarah 91! **vs. 16** Sarah is reeds geseën! Hulle moes net op יהוה se tyd wag. **vs. 18:** Avraham probeer steeds Yishma'el as antwoord sien, maar יהוה se antwoord maak vir eens en vir altyd die erfgenaam van die belofte bekend. Hierdie antwoord van יהוה is deel van die rede vir die ewige stryd in die Midde-Ooste, want die Moslem weier om hierdie antwoord van יהוה te aanvaar en sien Yishma'el steeds as die erfgenaam van die belofte. Deur Avraham en Sarah **se eie menslike planne** in יהוה se verbond te probeer inbring, is 'n ewige stryd veroorsaak. Ons moet die verskil hier sien. יהוה het Yishma'el ook geseën en vermeerder volgens die belofte aan Avraham (**vs. 20**), maar die verbond is slegs deur Yitz'gak voortgesit. יהוה het nie 'n verbond met Yishma'el gehad nie! Hy het hom net geseën.

**Rom 9:7** "Ook nie omdat hulle almal Avraham se nageslag is, is hulle kinders nie; eerder: "in Yitz'gak [Gen 21:12] sal hulle jou nageslag genoem word."

6. In **Gen 22:12** het Avraham sy getrouheid aan die verbond bewys deur die toets van Yitz'gak as offer. In **Gen 24:1** sien ons die getrouheid van יהוה in die uitvoering van Sy verbond. יהוה het Avraham in alles geseën.

7. In **Gen 22:17, 18** bevestig יהוה dat Avraham 'n groot nageslag sal hê en dat hy 'n seën sal wees vir al die nasies. **Die verbond is tot voordeel van die nasies en nie net vir Yisra'el nie.**

---

## 4. Yitz'gak (Isak)

**Gen 17:19,21** "God antwoord egter: "Nee, maar jou vrou, Sarah, sal vir jou geboorte gee aan 'n seun en jy moet hom Yitz'gak noem en **Ek het My verbond met hom vasgestel** as 'n ewige verbond met sy nageslag ná hom... **21** maar My verbond sal Ek vasstel met Yitz'gak, wat Sarah volgende jaar in hierdie seisoen vir jou geboorte aan sal gee."

יהוה self bevestig die voortgaan van die verbond en al sy aspekte, met en deur Yitz'gak, met sy nageslag tot in ewigheid en stel self die skeiding tussen Yishma'el en Yitz'gak. Die verbond is nie met Yishma'el nie.

יהוה wys weereens Sy getrouheid as ons sien dat Yitz'gak nou die seën ontvang. **Gen 25:11** "Ná die dood van Avraham het God sy seun Yitz'gak geseën." Ook in **vs. 21** waar יהוה sy gebed beantwoord namens sy vrou, Rivkah.

**Gen 26:2-5** "יהוה het aan hom verskyn en gesê: "Moenie aftrek in Egipte in nie; bly in die land wat Ek vir jou sal wys. [3] Bly as besoeker in hierdie land en Ek sal by jou wees en jou seën, want aan jou en jou nageslag gee Ek al hierdie koninkryke. Ek sal die eed nakom wat Ek teenoor jou vader, Avraham, gesweer het [4] en Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie koninkryke gee en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën wees [5] omdat Avraham My stem gehoorsaam het en My opdragte, My bevele, My verordeninge en My wette nagekom het."

1. Weereens word die verbondsbevestiging begin deur 'n opdrag waarvan die gehoorsaamheid dien as toets. Dit was nog nie tyd vir die vervulling van die woord dat hulle in Egipte as slawe sou dien nie **- vs. 2**.
2. Bevestiging van die verbondsaspek dat die land aan hulle gegee is **- vs. 3**
3. Bevestiging van die vermenigvuldiging van die volk **- vs. 4 en 24**.
4. Bevestiging dat al die nasies deur hulle geseën sal word. **vs. 4**.
5. יהוה se verbond gaan voort as gevolg van die gehoorsaamheid aan die verbond wat Avraham gewys het **- vs. 5**.
6. Yitz'gak word uitermate geseën deur יהוה, meer as ander **- vs. 13**. Ons moet daarop let dat יהוה die verbondsdraer sal seën. Hierdie is deel van die verbond van Adam af en geldig tot vandag toe.

**Gen 26:25** "Toe bou hy daar 'n altaar en hy het die Naam van יהוה aangeroep" Sonder dat die wette op skrif gegee is, het hulle geweet wat יהוה se vereistes is.
יהוה het Sy verbond bevestig met Yitz'gak en daar is geen veranderinge of byvoegings nie.

---

## <u>5. Ya'akov (Jakob)</u>

**Gen 28:13-15** "Ek is יהוה, die God van jou vader Avraham en die God van Yitz'gak. Die land waarop jy lê gee Ek aan jou en jou nageslag [14] en jou nageslag sal wees soos die stof van die aarde en jy sal uitbrei na die Weste en die Ooste en na die Noorde en die Suide en in jou en jou Saad sal al die families van die aarde geseën wees.[15] Let op, Ek is by jou en Ek sal jou beskerm oral waar jy heengaan en Ek sal jou terugbring in hierdie land, want Ek sal jou nie verlaat nie totdat Ek gedoen het wat Ek vir jou gesê het."





1. יהוה bevestig weer die verbondsaspekte wat aan Avraham en Yitz'gak gegee is: **vs. 13 -** die land as besitting; **vs. 14**.- die vermenigvuldiging van die volk; die seën vir alle nasies deur hulle nageslag.
2. יהוה gee hom 'n belofte om by hom te bly en hom te beskerm **- vs. 15**
3. Vanaf **vers 20-22** maak Ya'akov 'n belofte aan יהוה wat eintlik maar net die aanvaarding is van יהוה se terme wat Hy lankal reeds opgestel het. 'n Belangrike aspek is dat Ya'akov hier, net soos Avraham in **Gen 14:20**, 'n tiende gee; lank voor die wet van Mosheh. Hoe het hy geweet?

Die volgende wat ons van die verbond lees, herinner Yosef sy familie dat יהוה belowe het om hulle uit Egipteland uit te vat na die beloofde land toe.
**Gen 50:24** "Yosef sê aan sy broers: "Ek is sterwend, maar God sal daarop let om julle te besoek en julle hier uitbring na die land wat Hy aan Avraham, Yitz'gak en Ya'akov met 'n eed beloof het."

Hierdie verbond het nooit verander of is nooit vervang nie:
**1 Kron 16:15-18** "Dink vir ewig aan Sy verbond, aan die woord wat Hy ingestel het vir duisend geslagte;[16] die verbond wat Hy met Avraham gesluit het en Sy eed aan Yitz'gak;[17] wat Hy ook vir Ya'akov as insetting bekragtig het, vir Yisra'el **as 'n ewige verbond**,[18] met die woorde: Ek sal aan jou die land Kena'an gee, julle afgemete erfdeel."

Die volk is in slawerny in Egipte. Die vraag is altyd hoekom יהוה, ten spyte van Sy verbond, die volk na Egipte gestuur het. Ek dink die vraag is verkeerd, dit is nie "ten spyte van" nie, maar ter wille van Sy verbond:
"Die volk" waaraan die belofte gegee is om die land te gaan inneem en die ander volke uit te dryf, was net meer as 70 mense. Hulle moes eers vermeerder in 'n plek waar hulle veilig was van oorlog en aanvalle. Jy kan self die afleiding maak hoe יהוה se plan gewerk het - hulle was 600 000+, net die mans, toe hulle uit Egipte getrek het! Hulle was slegs die laaste paar jaar slawe.

יהוה het hulle nie in die steek gelaat nie en het Sy verbond onthou.
**Eks 2:24** "God het hulle gesug gehoor en God het Sy verbond met Avraham, met Yitz'gak en met Ya'akov onthou.[25] God het aandag gegee aan die kinders van Yisra'el en God **het met hulle 'n verbondsverhouding gehad**."

**Het jy 'n verbondsverhouding met Yahuah, die Enigste, Lewende, Skepper-God?**

## 6. Yisra'el en Mosheh (Moses)

In **Eks 3:6-8** herinner יהוה Mosheh net daaraan dat daar 'n verbond is tussen יהוה en die nageslag van Avraham, Yitz'gak en Ya'akov en dat Hy steeds die land met melk en heuning aan hulle belowe het; ook in **Eks 6:4**.

יהוה gee aan Mosheh 'n opdrag met 'n belofte. Dit is gewoonlik, soos ons gesien het, hoe יהוה Sy verbondsooreenkoms begin.

**Eks 3:10,12** "Kom daarom en Ek sal jou na Farao stuur sodat jy My volk, die kinders van Yisra'el, uit Egipte uitbring." **12** Hy antwoord: "Ek sal sekerlik by jou wees en dit sal vir jou 'n teken wees dat Ek jou gestuur het: wanneer jy die volk uit Egipte uitgebring het, sal julle יהוה op hierdie berg dien."

יהוה erken nie hier die voortgaan van die verbond met Mosheh as persoon alleen nie, maar met die volk, Yisra'el. Dit is 'n vergelyking wat ons kan tref. Mosheh het die tussenganger van die verbond geword, net soos Yeshua die Tussenganger van die 'nuwe' verbond geword het.

**Eks 6:6-8** "Daarom, sê vir die kinders van Yisra'el: 'Ek is יהוה en Ek sal julle onder die las van die Egiptenare uitbring en julle red uit hulle slawerny. Ek sal julle loskoop deur 'n uitgestrekte arm en deur groot oordele.**7** Ek sal julle vir Myself as volk vat en vir julle God wees en julle sal weet dat Ek יהוה, julle God, is, wat julle uitbring onder die las van die Egiptenare **8** en Ek sal julle bring in die land waarvan Ek My hand opgelig het, om dit aan Avraham, aan Yitz'gak en aan Ya'akov te gee en Ek sal dit aan julle as 'n besitting gee. Ek is יהוה'."

Weereens sien ons dat dieselfde verbondsaspekte herhaal word.

1. יהוה belowe om hulle te bevry.
2. "Ek sal vir julle 'n God wees" en "Ek sal julle as My volk vat." Hier word die woorde verander, met יהוה wat die inisiatief neem. Hy wag nie meer dat hulle vir Hom 'n volk moet wees nie, maar aanvaar hulle as volk. Verander dit iets? Nee, behalwe om dit duideliker 'n verhouding te maak.
3. Die besitreg van die beloofde land word weer bevestig.

יהוה se opdragte aan Yisra'el begin nou reeds, soos bv. die Pesagfees. Ons gaan egter konsentreer op die geleenthede waar יהוה dit 'n verbond noem en waar die aspekte uitgestip word as 'n verbond. Streng gesproke is al יהוה se opdragte tog deel van Sy verbond en voorwaardes hoe om Sy volk te wees!





In **Eks 14:15** is vir ons 'n voorbeeld hoe eg die aspekte van die verbond vir יהוה is. Ons moet net verstaan. "Wat roep jy na My?" יהוה het van Adam af die natuur onder die mens se outoriteit geplaas. Nou roep Mosheh uit na יהוה om te help en יהוה antwoord. "Ek het die outoriteit vir jou gegee, waarom roep jy na My?" Ons mis dit! Ons het nog steeds nie verstaan nie. Daardie eerste deel van die verbond is steeds net so waar! Adam het nie outoriteit geneem nie en gesondig. Tot vandag toe neem die mens nie die outoriteit wat aan hom gegee is om יהוה se Koninkryk te sien kom nie. יהוה het steeds nie die water laat terugtrek nie, maar aan Mosheh die opdrag gegee om sy staf, (die teken van outoriteit!), oor die water uit te steek en dit te doen. Dit is Godgegewe outoriteit, nie eie nie. Dit is hoe Sy verbond werk!

יהוה praat met Mosheh en gee die boodskap vir die volk. Ons sien weer Mosheh se tussengangerrol wanneer יהוה die verbond met die volk sluit.

**Eks 19:4-8** "Julle het gesien wat Ek aan die Egiptenare gedoen het en hoe Ek julle op arendsvlerke gedra en na My toe gebring het; **5** daarom, as julle na My stem luister om te gehoorsaam en My verbond nakom, sal julle 'n spesiale skat vir My bo al die volke wees, want die hele aarde is Myne.**6** Júlle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde nasie wees. Hierdie is die woorde wat jy vir die kinders van Yisra'el moet sê."**7** Mosheh het gekom en die oudstes van die volk laat roep en hulle al hierdie woorde voorgehou wat יהוה hom beveel het.**8** Die hele volk het saam geantwoord en gesê: "Alles wat יהוה gesê het, sal ons doen." Mosheh het die woorde van die volk teruggevat na יהוה toe."

1. **Vs. 4**: יהוה verklaar - 'Ek kom My deel na - Ek is 'n God vir julle.'
2. Die seëninge en beloftes van יהוה is weereens aan 'n voorwaarde gekoppel: "As julle na My stem luister om te gehoorsaam en My verbond nakom." Ons het nou reeds Sy verbond en vereistes leer ken en ek glo Hy verwys ook na die verbondsaspekte wat Hy nou gaan gee.
3. יהוה maak nog 'n deel van die verbond duidelik deur hulle rol en taak in die wêreld uit te stip. "Júlle sal vir My 'n **koninkryk van priesters** en 'n **afgesonderde nasie** wees." Dit is die volgende stap in die lering; hoe om 'volk van יהוה' te wees. Die priester se taak is om te offer, versoening te doen en dit is nou die kern waar rondom al God se handel met die volk gaan draai - die tabernakel. Hulle moet ook afgesonderd wees. **Die volk moes verstaan dat hulle nie dieselfde as ander nasies is of moet wees nie.** Hulle is afgesonderd vir יהוה se plan. Dit word bevestig dat dit

dieselfde bly ook vir ons deur die laaste openbarings van die verbond:

**1 Kefa 2:9** "Julle is 'n gekose nasie,[Yes 43:20] om te dien as priesters in die Koninkryk,[Yes 61:6] 'n afgesonderde volk,[Eks 19:6] bymekaargemaak en bevry, om die lofprysinge van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig."

**Dit is ons deel van die verbond!**

4. Later sal ons sien dat almal eintlik priesters moes wees, maar יהוה neem die eersgeborene van elke huis, as verteenwoordigend van die huis, as priester. Op sy beurt word hy weer losgekoop deur 'n offer en word dit oorgedra op die stam van Levi wat die gedeelte van die eersgeboorte reg op priesterskap verkry het deurdat Re'uven gesondig het.
5. In **vs. 8** bevestig die volk weer: "Ons sal vir U 'n volk wees."
6. יהוה se verhouding blyk steeds baie persoonlik en naby te wees, met 'n persoon, maar dit skyn asof Hy deur die enkel persoon, Mosheh, met die volk werk; asof daar nie so 'n persoonlike verhouding met die volk meer is nie; asof hulle hardkoppigheid 'n verandering in die verhouding gebring het. My ondervinding is dat יהוה met hulle wat vertrou en wil saamwerk, 'n verbond sluit en met hulle moeite maak.

Nou volg die wette en voorskrifte en oordele van יהוה aan die volk. Vir my is dit 'n voortvloeisel uit die voorwaardes en vereistes wat יהוה stel in Sy verbond. Om vir יהוה 'n volk te wees, is dit dít wat jy moet doen. Dit is deel van die ewige, onveranderbare verbond van יהוה.

**Verwerp hierdie lewens-standaard en jy verwerp Vader se verbond!**

Net om seker te maak, word dit wat ons nou net gesê het bevestig. Die wet is deel van יהוה se verbond, dit is, die voorwaardes om te deel aan Sy verbond:

**Eks 24:7** "Hy het **die Boek van die Verbond** gevat en dit voor die ore van die volk gelees en hulle het gesê: 'Alles wat יהוה gesê het, sal ons **doen en gehoorsaam**'."

Die boek waarin die wet geskryf is, word die Boek van die Verbond genoem en die volk bevestig dat hulle dit sal doen en gehoorsaam. Dit is nou interessant vir my dat die volk, wat nie in die "Nuwe Verbond" tyd leef en nie die volheid van die Gees het nie, nie dink die wet is **onmoontlik** om na te kom nie en daarom ook nie dink dit is wetties nie! Hulle sal dit doen! Hoekom is dat dat hulle wat "die Gees het" dit nie meer kan doen nie?





Mosheh neem nou die bloed van die offers en maak die volgende verklaring:

**Eks 24:8** "Mosheh vat die bloed en sprinkel dit op die volk en sê: "Hierdie is die bloed van die verbond wat יהוה met julle gesluit het op grond van al hierdie woorde."

Dit is dieselfde woorde wat Yeshua gebruik het om Sy bloed as offer voor te stel. Die draad loop regdeur die verbond.

Dit is die bloed van die offers wat hulle as priesters in die tabernakel en later in die tempel en Yeshua aan die kruis bring wat herinner aan die verbond.

Die volgende aspek en opdrag in die verbond is, soos al die ander, 'n deel van die wet, maar word spesifiek uitgelig as verbondsdeel:

**Eks 31:16** "Daarom moet die seuns van Yisra'el die Shabbat onderhou deur **die Shabbat te vier in hulle geslagte as 'n ewige verbond.**"

**Vers 14** gooi meer lig op die rede: "Ek het dit vir julle afgesonder en julle moet dit vir My afsonder." Maak sin vir my! Lees asseblief die hoofstuk oor Shabbat in **"Feeste van die Verbond"** later in hiérdie boek. Dit hanteer die praktiese elemente van die verbond.

Verdere aspekte van Sy verbond word nou deur יהוה openbaar. Dit gaan nie net oor die wette en reëls nie, maar oor die beginsels wat daardeur uitgebeeld word wat die vorige verklarings van die verbond verhelder.

**Eks 34:10** "Hy antwoord: "Let op, Ek sluit 'n verbond....." en dan volg weer Sy beloftes en voorwaardes.

1. **vs. 10 en 11**. יהוה se beloftes: "Ek sal wonderwerke by jou doen" en Sy opdragte: "Jy moet gehoorsaam."
2. **vs. 10**. Dit is as getuienis vir alle mense dat יהוה God is. Niks van hierdie verbond is uitsluitlik vir Yisra'el gegee as volk nie, maar aan almal wat Yisra'el (waaroor die Magtige God heers) word. Ons sal dit in diepte hanteer by die laaste deel van die verbond.
3. **vs. 12**. יהוה se verbond is allesomvattend en volledig vir jou. Jy het geen ander verbond met geen volk of nie-god nodig nie. Elke ander verbond is 'n teken van wantroue in יהוה se nakoming van Sy deel en 'n verbreking van jou deel. Die afgesonderdheid wat יהוה vroeër vereis het, word nou prakties geleer.
4. In die volgende verse **word die feeste en hulle vasgestelde tye as deel van die verbond vasgemaak**. As jy die feeste se wonderlike betekenisse verstaan, sal jy יהוה loof dat Hy dit ook vir ons gegee het. Lees verder oor hierdie deel in **"Feeste van die Verbond."**

**5.** In **vs 26** word die eersteling gawe aan יהוה (tiende) weer bevestig.

**6. Eks 34:27,28** "יהוה het ook vir Mosheh gesê: "Skryf hierdie woorde neer, want volgens hierdie woorde van My Mond het Ek 'n verbond gesluit met jou en met Yisra'el."[28] Hy was daar by יהוה veertig dae en veertig nagte; hy het geen brood geëet en geen water gedrink nie en יהוה het die woorde van die verbond op die tafels geskryf: die tien opdragte."

- Dit is miskien die rede hoekom mense net die wet as die verbond sien: hier word Mosheh beveel om die wette op skrif te stel. Nie die 10 opdragte of wette op die tafels nie, dit het יהוה self geskryf, maar al die aspekte van die wet wat die 10 opdragte, wat יהוה vir Mosheh gegee het, omskryf. Ek glo dat die tien gebooie 'n opsomming is van die wette en opdragte as opskrifte. Al die wette wat ewig en voortdurend is, kan daarin ingedeel word, bv. יהוה sê ons moet die Shabbat hou wat al Sy gegewe en vasgestelde tye en dae insluit. יהוה bevestig ook dat dit 'n verbond is met die volk.

**Lev 2:13** "Jy moet al jou vrywillige graanoffers met sout voorberei en jy mag **die sout van die verbond van jou God** nie laat ontbreek by jou vrywillige graanoffer nie. Jy moet sout saam met al jou offers offer."

Hierdie is geneem vanuit 'n Oosterse idioom wat ons ook in Afrikaans ken. "Om 'n sak sout saam op te eet." Dit verwys na die verhouding, maar ook na die werkinge, nl. om te suiwer en te bewaar. Reinheid en ewigheid word daardeur uitgebeeld.

**Mar 9:49** "Alles sal met vuur voorberei word en elke offerande sal met sout voorberei word."

Die fisiese sout wat by alle offers gebring word, is die fisiese simbool van die les wat God die volk leer. So is dit met al die fisiese opdragte en wette, **Num 18:19,** wat 'n **praktiese uitbeelding is van ons geestelike verhouding met God.**

In **Lev 26** sien ons 'n fantastiese lys van die beloftes van יהוה - natuurlik begin dit weer by die voorwaardes! **:46** Dit eindig met die stelling dat dit die wette en voorwaardes van יהוה is. (Vers nommers is in donker gedruk:)

<u>1. Voorwaardes:</u> **:1** יהוה alleen dien; **:2** Shabbatte hou. Let op meervoud wat my vorige stelling oor die insluiting van feeste bewys. **:2** Die Tempel-werkinge respekteer en ag. **:3** יהוה se reëls en wette nakom.

<u>2. Beloftes:</u> **:4** Reën, oeste en vrugte volgens seisoen. As die koerant beweer dit gaan in jou streek droog wees dié jaar, wie glo jy? **:5** Jy sal voortdurend genoeg hê om te eet en **:10** oorvloed hê. **:6** vrede hê en sonder vrees leef.





**:7** Jy sal oorwin in oorlog, **:9** Vrugbaar wees en vermenigvuldig en God sal elke deel van Sy verbond nakom.

Die deurlopende tema en samevatting van die verbond met 'n verdere belofte: **:12** "Ek sal tussen julle loop en julle God wees en júlle sal My volk wees." יהוה se nabyheid word verseker en Yeshua het dit kom wys.

<u>3. Die straf as jy ongehoorsaam is:</u> Dit is **:15**: as jy nie **AL** יהוה se opdragte uitvoer nie en so Sy verbond verbreek. **:16** Spanning, siekte, kort lewens, verlies van besittings. [Klink dit dalk bekend? Dit klink vir my na vandag se lewe in Suid-Afrika.] **:17** Sal gevegte verloor, hard regeer word deur die wat jou haat en wegvlug (uit die land uit) sonder iemand wat jou jaag. [Verbeel ek my of klink dit steeds bekend?] **:19** jou trotsheid oor jou eie kragte sal verbreek word. Geen reën uit die lug of oes uit die grond. **:21** Plae, wat vroeër belowe is dat dit nooit oor hulle sal kom nie. **:22** Wilde diere saai verwoesting. **:26** Daar sal nie genoeg kos wees nie, **:30** alles wat vir julle **afgode** is, sal vernietig word - Word asseblief stil en luister!

4. **:34** יהוה sal self sorg dat Sy wil uitgevoer word. Julle het nie Sy Shabbatte gehoorsaam en die grond laat rus nie, nou vat Hy jou weg sodat die grond kan rus. **:36** Vrees sal mense beetpak en voortdryf, :**39** skuld sal hulle vernietig.

<u>5. Herstel:</u> יהוה, in Sy wonderlike onverdiende guns, voorsien reeds die berou en terugkeer van die volk. **:40** "As" - weereens is vergifnis voorwaardelik - jy moet erken dat jy gesondig het, **:43** dat jy יהוה se oordele oor wat reg en verkeerd is misken het en nie volgens יהוה se reëls gelewe het nie. **:42 en 45 Ter wille van Sy verbond. :44** God kan nooit Sy kant van die verbond verbreek nie, want Hy is יהוה.

Dit is goed om **Deut 27-29** deur te werk vir 'n vollediger lys van seëninge en strawwe wat aan die verbond gekoppel is; gehoorsaamheid teenoor ongehoorsaamheid.

יהוה beloon vir Pingas, die seun van El'azar, die seun van Aharon omdat hy ywerig was vir יהוה en יהוה se wraak van die volk af weggekeer het deur 'n persoonlike verbond met hom te sluit.

**Num 25:12-13** "Sê daarom: 'Let op, Ek gee vir hom My Verbond van vrede;[13] dit sal vir hom en sy nageslag ná hom die verbond wees van 'n ewige priesterskap omdat hy ywerig was vir sy God en toedekking vir die kinders van Yisra'el gedoen het."

In die Deut 4 herhaling van die voorskrifte en wette kom 'n belangrike punt voor wat noodsaaklik is om te noem as deel van יהוה se verbondsaspekte.
**Deut 4:2** "Julle mag by die boodskap wat ek julle beveel, **niks byvoeg nie en julle mag daar niks van weglaat nie**, om die opdragte van יהוה, julle God, te onderhou, wat ek julle beveel."

Y'hoshua was die uitvoerder van יהוה se verbond om die land aan Yisra'el as besitting te gee. Die verbond moes streng gehou word en oortreding van die verbond van יהוה, **Y'ho 7:11-15**, is baie streng gestraf. In die boek Y'hoshua sien ons ook hoe יהוה letterlik elke woord van Sy beloftes waar maak.

Elke keer, in die geskiedenis, as Yisra'el van יהוה weggedwaal het, is dit die verbond waaraan יהוה gedink en die volk teruggebring het.
**Yes 55:3** "Draai julle oor en kom na My toe, luister dat julle kan lewe en Ek sal 'n ewige verbond met julle sluit, volgens die getroue onverdiende gunste aan Dawid bewys."
יהוה nooi die volk terug deur Sy verbond en beloftes, as die volk hulle net sal bekeer en terugdraai na יהוה toe.

**Yes 59:21** "Wat My betref, dit is My verbond met hulle, sê יהוה: My Gees wat op jou is en My woorde wat Ek in jou mond gelê het, sal uit jou mond nie uitgaan nie en ook nie uit die mond van jou nageslag en uit die mond van die kinders van jou nageslag nie, sê יהוה, van nou af tot in ewigheid."
- יהוה se Gees word belowe vir gehoorsames.

---

## 7. Deur Yisra'el tot al die nasies.

**Hand 3:25** "Julle is kinders van die profete en van die verbond wat God met ons vaders gesluit het toe Hy vir Avraham gesê het: 'En jou Saad sal goeie dinge oor al die geslagte van die aarde laat kom'." Gen 22:18; 26:4
Ek is van oortuiging dat יהוה nie die wet net vir Yisra'el gegee het nie, maar vir hulle as gekose volk om as voorbeeld te dien vir die ander, **waardeur almal kan weet hoe om die enigste God te aanbid en te dien**. Dit is die rede waarom יהוה 'n volk gekies het. Nie 'n bestaande volk nie, maar een wat Hy van die begin af volgens Sy verbond en standaarde saamgestel het.

Dit beteken dat al hierdie aspekte, wette en voorwaardes, maar ook die beloftes, van die wet ook vir ander nasies geldig is. Die besnydenis is as teken gegee van die behoort aan die volk wat יהוה gekies het en elkeen wat





by die fisiese volk wou inkom, van watter nasie ookal, moes dit ook doen. Dit gaan ook deur na **die verbondsopenbaring in Yeshua, waar dit nou 'n geestelike besnydenis van die hart word (nog van die begin af is dit die werklike betekenis - Deut 30:6) vir hulle wat in die Gees inkom - Kol 2:9-12**. Dit is 'n belangrike aspek. Ons het altyd al die wette en feeste en opdragte gesien as "Joodse wette" ens. Dit is 'n totale verkeerde begrip. Dit is Bybelse wette. יהוה se wette. יהוה se feeste. יהוה se opdragte;

**ook vir jou en my - as Hy my God is en ek Sy volk is.**

---

## 8. Dawid

**1 Kron 17:11-14**
**2 Sh'm 7:12-16** "As jou dae volledig is en jy by jou vaders neergelê is, sal Ek jou nakomeling, wat uit jou liggaam sal voortkom, laat opstaan en sy koningskap bevestig.[13] Hy sal vir My Naam 'n huis bou en Ek sal sy koninklike troon bevestig tot in ewigheid.[14] Ek sal vir hom 'n Vader wees en hy sal vir My 'n seun wees; wanneer hy verkeerd handel, sal Ek hom dissiplineer met 'n menslike roede en met slae van mensekinders,[15] maar My omgee in liefde sal nie van hom af weggaan nie, soos Ek dit weggevat het van Sha'ul wat Ek voor jou verwyder het, nie.[16] Jou huis en jou koningskap sal voor My standhou tot in ewigheid; jou troon sal vasgestel word tot in ewigheid." (**2 Kron 6:16)**
**2 Sh'm 23:5** "Waarlik, is my huis nie so by God nie? Want Hy het 'n ewige verbond met my gemaak wat in alles georden en verseker is, want al my verlossing en al my begeertes, sal Hy dit nie laat uitspruit nie?"
**Ps 89:4,5** "Ek het 'n verbond gesluit met die een wat Ek gekies het; Ek het met 'n eed aan Dawid, My kneg, gesweer: [5] Tot in ewigheid sal Ek jou nageslag bevestig en jou troon opbou tot in alle geslagte."
**Ps 89:20-38; Yir 33:21-26; Yeg 37:24,25.**

1. 'n Koning vanuit sy geslag sal altyd op die troon wees - weereens, as hulle gehoorsaam is.
2. Die troon = heerskappy, sal vir ewig wees. Dit is niks anders as 'n profetiese woord oor die troon van Yeshua, as Koning vir ewig, nie.
3. Die Vader-seun verhouding bevestig die persoonlike omgee wat יהוה vir Sy kinders het.
4. Dissipline is 'n teken van liefde en omgee. Dit wil die beste vir die persoon hê.

5. Hierdie verbond met Dawid is 'n persoonlike **verbondsverhouding** en tap vanuit die rykdom van beloftes en seën van die verbond van יהוה.
6. **Yes 55:4** "Kyk, Ek het hom tot 'n getuie van die volke gemaak, tot 'n vors en 'n gebieder van die nasies." Wanneer יהוה die volk nooi, **:3**, om met Hom in verbond te gaan, gebruik Hy Dawid as voorbeeld, let op, wat 'n getuie was vir alle nasies. Ook die verbond met hom is deur hom tot getuienis van die Koninkryk van יהוה tot die nasies - nes deur ons vandag nog.

יהוה het met nog indiwidue die verbond bevestig, maar niks verander nie.

---

## 9. Die Nuwe, Nuutgemaakte, Herstelde verbond

Of die vervolmaking en waar wording van wat van die begin af die versekerde verwagting was vir elkeen wat Die Gesalfde Een, (Mashiag), verwag het.

'Nuwe verbond' in hierdie gedeelte beteken die verbond wat God nuut kom maak het, die verbond van Sy kant af is nog dieselfde. 'Ou verbond' beteken die verbond wat deur Yisra'el verbreek is en dus deur God verwerp kon word, maar uit Sy onverdiende guns, kom herskep Hy dit, met nuwe aspekte, tot 'n nuwe, meer volledig geopenbaarde, Nuwe verbond. NIKS van die oue het weggeval nie, maar is geheel en al vernuwe - hoe? Dit is wat ons moet bestudeer in die Woord.

**Ps 111:9** "Hy het aan Sy volk verlossing gestuur; **Hy het Sy verbond vir ewig ingestel**; Sy Naam is afgesonderd en vreeslik."

**1 Kron 16:14-18** "Hy, יהוה is ons God; oor die ganse aarde is Sy oordele.[15] Dink vir ewig aan Sy verbond, aan die woord wat Hy ingestel het vir duisend geslagte;[16] die verbond wat Hy met Avraham gesluit het en Sy eed aan Yitz'gak;[17] wat Hy ook vir Ya'akov as instelling bekragtig het, vir Yisra'el as 'n **ewige verbond**,[18] met die woorde: 'Ek sal aan jou die land Kena'an gee, julle afgemete erfdeel.'" - die landsbesit is ewig.

Ek dink dit is duidelik dat die verbond ewig is, net soos die beloftes wat daarin vervat is, asook alles wat יהוה daarin gesê het as voorwaardes!

**Ps 89:34** "Ek sal My verbond nie verbreek nie en wat oor My lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie."

**Glo u dit wat Yahuah hier belowe?**





Kan u sien dat die verbond vir God ewig is, maar soos enige kontrak en verbond maak die tydperk waarop dit geldig sou wees nie saak as een party die voorwaardes verbreek nie. Dit is nie God wat verander nie.

Nou moet ons ook niks van יהוה se Karakter en Outoriteit, wat ons in die eerste gedeelte geleer het, of die samestelling, voorwaardes en beloftes van יהוה se verbond, uit die tweede gedeelte, vergeet nie.

Daar word gepraat van "die nuwe" teenoor die "oue;" die "genade verbond" teenoor die "werke verbond." In gesprekke met Yisra'eli geleerdes asook die man op straat, is dit duidelik dat dit glad nie korrek is nie. In my studie van die Joodse gebruike in vergelyking met Bybelse gebruike en verwagtings, is dit duidelik dat dit 'n kosmetiese verskil van klem alleen is. Die sg. 'ou' Verbond is net soveel in die Gees en uit 'genade' en gebaseer op vertroue en nie op dade nie, (behalwe nakoming van voorskrifte), as die 'nuwe' Verbond, (Kayin het ook geoffer, net soos Hevel, maar dit is nie in die daad nie, maar as gevolg van die gees en denke waarin die aanvaarding en verwerping lê), met natuurlik daarmee saam die ryker en volmaakte betekenis van יהוה se openbaring deur Yeshua. Die klem het verskuif, nie die konsep nie en ek gaan dit vir u in die Skrif wys. U sal egter eers die konsep 'dat die verbond weggeval het en יהוה 'n gans nuwe een uitgedink het' moet vergeet en יהוה se Gees vra om Sy waarheid aan u te openbaar. יהוה se verbond is **ewig**. Sover ek bewus is, is daardie tydperk nog nie verby nie! Sy beloftes sal **nooit** verbygaan nie en Sy verwagtings, standaarde en voorwaardes nie verslap nie, want in יהוה se alwysheid is daar sin en rede in elkeen van daardie voorskrifte en wette.

Ek gaan begin met die belofte van die 'nuwe verbond' soos ons dit ken uit Yirmeyahu (Jeremia).

**Yir 31:30-34** [30] "maar elkeen sal vir sy eie oortredinge sterf; elke mens wat die suur druiwe eet, sy tande sal stomp word.[31] Let op, daar kom dae," verklaar יהוה, "wanneer Ek met die huis van **Yisra'el** en die huis van **Y'hudah** 'n nuwe verbond sal sluit,[32] nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle aan die hand gevat het om hulle uit Egipteland uit te bring nie; My verbond **wat húlle verbreek** het, alhoewel Ék Meester oor hulle was," verklaar יהוה. [33] Hierdie is egter die verbond wat Ek ná daardie dae met die huis van Yisra'el sal sluit," verklaar יהוה: "Ek sal My wet **binne-in hulle sit** en dit op hulle **verstand, wil en emosie skryf** en Ek sal hulle God wees en hulle sal My volk wees.[34] Hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer

leer nie en sê: 'Ken יהוה,' want hulle sal My almal ken, van die kleinste tot die grootste van hulle," verklaar יהוה, "want Ek sal hulle oortredinge vergewe en hulle sondes nie meer onthou nie."

Volg asseblief die vergelyking met die verbond soos reeds gegee en sien self die ooreenkoms en verskille.

1. **:30** Die verbond se konsentrasie en kern is nou meer op die **indiwidu** gerig. Alhoewel 'n groep, soos 'n gemeente, steeds deur die sonde van een persoon beïnvloed word, is die straf en verbondsverbreking die indiwidu s'n. Jy is nie vergewe; dus kind van יהוה, as jy nie persoonlik 'n verbondsverhouding met יהוה, deur wedergeboorte, het nie. Die erns van jou persoonlike besluit en wegdraai van die sonde na יהוה toe word hierdeur uitgewys. Ek weet jy het in 'n huis groot geword waar elke dag van 'God' gepraat is en dat jou ouers hulle deel gedoen het om jou die waarheid te leer, soos hulle dit geken het. Dit is wonderlik en יהוה sal hulle daarvolgens beloon, maar dit beteken vir jou net dat jy groter skuld voor יהוה het as jy dit nie persoonlik maak, vertrou en doen nie. Jy moet dan self uitvind en leer wat יהוה se wil is. Dit is dan jou verantwoordelikheid. **יהוה het nie 'n blanko verlossing vir 'n groep of volk nie,** jy moet persoonlik Sy onverdiende guns en verlossing aanvaar. Jy moet jou hand op die Offerlam (Yeshua) sit voordat die offer vir jou geldig is. Jy moet dit vir jouself aanvaar. Dit is geldig vir almal!

**Het jy jou hand op die Lam van God gesit en gesê: "Dankie Vader, vir U verlossing en U Gees. Help my om volgens U wil te leef."**

2. **:31** Die voorspelling van hierdie 'nuwe' verbond is nog in die toekomstige geskryf, wat in Yeshua se voorsiening van die sondoffer en die uitstort van die Gees om die wet op die verstand te skryf, waar geword het. Die verbond kom weereens van יהוה se kant af. Met wie word hierdie verbond nou gesluit? Hier kom die verrassing! Steeds met **Yisra'el** en **Y'hudah**! Dit is steeds dieselfde "verbondsvolk" waarmee HY praat. ( Vanaf bladsy 8 hanteer ons die betekenis van Yisra'el in detail en ek beveel aan u bestudeer dit eers weer. ) יהוה het nie die verbond met Avraham, Yitz'gak en Ya'akov weggegooi en met die "Kerk" 'n nuwe verbond kom sluit nie. NEE. Dit is 'n arrogante en hoogmoedige dwaalleer wat nie יהוה se Woord in ag neem nie! Hierdie Yisra'el is weereens Ya'akov en Sy nageslag, met ander woorde die volk Yisra'el, **asook elkeen wat deur Yahuah beheer word**; elke kind van יהוה, let op, net elkeen wat besny





is!! Die volk Yisra'el omdat dit God se opdrag vir die fisiese volk is en die kind van God wat **na die Gees**, deur wedergeboorte, besny is. DIT IS ALLES DIESELFDE - NIKS HET VERANDER NIE - DIE KLEM HET VERANDER NA DIE GEESTELIKE. Dit was egter nog altyd geestelik. Dit het dieselfde betekenis en werking. Dit maak dit nie minder verpligtend nie. Dieselfde reëls van יהוה geld. **Bv.** Yisra'el moes die persoon wat nie besny is nie uit sy midde verwyder en afsny van die volk en daarom van die tempel en daarom van die verbond af. Die "Kerk" sit vol onbesnedenes na Gees en noem homself 'van die nuwe verbond.' Hoe werk dit? Nee, die standaard is dieselfde. Hy wat nie wedergebore is **en** leef volgens יהוה se standaarde nie, is nie deel van יהוה se gemeente nie en **is besig om die afgesonderdheid en groei van die liggaam te belemmer** en meeste van die tyd totaal te stop. **Kom uit hulle midde uit**, sê יהוה, as hulle nie wil luister nie, **Open 3:15,16.**

3. Die woord **'nuwe'** het nodig dat ons daarna kyk. Met elke vorige verbondsverbreding het יהוה terugverwys na die begin van die verbond en Sy nuwe aspekte bygevoeg en meer verduidelik in groter detail. Dit beteken nie daar was iets fout nie; יהוה het dit net duideliker aan die mens wat elke keer sy eie ding wil doen, kom uitspel. **Yahuah se verbond is van die begin af volledig en volmaak.** As jy dit nie glo nie, glo jy dat יהוה 'n fout gemaak het. Dink daaroor. Hierdie keer word die fisiese verbreed met 'n volmaakmaking wat nodig het dat die persoon se denke verander. Ek hoef nie meer te offer nie, want dit is vir en namens my gedoen, maar **ek moet dit myne maak en aanvaar**, asof ek dit gedoen het. Hoop dit maak sin. Ons sal aan die einde in 'Woord en praktyk' opsommenderwys na die voorbeelde uit die Bybel kyk. (Vanaf bl.110)
4. **:33** Die uiteensetting van die omvang van die verbond bewys wat ons sê. Wat was die kern regdeur die verbond, van die begin af? "Ek sal jou (julle) God wees en jy (julle) moet My volk wees." Daar is dan, hoe verder hoe meer, uitgebrei oor wat dit beteken. Nou sluit יהוה die nuwe verbond en wat is die omvang daarvan? "**Ek sal hulle God wees en hulle sal My volk wees.**" Nog 'n bewys van wat ons sê. Ek is seker dom, maar ek sien nie die 'nuutheid' in die **omvang van die verbond** nie! Seker omdat dit nie is nie! Die verbond se omvang is steeds dieselfde - niks daarvan het verander nie. Wat verander het is die detail openbaring en stelling van יהוה se gewone beloftes voordat Hy die verbond bekendmaak: "sal Ek My wet in hulle plaas en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf." Dit

is in my gees en in my wil, emosie en verstand vasgemaak. LET OP! Die wet het nie verander nie - nee, יהוה praat van daardie selfde wet, nie 'n ander wet nie. As jy sê 'n sekere wet is nie meer geldig nie, goed, wys my waar die Een wat die wet ingestel het dit sê. Niemand anders mag Sy wette verander nie. Is dit so moeilik om te sien: יהוה sê **Hy het DIE WET op ons verstand wil en emosie geskryf**. Hoe kan enige een beweer die wet is nie meer vir ons vandag geldig nie? Niemand het gesê ek verdien daardeur my redding en verlossing nie; selfs Yisra'el het nie (**Rom 3:20**), maar wel deur **vertroue** in die Een wat die wet gegee het. Die wet is יהוה se verbondsvoorwaardes tot ons beswil. As jy nie die voorwaardes van 'n verbond nakom nie, is die verbond gekanseleer en nie meer geldig nie. Dit is vir te lank gesien as Mosheh (Moses) se wet. Dit is nie, dit is יהוה se wet. Dit is nie die Jode se opdragte nie, dit is Yisra'el (hulle wat deur Hom beheer word) se opdragte. **Word jy deur Hom beheer?** Die wet is vir jou, vandag!

5. Dit het ook 'n verdere betekenis: dat die wet op ons gees en verstand geplaas is. Niemand het meer 'n verskoning om te sê: "Ek het nie geweet nie." Soos Yisra'el die voorbeeld vir ander nasies was, waardeur hulle kon sien en weet wat יהוה se wil is en dit dan aanvaar of verwerp, so is Yeshua die voorbeeld in volmaaktheid vir ons en almal op aarde. Hy het nou ook Sy wil ín die mens self geplaas, waardeur niemand 'n verskoning het as hy dit verwerp nie **- Rom 1:20**. Dit is hierin dat dit 'n nuwe verbond is, **:34.** Almal sal weet, niemand hoef hulle te leer nie. Ons moet net die antwoorde van hoe, na die nasies neem; die voorbeeld wees van hoe יהוה verwag om aanbid te word in die aanvaarding van Sy verlossing deur Yeshua. Hierdie is die groot rede waarom die belofte van יהוה dat die volk Yisra'el ook sal terugkom en vertrou in Yeshua, nie gesien word nie. Yisra'el moes vir die nasies tot voorbeeld wees en was ongehoorsaam. Ons wat nou as voorbeeld vir hulle moet dien, **Rom 11**, aanvaar dan self nie יהוה se standaarde nie! Hoe kan hulle glo? Ons is net so ongehoorsaam! Dit is egter die Gees van God wat die wet op die gees en verstand van die mens skryf; dus is hulle deel van die verbond wat die Gees van God het en dus die wet sal nakom en erken.

Kom ons bestudeer ander Skrifgedeeltes om die volheid hiervan te verstaan. יהוה se nuwe verbond is steeds eerstens vir Sy gekose volk:

**Hand 3:25,26** "Julle is kinders van die profete en van die verbond wat God met ons vaders gesluit het toe Hy vir Avraham gesê het: ‘En jou Saad sal





goeie dinge oor al die geslagte van die aarde laat kom.’ Gen 22:18; 26:4 **26** God het nadat Hy Sy Seun Yeshua opgewek het, **Hom eerste vir julle gestuur** om goeie dinge oor julle te laat kom deur elkeen van julle weg te draai van sy booshede."

In verwysing na die verbond, word Yeshua as die vervulling van יהוה se beloftes voorgehou en dat dit steeds volgens God se verbondsooreenkoms eerste aan Yisra'el aangebied word. Min mense besef dat die grootste gedeelte van die eerste 100 000 gelowiges in Yeshua, Jode, van Yisra'el en van ander lande was. Meeste was Arameessprekendes van die omliggende lande wat almal **Aramees gepraat het, soos Yeshua self!**

Nog bewyse dat Yeshua die vervulling is:

**Gal 3:16-18** "Die beloftes is aan Avraham belowe en aan sy Saad. Hy sê nie vir hom: ‘Aan jou sade,’ asof dit na baie wys nie, maar "Aan jou Saad,” na Een: Hom wat Die Gesalfde Een is,**17** maar ek sê dít: die verbond wat deur God, in Die Gesalfde Een, bekragtig is, is nie deur die geskrewe wet, wat vier honderd en dertig jaar later gekom het, gekanselleer om so die belofte tot niet te maak nie,**18** maar as die erfenis vanuit die geskrewe wet is, dan is dit nie meer vanuit die belofte nie, maar God het dit aan Avraham deur 'n belofte gegee."

**Vers 17 en 18** sê dat die wet, wat na Avraham gekom het, nie die vervulling van die belofte aan Avraham was nie, maar dat dit in Yeshua vervul (volmaak gemaak) word. Yeshua is die voortsetting en vervulling van die verbond met Avraham, deur die verbond met Dawid. Die verbond met die volk deur die wet was nodig as gevolg van die volk se volgehoue verbreking van die verbond. Toe het God uitgestipte reëls kom gee sodat daar geen verwarring en twyfel is oor Sy wil nie.

**Gal 3:19** "Hoekom dan die geskrewe wet? Dit is bygevoeg omrede die afvalligheid totdat die Saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom en die geskrewe wet is deur boodskapperengele in die hand van 'n tussenganger gegee."

**Rom 5:20** "Die geskrewe wet het bygekom sodat die sonde meer sou word en waar sonde meer geword het, het die onverdiende guns nog uitermate meer geword,"

**Rom 10:4** "want die geskrewe wet het Die Gesalfde Een ten doel tot onpartydigheid en opregtheid vir elkeen wat vertrou,"

**Yes 42:21** "יהוה was tevrede, ter wille van Sy onskuld, om die wet groot, eervol en lofwaardig te maak."

**Rom 7:12** "Die geskrewe wet is daarom afgesonder en die opdragte is afgesonder en onskuldig en goed."

- Daar is niks fout met die wet nie en dit is nie sleg nie. יהוה se wet is goed vir hulle wat dit gehoorsaam.

**Heb 8:6,7,13** "nou het Yeshua, Die Gesalfde Een, 'n beter bediening ontvang vir sover Hy ook Tussenganger gemaak is van **'n beter verbond en gegee is** met beter beloftes,**7** want as daardie eerste een onberispelik was, sou daar nie 'n plek gewees het vir hierdie tweede nie.**13** Deurdat Hy sê 'nuwe,' het Hy die eerste as oud verklaar en dit wat verouderd en oud is, is naby vernietiging." - Spesifiek van die verbond van offers.

Lees die verse saam en dit is duidelik: Die "oue" is nie meer met die "ou" gesindheid nodig nie, WANT soos ons gesien het en nog heelwat gaan sien, **is alles van die "oue" ook dit wat die "nuwe," bevat** met meer en kragtiger betekenis. Die nuwe gesindheid van die verbond word nou as wet gegee. Jy mag nog steeds nie steel nie, of is ek nou verkeerd? Maar dit is die nuwe gesindheid van "ek wil nie iemand se goed vat nie omdat ek hom lief het" wat die nuwe wet geword het. Geen wet het verander nie, maar het **dieper betekenis en omvang gekry = is vervul**.

** Net soos Yeshua die vervulling van die belofte is, [dit beteken Hy het die belofte kom waar maak en volledige betekenis gegee daaraan], net so het Hy die wet kom vervul. [Tog met dieselfde betekenis!] Yeshua het nie die wet laat verval of verbygaan nie! Bestudeer versigtig die volgende verse:

**Mat 5:17-19** "Moenie dink dat Ek gekom het om die Wet of die Profete te vernietig nie. Ek het nie gekom om te vernietig nie, maar om volledig te maak,**18** want dit is waar wat Ek vir julle sê: Totdat die hemel en die aarde verby sal gaan, sal nie een 'yud' of een 'strepie' van die wet verbygaan totdat dit alles klaar gebeur het nie.**19** **Enige een, wat daarom aan een van die minste van hierdie opdragte ongehoorsaam is en ander só leer**, sal die minste genoem word in die Koninkryk van die Hemel, maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die Koninkryk van die Hemel,"

Hier het ons 'n belofte en waarskuwing van die nuwe verbond. Jy moet die wet en opdragte van יהוה doen en leer en behoed jou as jy dit nie doen nie en dan boonop nog ander ook leer om dit nie te doen nie!!!

** Yeshua het aan die wet voller betekenis kom gee. Die wet kon letterlik opgeneem word: net toepaslik op dade. Yeshua het deur die nuwe verbond se standaarde die **motiewe en gesindheid** bygebring. Dit is nie meer net wat jy





doen nie, maar ook wat jy dink om te doen, of wou doen. Kom ons vergelyk Yeshua se eie voorbeeld van hoe dit verander het:

**Mat 5:21,22** "Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: 'Moenie moord pleeg nie,'[Eks 20:13] en dat elkeen wat moordpleeg, verantwoording moet doen voor die gereg,**22** maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broer sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg en elkeen wat vir sy broer sê: 'Ek spoeg op jou!' is veroordeeld voor die vergadering en elkeen wat sê: 'Jou dwaas!' is veroordeeld tot die vuur van die Hel."

Die fisiese moord is nie meer waaroor die wet handel nie, maar of ek 'n ander die reg gun om te leef en of ek dink my lewe is meer werd as syne. Dit is motief en gesindheid wat tel.

Nog 'n voorbeeld:

**Mat 5:27,28** "Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: 'Moenie egbreuk pleeg nie,'[Eks 20:13] **28** maar Ek sê vir julle dat 'n man wat na 'n vrou kyk met die doel om haar te begeer, daardie oomblik, egbreuk pleeg met haar in sy gedagtes, wil en emosie."

Die geskrewe wet was maklik om toe te pas en te straf wanneer iemand oortree. Die geskrewe wet het onmiddellike straf gebring. Nou, met die nuwe verbond, is dit persoonlik tussen jou en יהוה. יהוה gee steeds die straf, maar ander is gewoonlik nie eens bewus daarvan nie. In Sy onverdiende guns word die straf soms uitgestel of vertraag om aan jou die geleentheid te gee om met Hom reg te maak. So kan ons van oomblik tot oomblik regmaak en ons oefen in Godskarakter: om meer en meer **afgesonderd te lewe van die gesindheid van die wêreld.** Dit vereis 'n baie strenger **integriteit** van die gelowige in sy omgang met sy medemens.

**<u>Beloftes wat in Yeshua gegee word deur die nuwe verbond:</u>**

1. Hy sal Sy volk vanuit baie terugbring na die beloofde land.
2. Hulle sal vrugbaar wees en vermenigvuldig. (Reeds uit ou verbond)
3. **:4** Hy sal herders oor hulle aanstel om hulle te voed.
4. Hulle sal nie vrees of moedeloos wees nie. (Reeds uit ou verbond)
5. Hulle sal niks kortkom nie. (Reeds uit ou verbond)
6. **:5** Die beloofde "Saad" van Dawid sal kom in opregtheid en onpartydigheid as Koning en in regverdigheid heers. (Bekend vanuit die belofte in die verbond met Dawid) **Yeg 37: 24,25.**

7. **1 Kor 1:30** "Vanuit Hom is julle in eenheid met Die Gesalfde Een, Yeshua, wat vir ons Wysheid, wat kom van God, Onpartydigheid, Opregtheid, Afsondering en Verlossing, geword het"
8. **Yes 54:17** " 'Geen wapen wat teen jou gevorm word, sal voorspoedig wees nie en elke tong wat jou aankla voor die gereg, sal jy veroordeel. Dit is die erfdeel van die diensknegte van יהוה en hulle vryspraak is vanuit My,' sê יהוה."
9. **Yes 55:3** Sy verbond is ewig en sal nie verbygaan nie.
10. **Yes 55:7** As iemand na יהוה toe terugdraai sal Hy omgee en hom vryspreek.
11. **Yes 55:12** Jy sal in vreugde en vrede leef.
12. **Yes 56:3-5** Die wat in die vorige openbarings van die verbond uitgesluit was, word aanvaar as hulle Yeshua se verlossingsoffer aanvaar. **:6** Die vreemdeling sal aanvaar word as hy die Shabbat hou, Sy verbond eerbiedig en Sy dienskneg bly. Hier word van die nuwe verbond ná die verlossingswerk van Yeshua gepraat!
13. **Heb 8:12** "Ek sal hulle suiwer van hulle boosheid en hulle sondes nooit meer onthou nie."

---

## <u>10. Die tekens van die verbond.</u>

**Adam -** Daar is geen direkte teken gegee tussen יהוה en Adam nie. Adam-hulle is na die sonde bedek deurdat 'n bok moes sterf vir die velle. Die eerste bloed het gevloei as die teken en enigste werking van 'toedekking'.

**Noag -** Die reënboog as teken dat יהוה nie weer 'n vloed sal stuur nie. Weerkaatsing in vog vir 'n verbond wat oor water handel **- Gen 9:11-13.**

**Avraham -** Die besnydenis **- Gen 17:10 -** Hierdie is die voortsetting van die konsep van "Bloedverbond." יהוה se teken van die verbond met Sy volk staan in die simbool van vergifnis, wat altyd deur bloed kom. Die teken is ook op die plek vanwaar die saad kom wat die persoon as fisiese nageslag van Avraham identifiseer.

**Heb 9:22** "Byna alles word met bloed gereinig volgens die wet en sonder bloed is daar geen bevryding nie."

Dit wys altyd na die finale bloedoffer van Yeshua.

**Yitz'gak en Ya'akov -** Hier is nie 'n nuwe teken nie, maar 'n voortsetting en bevestiging van die vorige.

**Yisra'el - Eks 24:8; Heb 9:20** "Hierdie is die **bloed van die verbond** wat God met julle aangegaan het.” Net soos vir Avraham, reeds vanaf Adam,





is die teken weereens bloed, die keer van die offer wat gebring moet word vir toedekking en vergifnis.

**Dawid -** Ook sy verbond is net 'n voortsetting van die verbond met Avraham en die teken steeds geldig.

**Die nuwe verbond - 1 Kor 11: 25** "Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: ‘**Hierdie beker is die nuwe verbond in My bloed**;[Mat 26:28] doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, om te dink aan My,’[26] want so dikwels as wat julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Meester totdat Hy kom."

**Mat 26:28** "want dit is My bloed, **die bloed van die nuwe verbond**, wat vir baie uitgestort word tot vryspraak van sondes,"[Yir 31:30-33]

Die beker van die Pesagmaal, wat nou ook as liefdesmaal gebruik word, is die teken wat יהוה van die nuwe verbond gegee het en saam met die ongesuurde brood die getuienis daarvan. [Kyk na die volle leer in die boek **"Feeste van die verbond"**]

Hier is dit nodig om te wys daarop dat sommige groepe die doop leer as teken van die nuwe verbond in die plek van die besnydenis. Behalwe dat daar GEEN skrif is wat so 'n stelling regverdig nie, kan ons sien uit die boonste dat יהוה se teken 'n teken van bloed is: die bloed van Yeshua, wat ons herdenk deur die beker by die Meester se maal. Die doop is en was nog nooit 'n teken van die verbond nie. Die doop is vir gelowiges gegee as **'n stap van gehoorsaamheid** tot aflegging van die ou natuur, deur saam met Yeshua te sterf en deur vereenselwiging met Yeshua, 'n opstanding uit die dood van sonde **- Rom 6:1-8.** Die verbondsteken was nog altyd van bloed.

As jy, soos in **Kol 2:11-13,** sterf aan jou ou natuur deur die doop, wil ek jou vra: Het jy gesterf aan jou ou self toe jy as baba 'gedoop' is of toe jy as volwassene op 'n sekere ouderdom 'gedoop' is sonder kennis van die sonde of berou van die hart? Hoe kan jy die tweede stap neem sonder om die eerste te neem? Of het jou lewe alleenlik verander nadat jy Yeshua aanvaar het as sondoffer en voorbeeld van lewe? Niemand wat gedoop is, is verlos nie, **maar almal wat vertrou en daarom gedoop word, is verlos**. Dit is 'n breuk met en aflegging van die ou lewe, **Rom 6:1-8.** 'n Afwas van die sondige, bindende lewe.

Dit is hoekom berou en doop saam gaan. Dit is **'n stap van gehoorsaamheid** en nie 'n teken nie. Dit is nie 'n voorwaarde vir verlossing of berou nie, maar 'n stap van gehoorsaamheid om te sterf aan myself. Dit word nie vir jou

gedoen nie, jy moet die inisiatief neem voordat Sy Gees ons die krag gee om dit te doen.

Moenie na tradisie luister nie, maar na die Gees in jou. Hier is die skrifgedeeltes wat ter sprake is; bestudeer hulle en wees gehoorsaam.

**Mat 3:6-16 ; Mar 1:5-9; 10:38,39; 16:16 ; Luk 3:7-21; 7:29,30. Yog 1:25-33; 3:22,23; 4:2 ; Hand 1:5; 2:38-41; 8:12-38; 9:18; 10:47,48; 11:16; 16:15-34; 18:8; 19:1-8; 22:16 ; I Kefa 3:19-22 ; Rom 6:1-4 ; I Kor 1:13-17; 10:2; 12:13; 15:29 ; Gal 3:14 -29 ; Kol 2:9-13.** **.**

Ek stuur graag vir u, op versoek, lering oor wat die Bybel sê oor die doop. Dit is ook beskikbaar by You tube onder Die Pad van Waarheid.

**Onthou:** Die verbond se fisiese oordrag met geboorte, is in die nuwe verbond vervang met 'n geestelike geboorte. **Geen persoon** word nou in die natuurlike in die verbond van יהוה gebore nie, selfs nie in die verbond met Avraham nie, **Rom 4:1-16**, maar word deel daarvan deur vertroue, asook in die nuwe verbond deur wedergeboorte in gehoorsaamheid!

**Mat 3:9; Luk 3:8; Yog 8:39-40; Gal 3:6,8,29; Ya'akov 2:23.**

## 11. Yahuah se verbond is:

Onveranderbaar - **Yes 54:10; Yes 59:21; Ps 89:34; Gal 3:17.**
Ewig - **Gen 8:20-22; 9:1-17; Yes 54:10; 55:3; Yes 61:8; Yeg 16:60-63; Ps 105:8,10; 111:9; Heb 13:20.**
Waardeur Hy Sy geheime bekend maak - **Ps 25:14.**
Verbond van vrede - **Yeg 34:25; Yeg 37:26; Yes 54:10.**
God is getrou aan Sy verbond - **Lev 26:44-45; Deut 4:31; 7:9; Rig 2:1; 1 Kon 8:23; Mik 7:20; Ps 105:8-11; 106:45; 111:5; Neg 1:5; Dan 9:4.**
Mag niks daarvan vergeet nie - **Deut 4:23-24. Yeg 17:13-19; Heb 10:28-30.**
Word deur vertroue ontvang - **Gal 3:14,15.**
Bindend - **Lev 26; Y'ho 9:18-21; Yir 11:2-3; 34:8-21; Yeg 17:14-18.**
Bindend ook vir die wat verteenwoordig word - **Deut 29:14-15.**
Ook die wet van יהוה wat deur Mosheh gegee is - **Eks 34:28.**
Word met 'n eed bevestig - **Gen 22:16; Gen 26:3; Gen 50:24; Ps 89:35; Ps 105:9; Luk 1:73; Heb 6:13; 17-18.**
Gekanselleer deur Yisra'el se ongehoorsaamheid - **Yir 44:26-27; Heb 8:9.**
Deur Yisra'el gebreek - **Yir 22:9; Yeg 16:59; Heb 8:9.**





Deur יהוה vernuwe in onverdiende guns - **Yir 31:31-33; Rom 11:27; Heb 8:8-10, 13.**
Die Gesalfde Een is die inhoud van die verbond - **Yes 42:6; Yes 49:8; 1 Kor 11:24,25.**
Yeshua, die Tussenganger vir die verbond - **Heb 8:6; 9:15; 12:24.**
Die Gesalfde Een is die Boodskapper van die verbond - **Mal 3:1.**
Vader se beloftes is volledig gemaak in Yeshua - **Luk 1:68-79.**
Bevestig en bekragtig in Yeshua - **Gal 3:17.**
Bekragtig en uitgevoer deur die bloed van Yeshua - **Heb 9:11-14; 9:16-vv.**

---

## 12. Die vorige (ou) Verbond teenoor die nuwe Verbond.

Na aanleiding van alles wat ons tot nou toe uitgewys het oor die Verbond, moet ons kyk na die verskil tussen die verbond wat deur die volk verbreek is (Ou verbond) en die nuwe verbond wat deur Yeshua se Middelaarskap in werking getree het. Lees elke sin asseblief versigtig.

Mosheh was 'n skadubeeld van Yeshua en hy is aangestel om die verbondsvolk van Vader-יהוה te lei en Vader se standaarde en instruksies vir hulle te leer totdat Yeshua sou kom om aangestel te word as Heerser oor die verbondsvolk van Vader-יהוה om Sy instruksies en standaarde volledig betekenis te gee. Die skrywer van Hebreërs noem dit יהוה se huishouding.

**Heb 3:1** My afgesonderde broers, wat deel in die hemelse roeping, dink daarom versigtig aan Yeshua, Die Gesalfde Een, wat ons openlik erken as God se Afgevaardigde en nie-Levitiese Hoofpriester.
**:2** Hy is vertrouenswaardig teenoor God wat Hom aangestel het, net soos Mosheh in God se hele huishouding getrou was, [Num 12:7]
**:3** want hierdie Een se lof en eer is baie meer as die van Mosheh, soveel as wat hy wat die huis gebou het, baie meer eer het as die huis,
**:4** want elke huis word deur iemand gebou, maar Hy wat voortdurend alles bou, is God. [Ps 127:1]
**:5** Mosheh was as 'n dienskneg toevertrou met die hele huis, tot getuienis van wat nog deur Hom gesê sou word,
**:6** maar Die Gesalfde Een as Seun oor Sy huis. Ons is Sy huis as ons met vrymoedigheid en trots Sy goeie boodskap [Dan 9:24; 1 Kor 3:16-17]tot die einde toe vashou.

Yeshua is nou die aangestelde koning oor die verbondsvolk van יהוה vir ewig - die Heerser wat op die troon van Dawid sal sit, soos belowe. Elkeen wat Yeshua as die gekruisigde Sondoffer aanvaar en vertrou in Sy opstanding tot vergifnis, versoening en vryspraak, is deel van die verbondsvolk van יהוה (die ware Yisra'el)! Hy wat die ou mens en gode afgesterf het, omgedraai het (tot bekering gekom het) en daarna deur die Gees weer gebore is as 'n nuwe mens (wedergeboorte), is uit God gebore en dus kind van God. Daar is geen ander manier om kind van God - dus verbondskind(volk) - te word nie. Dit geld vir Jood en nie-Jood, vir besnedene en onbesnedene, vir man, vrou en kind, godsdienstige en ongelowige, vir jou en my!

Mense argumenteer dadelik dat God se verbond met Avraham ewig is. Ja dit is korrek, maar ons moet reg kyk daarna en dit verstaan.

| |
|---|
| Vader se deel van die verbond - God wees: liefde, beskerming, stel van standaarde en gee van instruksies. |
| Die mens se deel van die verbond - volk wees: liefde deur gehoorsaamheid aan standaarde en instruksies. |

Dit is reg deur die Skrif die samestelling van die verbond. MAAR....
Die volk het die verbond (kontrak) laat verval / gebreek deur nie gehoorsaam te wees nie.

**Yir 31:32b** "My verbond wat húlle verbreek het, alhoewel Ék Meester oor hulle was," verklaar יהוה."

**Yeg 16:59b** "jy wat die eed geminag het deur die verbond te verbreek."

**Yir 18:13-15** יהוה sê daarom: 'Vra nou onder die volke, wie het al ooit so iets gehoor? Die maagd van Yisra'el het 'n mees afskuwelike ding gedoen.

**14** Verdwyn die groen gras van die berg af of verlaat die sneeu L'vanon? Hou die koue water wat uitborrel en afstroom, op met vloei?

**15** Tog het My volk My vergeet, hulle brand wierook vir die waardelose gode en hulle het gestruikel in hulle lewenswyses, afgedwaal van die antieke lewenswyses, om te loop op paaie waarop nie geloop is nie,

| |
|---|
| Vader se deel van die verbond - God wees: liefde, beskerming, stel van standaarde en gee van instruksies. |
| Verval - ongeldig |

Vader bly getrou en Sy deel bly ewiglik dieselfde - dit is die mens se deel wat weggeval het deur ongehoorsaamheid! **God het met die mens 'n nuwe verbond gesluit, maar Sy deel - standaarde en instruksies - bly dieselfde.**
Die verbondsteken en toelatingsvereistes het egter verander.
Nou sal u verstaan hoekom 'n nuwe verbond nodig was.





Wie word nou kinders van Avraham en dus verbondskinders?

**Gal. 3:7,28 en 29** Weet daarom dat dié wat uit die vertroue is, húlle is kinders van Avraham.

**28** Daar is nie Jood of Arameër nie, daar is nie slaaf of vryman nie, daar is nie man of vrou nie, maar julle is almal een in eenheid met Die Gesalfde Een, Yeshua.

**:29** As julle aan Die Gesalfde Een behoort, is julle die saad van Avraham en volgens die belofte, erfgename.

Almal, van alle nasies, elkeen wat weergebore word, is deel van die verbond.... Yisra'el (waaroor die Magtige heers). Let asseblief mooi op na die tweede voorstelling hierbo - hy wat vashou aan hierdie ou verbond het dus geen verbond meer nie, want hy is gekanseleer, vernietig deur ongehoorsaamheid. Die skeidsmuur is afgebreek en daar is **net een verbond en een verbondsvolk**.

**Efe 2:13** Nou, in Die Gesalfde Een, Yeshua, het julle wat vroeër op 'n afstand was, naby gekom deur **die bloed van Die Gesalfde Een**,

**:14** want Hy is ons Vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding vernietig het.

**:15** In Sy fisiese liggaam het Hy die haat waardeloos gemaak, wat deur die opinie van mense aangaande opdragte van die wet veroorsaak is sodat deur Sy liggaam, die twee tot een nuwe mens geskep kon word.

**:16** Hy het die twee se verhouding met God herstel in een liggaam en deur Sy kruisiging die haat doodgemaak. [Yeg 37:16-19]

**:17** Hy het gekom en die goeie boodskap van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid aan julle wat ver was en aan die wat naby was verkondig, [Yes 57:19]

**:18** want in Hom is daar vir ons albei toegang deur een Gees tot die Vader.

**:19** Julle is daarom nie meer vreemdelinge en besoekers nie, maar inwoners van die Stad van die Afgesonderde Een en kinders van die familie van God. [1 Kefa 1:17; Heb 11:13-16; Open 21:2-27]

**:20** Julle word opgebou op die fondasie van die afgevaardigdes en die profete, met Yeshua, Die Gesalfde Een, self die Hoeksteen van die gebou. Ps 118:22-23; 1 Kefa 2:4

**:21** In Hom word die hele gebou aanmekaar gesit en dit groei tot 'n afgesonderde tempel in eenheid met יהוה [Yeg 37:26-28]

**:22** terwyl julle ook vir Hom gebou word tot 'n blyplek van God in die Gees.

**Yeshua het dit self gesê:**

**Mat 8:11,12** want Ek sê vir julle dat baie vanaf die ooste en vanaf die weste sal kom en saam met Avraham, Yitz'gak en Ya'akov sal skuinslê in die Koninkryk van die hemel,
**12** maar die kinders van die koninkryk sal uitgegooi word in die duisternis daar buite. Daar sal 'n gehuil wees en 'n gekners van tande."

Eerstens sê Yeshua dat daar baie uit ander volke en uit ander dele van die wêreld, naamlik Jode en nie-Jode (heidene; onbesnedenes) sal kom om saam met die Vaders van die verbond met die volk aan te sit (skuins te lê volgens die gebruik by 'n dinee) in die Koninkryk van die hemele. Yeshua sê dan dat die wat gedink het dat hulle volgens geboorte die kinders van Avraham is en daarom die koninkryk gaan beërwe, in die buitenste duisternis uitgedrywe sal word. Slegs diegene, Jood en nie-Jood wat wedergebore is deur vertroue in Yeshua as die Mashiag (Gesalfde Een) is die ware Yisra'el.

**Tit 2:14** wat Homself in ons plek gegee het om ons los te koop uit alle oortredings van die wet en vir Homself 'n nuwe volk te reinig, wat ywerig is in goeie dade. **Deut 14:2; Yeg 11:19; Ps 135:4**

Die volgende Skrifgedeeltes bevestig die redding van al die nasies:

**1 Kor 12:12,13** want net soos die liggaam een is en baie ledemate het, maar al die dele van die liggaam, al is hulle baie, een liggaam is; so ook met Die Gesalfde Een,
**13** want ons is ook almal deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Arameërs, slawe of vrymanne is en ons is almal van een Gees gegee om te drink.

**Rom 10:11-13** want die Skrif sê: "Elkeen wat in Hom vertrou, sal nie beskaam word nie. **12** Hierin maak Hy nie 'n onderskeid tussen Jood en nie-Jood nie, want יהוה is Een vir almal van hulle en is waardevol vir almal wat Hom aanroep, **13** want elkeen wat hom op die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה beroep, sal lewe hê.
Dit is יהוה se 'nuwe verbond' en die ou verbond word steeds bewoon deur diegene wat Yeshua verwerp het!

Ons moet die verskille tussen hierdie twee verbonde verstaan en besluit aan watter verbond ons onderwerp wil wees en onder watter gesag ons staan!





Die standaarde en instruksies van יהוה in die ou verbond is vervat in die Tanakh en is deur 'n Levitiese priesterorde wat diens doen in 'n fisiese tempel wat deur mense gebou is, toegepas.

Die standaarde en instruksies van יהוה in die nuwe verbond is vervat in die ganse Skrif en word toegepas deur 'n Melgisédek priesterorde wat diens doen in die tempel waar die Afgesonderde Gees woon, naamlik in en deur die liggaam van elkeen wat vertrou in Yeshua as die Gesalfde Een.

**1 Kor 6:19** Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Gees wat Afgesonderd is, wat in julle bly, wat julle van God gekry het, is nie? Julle behoort nie aan julleself nie,
In Yeshua word die hele gebou aanmekaar gesit en dit groei tot 'n afgesonderde tempel in eenheid met יהוה terwyl ons ook vir Hom gebou word tot 'n blyplek van God in die Gees! **Efe 2:20-22**

Net so is die fisiese teken van die fisiese besnydenis wat aan die fisiese Avraham en sy fisiese nageslag gegee is (die verbondsvolk van die verbond), nou die geestelike teken aan die geestelike nageslag van Avraham (die wedergebore verbondsvolk van die nuwe verbond), in die bloed van Yeshua, wat herdenk word in die beker van die liefdesmaal. Wedergeboorte is die geestelike besnydenis, reeds veronderstel in **Deut 10:16**. Kyk ook:
**Deut 30:6; Yir 9:24,25; Yo'el 2:13; Rom 2:26-29; 3:30; 4:10-12;**
**1 Kor 7:18,19; Gal 2:3; 5:2-6; Kol 2:11**

**Gen 17:11** Dit sal 'n teken wees van die verbond tussen My en julle: almal wat manlik onder julle is, moet besny word. Julle **moet aan die vlees van julle voorhuid besny word**.
**Hand 7:8** Hy het **hom die verbond van die besnydenis gegee** en hy het die vader van Yitz'gak geword en hom op die agtste dag besny en Yitz'gak het die vader van Ya'akov geword en Ya'akov van die twaalf vaders.
**1 Kor 11:25** Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: '**Hierdie beker is die nuwe verbond in My bloed**; so moet julle dit doen, elke keer as julle drink om aan My te dink,'
**Kol 2:11** In Hom is julle besny met 'n besnydenis wat nie met hande gedoen word nie, deur die liggaam van die sondige natuur af te lê deur die besnydenis van Die Gesalfde Een.
**Deut 10:16; 30:6; Yir 9:24,25; Yo'el 2:13; Rom 2:26-29; 3:30; 4:10-12;**
**1 Kor 7:18,19; Gal 2:3; 5:2-6**

In **Gal 4:24 tot 31** verduidelik Sha'ul (Paulus) dat Sarah en Hagar 'n beeld is van die twee verbonde – die een is die 'ou' verbond van die kinders van Hagar wat in slawerny is en die ander is die 'nuwe' verbond van die kinders van Sarah wat vrygekoop is deur die kosbare bloed van Yeshua **- 1 Kefa 1:18,19**. Die betekenis word bevestig wanneer Sha'ul (Paulus) sê :

**Gal. 5:1** Staan daarom vas in die vryheid waarmee Die Gesalfde Een ons vrygemaak het en moenie weer in die juk van slawerny gejuk word nie.

Op grond van ons vertroue in Yeshua is ons dus kinders van Avraham, naamlik sy nageslag en dus ook sy erfgenaam. Avraham is die vader van almal wat in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Meester en Koning vertrou **- Rom. 4:14-16**. Hy is ook die vader van die verbond vir die onbesnedene wat vertrou in Yeshua as die Gesalfde een **- Rom. 4:11**. Ons is die kinders van Avraham uitsluitlik op grond van die onverdiende guns van יהוה deur vertroue in Yeshua.
Dit is vertroue wat ons die nageslag van Avraham maak. Avraham is deur vertroue regverdig verklaar **- Gen. 15:6; Rom. 4:9** - en dit is alleenlik deur vertroue wat ons regverdig verklaar word.

Hulle wat vandag יהוה se volk, Yisra'el is, is hulle wat die bloedoffer van Yeshua aanvaar het, weergebore is deur die Gees van God soos uitgebeeld in die doop en gehoorsaam is aan die instruksies en standaarde van יהוה wat op hulle verstand, wil en emosie gegraveer is..

**Dit is die nuwe verbond en die Yisra'el van God.**

## 13. In Woord en Praktyk

'n Vergelykende studie, met praktiese riglyne, van die verbond.
Ons wil vir u wys dat יהוה se verbond - Ek sal jou God wees - steeds dieselfde is en hoe ons prakties aan elke deel daarvan gehoorsaam kan en moet wees om te deel aan Sy verbondsbeloftes. Dit is belangrik om te onthou:
Sy beloftes is afhanklik van Sy voorwaardes: volle gehoorsaamheid aan Sy wette, instruksies, regulasies, opdragte, voorskrifte en verordeninge.

**As die Skrif dit leer, dan is dit waar.**
**Yahuah het nie ons interpretasies nodig om Sy Woord te verduidelik nie. Die Woord sal dit self sê en Sy Gees sal ons laat verstaan.**
**Daar staan niks tussen die lyne nie - dit is alles geskryf!**

Ons gaan die kerndele uit die eerste openbarings van Sy belofte vat en kyk hoe ons dit steeds moet doen. Die doen het nie verander nie, **die hoe** om dit te doen het wel in sommige gevalle verander.





1. יהוה se opdrag aan Adam en sy nageslag was: **Gen 1:26** *"en God het gesê: "Laat Ons die mens maak **na Ons beeld**, net soos Ons en laat hulle heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel, die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde beweeg.""*

<u>Ons antwoord:</u>
Hierdie verbondsopdrag is gemaak voor die sondeval en dus vanuit die volmaakte verhouding wat יהוה en Adam gehad het, DUS: dit bly presies dieselfde. Dit is ons skeppingsroeping = om te lyk soos Hy. Ons moet steeds die beeld, Karakter en Outoriteit, van יהוה as getuienis voor mense hê. Leef soos Yeshua, wat vir ons die Vader se beeld, Karakter en Outoriteit, kom wys het **- 1 Yog 2:6.**

**Wys jy die beeld, Karakter en Outoriteit, van die Skepper-God?**

Ons moet heers oor die natuur, die diere en alles wat beweeg. By Noag word dit bevestig en word die natuur ingesluit in Sy verbondsbeloftes. Yeshua het verwag Sy studentevolgelinge moet outoriteit neem oor die natuur, **Mat 8:26,27**, net soos Mosheh outoriteit moes neem oor die see **- Eks 14:15,16.** Dit is nie net outoriteit om te heers nie, maar ook die outoriteit om te versorg en te besluit tussen reg en verkeerd. Onthou, alle outoriteit behoort aan Yeshua soos gegee deur die Vader **- Mat 28:18**. Dit is Sy outoriteit wat ons gebruik.

**Neem jy outoriteit oor wat reg en verkeerd is in jou lewe?**

2. Een van יהוה se beloftes aan Avram, was dat hy **'n seën sal wees vir ander nasies**. **Gen 12:3** "in jou sal al die families van die aarde geseën word."

<u>Ons antwoord:</u>
Dit wys profeties na Yeshua, maar ek sien dit ook as 'n opdrag. Ek sien ook nie dat dit verander het op enige stadium daarna nie. Ons het 'n opdrag wat hier vanuit die verbond kom om die beste seën moontlik vir die nasies te wees en dit is om Sy onverdiende boodskap van verlossing aan hulle te bring **- Mat 28:19; Hand 1:8.** Eerstens aan die vervalle Yisra'el **- Rom 11.** Hierdie is 'n bewys dat alle nasies voordeel en dus verlossing trek uit die verbond van God.

**Is jy betrokke om Sy seën na die nasies te bring?**

**3. Die besnydenis -** die teken van die verbond aan Avraham, **Gen 17:10**, word gegee as teken van die ewige verbond en dit word herhaal, wat dit vasmaak. Dit is nodig dat ons volledig daarna kyk voordat ons antwoord. Gen **17:7** "Ek sal My verbond bevestig tussen My en jou en jou nageslag na jou deur hulle geslagte vir 'n ewige verbond, om vir jou God te wees en vir jou nageslag na jou." [M.a.w. dit is 'n ewige verbond.] **17:10** "Hierdie is My verbond, wat jy moet hou, tussen My en jou en jou nageslag na jou: elke manlike persoon onder jou sal besny word." **17:11** "Jy sal besny word aan die vlees van jou voorvel en dit sal die teken wees van die verbond tussen My en jou."

Ons antwoord:

Dit is 'n ewige verbond en 'n bloed-teken wat vir die fisiese nageslag van Avraham gegee word vir ewig; onveranderbaar. Wat nou van ons wat geestelike nageslag van Avraham is deur Yeshua? **Rom 2:26-29** is 'n goeie plek om met die antwoord te begin. Dit gaan nou nie meer oor die daad nie, maar oor die ingesteldheid **- Rom 4:10-11. 1 Kor 7:18** gaan 'n stap verder en sê dat die persoon wat tot bekering kom hom nie moet laat besny nie, bevestig in **Gal 2:3**. Sha'ul stel dit volgende as 'n verbod **- Gal 5:2,3**. Hoekom moet ons dit nie doen nie? Dit is 'n daad wat reeds in die fisiese namens ons gedoen is: die verbondsteken van bloed is reeds deur Yeshua gemaak. **Gal 5:6** "want in eenheid met Die Gesalfde Een, Yeshua, het nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige krag, maar vertroue deur liefde is effektief." Sien u nou hoekom dit belangrik is om dit as een verbond te sien. **Kol 2:11** sê dat ons reeds in Yeshua besny is na die Gees **-** dít is die besnydenis wat ons MOET hê. **11** "In Wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande gedoen word nie, deur die liggaam van die sondige natuur af te lê deur die besnydenis van Die Gesalfde Een."

Om op te som: Dit is 'n ewige, onveranderbare verbond en daarom moét ek besny word, maar na die Gees (wedergeboorte) **- Kol 2:9-13**. Die opdrag het nie verander nie, net die metode (die hoe). Dit skep die bloudrukplan vir ons in die uitvoering van alle verbondsvoorwaardes. **As dit nie in die Skrif afgeskaf of verbied word nie, is dit net so geldig.** As dit vervang is, sal die Woord so sê, spesifiek. **1 Kor 11:25** "...Hierdie beker is die nuwe verbond in My bloed...."; Dit was 'n teken van bloed en kan nie verander nie - die teken moet steeds 'n teken van bloed bly - Yeshua s'n.

***Die verbond wat יהוה deur Mosheh met die volk kom sluit het, bevat **die wette van Yahuah** as verbond. Dit is Sy standaarde en instruksies en nog net so geldig: ewig, onveranderbaar. Ek gaan enkele voorbeelde, wat verteenwoordigend is, vat in die volgende punt en jy kan self die ander volgens dieselfde riglyne verantwoord. Die boek, "Die Feeste van die verbond," beantwoord baie hiervan volledig.





**4. Die tien gebooie. Moet ek dit nog doen?** Die Tien Gebooie is die opsomming of samevatting of opskrifte van die wet.

Ons antwoord:

Hieroor is daar gewoonlik in beginsel geen beswaar nie. Natuurlik moet ons יהוה se wette nakom, maar dan haak ons vas by die indiwiduele wette waaruit dit bestaan. Ons weet in ons gees ons moet dit doen, maar dan word ons gebombardeer deur ons tradisies, teologie en dogmas wat nie noodwendig יהוה se wil is nie. Miskien moet ons na 'n uittreksel uit die boek, ***"Feeste van die verbond"*** kyk en eers die eenheid van die wet vasstel. Ons sal dan daarna kortliks na die verskillende aspekte afsonderlik kyk.

Ek haal aan: ***"Feeste van die verbond"* vanaf bl. 151**:

**Rom 10:4** se volledige antwoord in die vorige gedeelte oor "Gehoorsaamheid aan die wet" sal onweerlegbaar wys dat die wet nie weggeval het nie. Hier is iets meer om aan te kou.

Die woord wat ek baie hoor is: " 'n Sekere deel van die wet is geldig – die tien gebooie is nog geldig, maar die seremoniële wette het weggeval." As dit so was, is dit interessant dat die mense wat so sê ook nie eens die 4 de gebod van die tien gebooie nakom nie, asof hy ook verval / verander is – nou watter wette is dan nog geldig?

Ek vra dat jy klaar lees voordat jy afleidings maak oor wat ons sê:
Die wet is 'n eenheid – dit is alles een – as ek dus een breek, breek ek almal – Ek breek die Wet – nie deel daarvan nie.

**Ya'akov 2:10-11** "want iemand wat die hele wet gehoorsaam, maar in een struikel, het aan almal skuldig geword, **11** want Hy wat gesê het: 'Jy mag nie egbreuk pleeg nie,' het ook gesê: 'Jy mag nie moord pleeg nie.' As jy nie egbreuk pleeg nie, maar moord pleeg, het jy 'n oortreder van die wet geword."

**Lev 4:2** "Praat met die kinders van Yisra'el en sê: 'As iemand in swakheid sondig in een van al die wette (opdragte) van יהוה en een van die dinge wat nie gedoen mag word nie, tog doen....' "

Daarom val of alles weg of niks. Die offer wette kon nie wegval en die sg. morele wette is steeds dieselfde nie. Dit is die sleutel tot die verstaan van ons verhouding tot die Wet. Indien ek nog steeds een van die 10 Gebooie moet gehoorsaam, moet ek die duisende wette van die Bybel gehoorsaam (**Hos 8:12**). Indien ek nie een van hulle hoef te doen nie – hoef ek geen wet te doen nie. Dit is al wanneer ek kan verklaar dat die wet ('n sekere wet) nie meer vir my geldig is nie. As ek dus sê dat al die wette verval het, moet ek besluit of ek met ander woorde enige iets mag doen. Besluit met ander woorde: mag ek steel – moord pleeg – hoereer – ander gode dien – God se eie Naam gebruik soos ek wil – enige dag as Shabbat vier? Daar is iets fout met hierdie gedagtegang.

**Asseblief stop hier en dink oor wat ons sê!**

As die Bybel reg is, DIT GLO EK ABSOLUUT, dan het ons geen ander afleiding as dat alles nog geldig is nie.

Ek moet nog steeds offers bring!? Ja – **maar ek hét dit gebring** en bring dit steeds deur die aanvaarding (deur my hand op die Lam te lê soos voorgeskryf) en opneem van die offer van Yeshua **– Eens en vir altyd gebring !!**

**Rom 6:4-11** "Hiervolgens is ons saam met Hom begrawe deur die doop in die dood sodat net soos Die Gesalfde Een uit die dood uit opgestaan het deur die gemanifesteerde Teenwoordigheid van die Vader, ons ook net so in 'n nuwe lewe kan leef, **5** want as ons een geword het met Hom deur dieselfde dood as Hy, sal ons ook een wees met Hom in dieselfde opstanding as Hy.**6** Dit weet ons, dat ons ou mens saam gekruisig is sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie langer 'n slaaf van die sonde sal wees nie, **7** want hy wat dood is, is onskuldig verklaar van die sonde. **8** As ons dan saam met Die Gesalfde Een dood is, vertrou ons dat ons ook saam met Hom sal lewe **9** omdat ons weet dat Die Gesalfde Een nadat Hy opgestaan het uit die dood, nie meer dood gaan nie. Die dood is nie meer meester oor Hom nie, **10** want die dood waarmee Hy vir die sonde dood is, was eens en vir altyd, maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God. 11 Net so moet julle ook tot die gevolgtrekking kom dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in eenheid met Die Gesalfde Een, Yeshua, ons Meester."





So ook die vredesoffer – Hy is die Ewige Prins van Vrede **- Yes 9:6** Ons het eintlik meer plek nodig om soos יהוה oor die wet te kan dink, maar ek vertrou Sy Gees sal hierdie wonderlike openbaring vir jou oopmaak. Yeshua is die volledige Plaasvervangende Offer van al 5 die offers. (Kyk asb. op Youtube na die "Yeshua en die Tabernakel" reeks.) As ek dan nie aan die wet onderworpe is tot gehoorsaamheid nie – hoekom ry jy nog aan die linkerkant van die pad? Selfde rede – dit is vir jou beswil. Ek kom die wette van die Koninkryk na waaraan ek behoort.

As dit so is, wat is dan die regte manier waarop die wet gesien en hanteer moet word? Wat sê יהוה self? Ek vra jou om asseblief self na elkeen van die gedeeltes te gaan kyk – dit is יהוה se opinie wat tel.

**Luk 16:17** "maar dit is makliker vir die hemel en die aarde om verby te gaan as dat een strepie van 'n letter van die wet sou wegval."

**Mat 5:17 "**Moenie dink dat Ek gekom het om die Wet of die Profete te vernietig nie. Ek het nie gekom om te vernietig nie, maar om volledig te maak,**18** want dit is waar wat Ek vir julle sê: totdat die hemel en die aarde verby sal gaan, sal nie een 'yud' of een 'strepie' van die wet verbygaan totdat dit klaar gebeur het nie.**19** Wie ook al aan een van die minste van hierdie opdragte ongehoorsaam is en ander só leer, sal die minste genoem word in die Koninkryk van die Hemel, maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die Koninkryk van die Hemel,"

**Ya'akov 1:5 "**maar as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal vrylik gee sonder om te verwyt en dit sal aan hom gegee word,**"**[Spr 2:3-6]

***Tot hier die aanhaling.***

**Lees weer Rom 6:4-11 en Efe 1:7. Yeshua het nie die offer wette laat wegval nie, maar die finale, vervullende, volledige offer gebring.**

<u>Opsommend:</u>

Ek glo die hele wet is steeds geldig, **maar dat ons in Yeshua 'n plaasvervangende manier ontvang het vir die offer en seremoniële wette.** Ons moet dit egter steeds op die nuwe manier doen om dit geldig te maak. Niks wat יהוה gegee het as opdrag het weggeval nie; dus is die hele tien gebooie geldig. Yeshua self het hulle bevestig:

**Mat 22:37-39** "Yeshua antwoord hom: "Jy moet יהוה jou God liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie, vanuit jou hele gees, vanuit al jou

kragte, vanuit al jou verbeelding en begrip.[38] Dit is die eerste en grootste opdrag [39] en die tweede is net so: Jy moet jou naaste liefhê net soos jouself." Deut 6:5 - Dit is die tien gebooie: No. 1 tot 4 (**vers 37**) en No. 4 tot 10 (**vers 39**).

Yeshua antwoord iemand anders:

**Mar 10:19** "Jy ken die wet: Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie valse getuienis gee nie, jy mag nie bedrog pleeg nie; eer jou vader en moeder." Hier haal Yeshua die laaste 6 wette aan.

Beteken dit dat die eerste 4 nie meer geldig is nie? Ek dink jy stem met my saam, hulle word te veel bevestig in die Woord om dit te dink. Vir die Jood, was en is die eerste 4 wette so vas en seker dat daar nooit enige twyfel oor hulle is nie. Jy hoef nie te sê hulle is wet nie, hulle word veronderstel.

**Aanvaar en gehoorsaam jy die 10 opskrifte van die ganse wet van Yahuah?**
**Elkeen afsonderlik?**

---

5. **Moet ons die Shabbat hou** volgens יהוה se Woord of het die dag verander, of selfs, kan ek enige dag as Shabbat afsonder? Die wet wat meestal vanuit die tien gebooie betwyfel word en waar kwansuis 'n verandering ingekom het, is die vierde wet: יהוה se Shabbat.

Ons antwoord:

Vergeet jou teologie en leer van יהוה. Hier is 'n opsomming - dit word volledig behandel in "Feeste van die verbond." Ek vind geen plek waar Yeshua, of een van Sy afgevaardigdes, beveel, voorstel of selfs net verwys daarna dat die Shabbat gaan of sal verander nie. Dink daaroor. יהוה **het die wet gemaak, net** יהוה **kan dit verander.** Sy wet geld steeds. Net omdat baie, nie almal nie, dit anders gedoen het, maak nie dat dit reg is nie. As almal in die vuur spring, gaan jy agterna?

In ons volledige lering hieroor bewys ons die Roomse Kerk het dit verander, ons stel dit slegs hier as feit! Wees stil en bedink eerlik wat ons sê. Ek weet en besef dat dit een van die "fondasies" van die Kerk se leer is. Ek het dit ook geleer en geglo tot ek die waarheid uitgevind het. Kom ons kyk net na 'n paar punte: **dit het niks met wettiesheid te doen nie!** As יהוה dit beveel is wettiesheid nie ter sprake nie. **Daar is geen bevel in die Bybel oor watter dag Sy kinders bymekaar moet kom nie!** Dit is ook nie waaroor dit gaan nie - jy kan enige tyd bymekaarkom. **Dit gaan oor die dag wat God vir**





**Homself afgesonder het en beveel het jy moet afsonder, reeds vanaf die skepping - lank voor die gee van die wet.**

**Ons is nie onder beheer van die wet nie, maar onder beheer van die Gees van Yahuah wat Sy wette erken!**

<u>Belangrik om te sien</u> = **Shabbat is nie slegs in die tyd van die wet ingestel nie, maar is alreeds afgesonder by die skepping: Gen 2:3** "God seën **die sewende dag** en sonder dit af as afgesonderd." Dit is reeds deel van die verbond as opdrag vanaf Adam se tyd. Dit is deel van die ewige, onveranderbare verbond van die skepping af en is nêrens in die Bybel verander nie! **Dié** sewende dag, nie enige dag nie, יהוה het dit gespesifiseer. Yeshua het niks gedoen wat die dag vervang of verander nie, maar het die dag erken. Kom ons kyk wat יהוה verder sê:

**Yes. 58:13-14** "As jy jou voet terughou van die Shabbat—om nie jou sake **op My afgesonderde dag** te doen nie en as jy die Shabbat 'n plesier noem en die afgesonderde **dag van** יהוה hooghou en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele gesprekke praat nie; [14] dan sal dit vir jou 'n plesier wees in יהוה en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou die erfdeel van jou vader Ya'akov laat geniet, want die mond van יהוה het dit gesê."

Ek verkies יהוה se beloftes wat saam met Sy opdragte kom, wat van jou? Ek beveel aan dat jy die volledige leer hieroor in "Feeste van die verbond" lees as jy die volheid van die waarheid begeer. In die Bybel het Sha'ul (Paulus) en almal in die 'Nuwe Verbond' die Shabbat erken en eerbiedig!

Ek som op en sluit af met **Heb 4:8-10.** Ek gee vir jou die oorspronklike Aramees - besluit self. [Onthou - lees van regs na links] (Reglynige vertaling en kommentaar deur Rev. Glenn David Bauscher).

(Die bewyse van die korrektheid van die Aramees as oorspronklike Nuwe Verbond is beskikbaar op Youtube).

**Heb 4:8-10**

[8] אלו (if) גיר (for) ישוע (Yoshua) בר (son*) נון (Nun) אניח (given rest)
הוא (had) אנון (them) לא (not) אמר (spoken) הוא (He would have)
מן (from) בתרכן (afterward) על (about) יומא (day) אחרנא (another)

* "Yoshua son of Nun" in the Greek mss. is simply ιησουζ "Jesus", which seems rather confusing. This actually refers to Joshua (Hebrew- "Yoshua") son of Nun, who wrote the OT book of Joshua.

(to keep the Sabbath**) למשבתו (it) הו (remains) קים (so then) מדין 9
(of God) דאלהא (for the people) לעמה

**For למשבתו -"to keep the Sabbath", Greek mss. have "σαββατισμος"; this word occurs nowhere else in Greek literature and is an obvious reworking of the Aramaic למשבתו "Lamshebatu"- (to keep Sabbath) in Greek letters with grammatical noun ending. The word "σαββατον" - (to keep Sabbath), occurs 68 times in the Greek NT, including in Acts, 1 Corinthians and Colossians.

(His rest) לניחתה (enters) דעל (for) גיר (whoever) אינא 10
(his works) עבדוהי (from) מן (he) הו (also) אף (has rested) אתתניח
(His own) דילה (from) מן (God) דאלהא (as) איך

**Heb 4:8-10 "**8 want as Y'hoshua, die seun van Nun, aan hulle rus gegee het, sou Hy nie van 'n ander dag daarná praat nie. 9 Daar bly dus steeds 'n hou van Shabbat oor vir die mense van God, 10 want wie ookal in Sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke net soos God van Syne."

Ek weet nie van jou nie, maar as dit is wat die Woord van יהוה regtig sê **- en dit is -** dan is ons besig om die Roomse Kerk na te volg in 'n leuen. Hoe kan dit wetties wees om יהוה se wil te doen? Shabbat is deel van Sy verbond met jou. Deur die Shabbat gee Hy nou reeds aan Sy kinders fisiese rus ook. Slegs die Gees van יהוה kan die Waarheid in jou hart vasmaak. Dit is deel van Sy verbond aan hulle wat deel het aan die Verbond.

**Doen slegs U wil, Vader in my.**
**U is die Pottebakker en weet die beste vir my.**
**Vader, ek begeer slegs U wil in my lewe.**

---

**7. Moet ons die feeste hou?** Net soos ons reeds gesien het dat nie een deel van die wet van die verbond weggeval het nie, net so ook vir die feeste. Dit is die eerste opdragte van יהוה aan Mosheh en die volk in die verbond. Vir 'n vollediger antwoord, lees ***"Feeste van die verbond."*** Hier gaan ons net kyk na die Nuwe Verbond se verwysings en gebruik.

<u>Ons Antwoord:</u>

Die eerste beginsel om te onthou, is dat gehoorsaamheid aan יהוה se opdragte nie wetties is nie. Dit is die doen van wette **sonder die vertrouensoortuiging**, wat wetties is.





**Yeshua het gesê: - As julle My lief het, sal julle My opdragte voortdurend gehoorsaam!! Yog 14:15**

**Ek vind geen opdrag, verwysing of aanduiding dat die feeste of die tye van die feeste verval of verander het nie - Lev 23:4.** Die tekste wat gewoonlik hiervoor gebruik word, word volledig in "Feeste van die verbond" beantwoord.

**Yeshua** het al die feeste nagekom en gevier **- Mat 12:8**; **Mar 1:21**; **Luk 22:8-22; Yog 2:23; Yog 5:1; Yog 7:37.**

**Die studentevolgelinge** van Yeshua het steeds die Fees van Shavu'ot (Fees van weke) gehou 50 dae na Sy opstanding: **Hand 2:1.**

**Sha'ul** het die feeste gehou: **Hand 18:21; Hand 20:16-; 1 Kor 16:8-.**

**1 Kor 5:8** "**So laat ons dan die fees hou**, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van boosheid en sonde nie, maar met die ongesuurde brode van opregtheid en waarheid."

As ons wil eerlik wees, moet ons erken dat die kinders van יהוה in die Nuwe Verbond nie opgehou het om die feeste te hou nie, selfs in Efese, waar nie net Jode was nie. Hoekom? **Dit is nooit afgeskaf nie.**

Volgens **Rom 14; 1 Kor 5:8; en Kol 2:16**, is dit gehou, maar as jy hierdie Bybelse feesdae nie uit vreugde, in deelname van wat יהוה vir Sy volk gegee het, doen nie, maar uit vrees deur wette wat jou oortuig het dat indien jy dit nie doen nie יהוה jou nie gaan aanvaar nie of omdat jy 'n nuwe wet op jouself geplaas het, gehoorsaam jy nie die Torah (leringe van יהוה) nie, maar plaas jy jouself onder wettiesheid en wettiesheid is 'n ander vorm van daardie kragtelose en elementêre geeste van die elemente, nie beter as die nie-gode wat agtergelaat is nie **- Gal 4:9**

As ons nie die vervulling deur Yeshua verstaan nie – dan is ons besig met dooie, afgestorwe rituele in plaas van om die volheid van Yeshua daardeur te vier soos wat יהוה se wil is. Ons moet die feeste vier as deel daarvan om Yeshua te vier en die oorwinning wat Hy reeds vir ons verwerf het, dan alleen het dit volle waarde en betekenis. Ons doen en gehoorsaam dus in VERTROUE.

Jy kan nie roem daarop as jy dit doen nie, want dit is net gehoorsaamheid - dit is wat ons veronderstel is om te doen. Jy mis dalk net iets wonderliks wat ek nie graag wil hê jy moet mis nie. Jy mis dalk 'n seën van יהוה. Jy sluit die hou van die feeste in as deel van jou ervaring van Yeshua en Sy

verlossing wat reeds gedoen is, sonder om dit te doen vir redding of guns.

Dit voeg niks by jou verlossing, wat jy reeds ontvang het, by nie, maar is die bewys van jou liefde deur gehoorsaamheid. **Jy mag dalk net die beloning vir gehoorsaamheid mis indien jy dit nie doen nie**. Dit sal wel jou verstaan van wat jy ontvang het en van die diepte van Sy liefde en watter ander redes יהוה ook vir jou wys, vergroot. Persoonlik is dit 'n wonderlike leringsinstrument om mense die diepte van hulle verhouding met Yeshua, ons Verlosser, beter te laat verstaan en ervaar. Hoekom het mense 'n probleem om die feeste van יהוה te vier en noem hul dit 'wetties' terwyl hulle heidense, nie-gode se feeste, soos Kersfees en 'Easter,' vier, sonder vrae?

**Wie is jou God, wie se feeste jy vier?**

Opsommend: Die feeste is God se prakties uitgebeelde bloudrukplan, van Sy betrokkenheid met ons as mens; vanaf Sy verlossing tot en met die wederkoms. Elke fees het 'n wonderlike, volledige lering oor Yeshua se vervulling daarvan en is die moeite werd om te bestudeer. Soos baie ervaar het, kan jou ervaring en verstaan van die werk van Yeshua, verdiep. Die boek, "Feeste van die verbond," sal al jou vrae hieroor kan beantwoord. Volgens ons is dit **steeds 'n opdrag, op Sy vasgestelde tye.**

8. **Die kos of reinheidswette.**

Ons Antwoord: Nie alle diere is geskep as "kos" nie en daarom is die koswette alles goed vir jou. Ek vind egter in die Skrif self dat יהוה reg deur die verbond die koswette volgens die mens se omstandighede en praktyk aangepas het vir dit wat kos is. Aan die begin gee יהוה die plante wat vrugte dra en hulle saad aan die mens om te eet **- Gen 1:29**. Na die vloed gee יהוה vleis aan die mens om te eet: van alles wat beweeg op aarde (wat Hy as kos gemaak het) en visse **- Gen 9:2,3**. Tog weet Noag klaar watter diere is rein en wat is inherent onrein = nie geskik vir eet nie - jy mag ook geen bloed eet nie. Dit beteken nie, jy móét vleis eet nie, maar jy mag dit doen. As jy besluit om nie vleis te eet nie, is dit jou besluit, maar dit word nie verbied nie. Later, toe Yisra'el deur die wildernis moes trek, word die diere genoem wat nie goed is om te eet nie. Hulle is steeds onrein en ongesond, al trek ons nie deur die wildernis nie, (Elkeen van die verbode diere het die wetenskap nou gevind, is nie so skoon om te eet nie, want dit is nie as kos geskep nie!) As jy kyk, sal





jy sien dit is meestal diere wat enige iets voor die voet eet en aasdiere. יהוה het dit gedoen om **Hom as afgesonderd** voor te stel sodat Yisra'el vir die nasies die getuienis kan gee van Sy afgesonderdheid. Dit gaan nie oor jou of wat jy kan doen nie. Dit het nog nooit verander nie, al was die redes vir "onrein" diere ook gesondheidsredes op sekere tye. יהוה is afgesonderd en word op 'n afgesonderde manier vereer en gedien; ook deur my kos. Dit is steeds so dat nie alle diere gesond is om te eet nie, soos die vark en volstruis.

**1 Tim 4:3 en 4** "...wat verbied om te trou en beveel dat die mense nie kos mag eet, **wat God geskep het om met dankbaarheid gebruik te word** deur die wat vertrou en die waarheid ken nie. **4** Want elke ding wat deur God geskep is, is goed en niks is verwerplik as dit met dankbaarheid ontvang word nie;"

Let asseblief mooi op dat **hy praat van kos wat geskep is om te eet -** nie onrein diere nie. Gifappels is ook geskep!

Daar is 'n verdere gedeelte wat bespreek moet word: God self kom wys 'onrein' diere aan Kefa. **Hy eet hulle nie** en verklaar self wat die rede vir die visioen was.

**Hand 10:28:** “en hy sê vir hulle: “Julle weet dat dit nie toegelaat word vir ’n Joodse man om met iemand van ’n ander volk te assosieer of om hom te besoek nie, maar God het my gewys dat ek geen mens vuil of onrein mag noem nie.”

Dit is die rede en betekenis vir die visioen en nie 'n verklaring van rein kos nie.

Ek is verantwoordelik vir my liggaam as tempel van die Lewende Skepper-God en mag niks onreins daarin toelaat nie. Sou jy 'n vark in die tabernakel van God ingebring het?? Die Skepper het elke dier met 'n doel geskep en daarom verklaar Hy aan Mosheh watter diere onrein is as kos. Hierdie diere, wat יהוה aan Mosheh as onrein verklaar het, is reeds vanaf die skepping en vanaf Noag as onrein beskou. Hoe anders het hy geweet watter diere om sewe van te vat? Die diere wat onrein is as kos, is deur God geskep vir 'n ander doel. Dit is ons standpunt, **Yes 66:17.**

Let ook op die **volledige leer** oor enige saak en nie net een verwysing nie. Ek glo ook daar is heelwat meer hieroor te sê vir volwasse kinders van Vader. Ons is geroep om rein en afgesonderd voor Vader te leef in alles - kom ons doen dit.

## Samevattend

Die God van die Verbond, יהוה, is Ewig, Een, Onveranderlik, Afgesonderd en Sy verbond met die mens dra Sy Karakter en Outoriteit. In Sy onverdiende guns het יהוה 'n verbondsverhouding met die mens aangegaan. Hy openbaar Homself aan ons sodat ons **Hom kan ken (verbondsverhouding kan hê)** en daarom kan gehoorsaam. Sy verbond met ons is in stappe openbaar sodat ons die volheid daarvan in Yeshua kan verstaan. Hy het die geestelike waarhede in praktiese, fisiese metodes vir ons kom wys. Die metodes is nie waarop die klem moet val nie, maar deur die fisiese tekens, soos die feeste, verstaan ons die diepte van die verlossingswerk en Afsondering wat יהוה ons aanbied.

Sy verbond is met jou, as jy dit aanvaar deur 'n verandering van gees te ondergaan - wedergeboorte - en Sy Gees toelaat om in jou te heers - gehoorsamheid -, dan kan ons in volle vreugde die teken van die verbond saam met Hom geniet: die herdenking van die dood en bloed van Yeshua aan die kruis deur die vrug van die druif en van Sy liggaam deur die ongesuurde brood.

שְׁמַע יִשְׂרָאֵל יהוה אֱלֹהֵינוּ יהוה אֶחָד

"Sh'ma Yisra'el Yahuah Eloheinu Yahuah egad."

"Luister, hoor en doen, oor wie Hy heers as Magtige God (Yisra'el),
Yahuah is ons God, Yahuah is Een."

Maak seker u lees en kyk na die volgende deur dieselfde skrywer:

Sommige leringe is ook in Engels beskikbaar.
Feeste van die Verbond.
DVD reeks oor die Wet
DVD oor Sy Naam
DVD oor die Aramese oorsprong van die Nuwe Verbond.
Hierdie en ander op Youtube by Die Pad van Waarheid tot die Lewe.

Gerrie C Coetzee
gerrie@padwlewe.ch
www.padwlewe.ch